

6144 114 41

U.O.V.S. BIBLIOTEK

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE  
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

University Free State



34300001322571

Universiteit Vrystaat

**DIE VERBAND TUSSEN FORTIGENE FAKTORE EN  
PSIGOLOGIESE WELSTAND BY SAPD-LEDE IN  
HOËRISIKO-EENHEDE**

deur

**Henry William Taylor**

B.Sc. (Hons) Sielkunde

Skripsie

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

**MAGISTER SCIENTIAE  
(VOORLIGTINGSIELKUNDE)**

in die Fakulteit  
**NATUURWETENSKAPPE**  
(Departement Sielkunde)

aan die  
**Universiteit van die Vrystaat**


Studieleier: Dr. H.S. van den Berg

Medestudieleier: Mev. R. Botha

**BLOEMFONTEIN**

November 2002

Ek verklaar dat die skripsie wat hierby vir die graad M.Sc Voorligtingsielkunde aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van outeursreg op die skripsie ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

  
-----  
Henry William Taylor

21-02-2003  
Datum

# BEDANKINGS

---

**Aan my Hemelse Vader vir Sy liefde, krag en genade.**

Aan die volgende persone my opregte dank:

- My studieleier, **Dr. H.S. van den Berg**, vir u bekwame en professionele leiding en ook vir die besondere persoon wat u is.
- My mede-studieleier, **Mev. R. Botha**, vir u ondersteuning, hulp en tegemoetkoming.
- **Dr. K.G.F. Esterhuyse**, vir u hulp met die statistiese verwerkings.
- **Johan Victor**, vir jou hulp met die afneem van die vraelyste in die Oos-Vrystaat.
- **Marina Bezuidenhoudt**, vir jou hulp met die tikwerk en die finale uitleg en uitdruk van die manuskrip.
- **Alle respondente** van die hoërisiko-eenhede vir julle samewerking en deelname aan hierdie navorsing ten spyte van 'n besige werkskedule.
- **Lede van my familie en spesiale vriende** vir julle belangstelling, ondersteuning en motivering.
- **My kollegas van die SAPD : Hulpprofessies**, vir julle deurlopende belangstelling, aanmoediging, begrip en tegemoetkoming.
- **My ouers** vir julle deurlopende belangstelling, opofferings, ondersteuning, bemoediging en gebede deur al my studiejare.



Hierdie navorsingstudie word opgedra aan al die toegewyde, dapper en selfopofferende lede van die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD).

# OPSOMMING

---

## DIE VERBAND TUSSEN FORTIGENE FAKTORE EN PSIGOLOGIESE WELSTAND BY SAPD-LEDE IN HOËRISIKO-EENHEDE

*Sleutelterme: Positiewe sielkunde, salutogenese, fortigenese, psigofortologie, psigologiese welstand, lewenstevredenheid, coping, copinghulpbronne, Suid-Afrikaanse Polisie diens (SAPD).*

Die werk van polisiebeamptes word universeel as baie stresvol beskou. Polisiebeamptes word dikwels beskryf as sekondêre slagoffers weens hulle daaglikse blootstelling aan kritiese insident stressore. Die onsuksesvolle coping met hierdie stressore het 'n negatiewe impak en effek, nie slegs op die individuele polisiebeampte nie, maar ook op sy gesin, die SAPD as organisasie en die breër gemeenskap. Ten spyte hiervan slaag sekere polisiebeamptes daarin om hierdie stresvolle werksomstandighede suksesvol te hanteer en psigologiese welstand te handhaaf. Konstruksie vanuit die positiewe sielkundige en psigofortologiese metaperspektiewe, is gebruik as teoretiese raamwerk vir hierdie studie. Psigologiese welstand word bevorder deur die voorkoms van psigologiese sterktes binne die individu asook eksterne hulpbronne vanuit die omgewing. Die doelstelling van hierdie navorsingstudie was om ondersoek in te stel na die verband tussen verskillende interne disposisionele faktore sowel as eksterne kontekstuele faktore en die psigologiese welstand van polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede. Die bydrae van fortigene faktore soos persoonlike bevoegdheid, selfbeoordeling, beoordeling van gesinsondersteuning, beoordeling van algemene sosiale ondersteuning, koherensiesin, copingstrategieë asook enkele demografiese veranderlikes, is by die ondersoek ingesluit.

Die ondersoekgroep het bestaan uit 90 polisiebeamptes in die Vrystaat Provinsie, met ouderdomme wat wissel tussen 20 en 51 jaar met ongeveer 6½ jaar ervaring in 'n hoërisiko-eenheid. Meeste van die respondente was manlik (86.67%), getroud (75.56%) en met die rang van inspekteur (73.33%). Bykomend tot 'n biografiese vraelys wat

inligting rakende geslag, huistaal en huwelikstatus verskaf het, is vyf addisionele vraelyste in hierdie studie gebruik om die verband tussen fortigene faktore en die psigologiese welstand van die ondersoekgroep te bepaal. Psigologiese welstand is gemeet met die Lewenstevredenheidskaal. Die reeds genoemde fortigene veranderlikes is gemeet met die Persoonlikebevoegdheid-skaal, die Fortaliteitsvraelys, Koherensiesinvraelys en die COPE-Vraelys. Pearson se korrelasies is gebruik om die verband tussen die veranderlikes te bepaal. Hiërargiese regressie-ontledings is uitgevoer om die proporsie van die variansie in lewenstevredenheid wat deur die voorspeller veranderlikes verklaar word, te bepaal.

In die resultate is betekenisvolle positiewe verbande aangetoon tussen persoonlike bevoegdheid, selfbeoordeling, beoordeling van gesinsondersteuning, beoordeling van algemene sosiale ondersteuning asook koherensiesin en die psigologiese welstand (lewenstevredenheid) van polisiebeamptes. Die voorspeller veranderlikes het gesamentlik ongeveer 41% van die variansie in psigologiese welstand by die ondersoekgroep verklaar. Die resultate van die regressie-ontledings het 'n prakties betekenisvolle korrelasie van medium effekgrootte tussen persoonlike bevoegdheid en psigologiese welstand getoon, terwyl prakties betekenisvolle korrelasies van klein effekgrootte gevind is tussen huwelikstatus, beoordeling van algemene sosiale ondersteuning asook probleem-gefokusde coping en psigologiese welstand. Hierdie veranderlikes dien dus as beduidende voorspellers van psigologiese welstand by polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede. Op grond van die resultate is die aanbeveling gemaak dat hierdie fortigene faktore ingesluit word in die keuring van lede vir hoërisiko-eenhede. Hierdie bevindinge kan ook gebruik word in die ontwikkeling en implementering van intervensieprogramme binne die SAPD.

# SUMMARY

---

## THE RELATIONSHIP BETWEEN FORTIGENIC FACTORS AND PSYCHOLOGICAL WELL-BEING AMONG SAPS MEMBERS IN HIGH-RISK UNITS

***Key terminology: Positive psychology, salutogenesis, fortigenesis, psychofortology, psychological well-being, satisfaction with life, coping, coping resources, South African Police Service (SAPS).***

The work of police officials is universally regarded as highly stressful. Police officials are often described as secondary victims because of their daily exposure to critical incident stressors. The unsuccessful coping with these stressors have a negative impact and effect, not only on the individual police official, but also on his family, the SAPS as an organisation, and the community at large. In spite of this some police officials manage to successfully handle their stressful work environment and maintain psychological well-being. Constructs from the positive psychological and psychofortological metha-perspectives were used as the theoretical framework for this research study. Psychological well-being is enhanced through the existence of psychological strengths from within the individual as well as resources from the environment. The objective of this research study was to ascertain the relationship between different internal dispositional factors as well as external contextual factors and the psychological well-being of police officials in high-risk units. The contribution of fortigenic factors like personal competence, self appraisal, appraisal of family support, appraisal of general social support, sense of coherence, copingstrategies as well as a few demographic variables, were included in the research.

The group investigated consisted of 90 police officials in the Free State Province, between the ages of 20 and 51 years with 6½ years of experience in a high-risk unit. Most of the respondents where male (86.67%), married (75.56%) and of the rank of inspector (77.33%). In addition to a biographical questionnaire, which provided

information regarding gender, home language, and marital status, five additional questionnaires were used in this study to determine the relationship between fortigenic factors and the psychological well-being of the research group. Psychological well-being was measured with The Satisfaction of Life Scale. The previously mentioned fortigenic variables were measured with the Personal Competence Scale, the Fortitude Questionnaire, the Sense of Coherence Scale, and the COPE Questionnaire. Pearson's correlations were used to determine the relationship between variables. Hierarchical regression analysis was conducted to determine the proportion of variance of satisfaction with life that is explained by the predictor variables.

The results indicated significant positive relationships between personal competence, self appraisal, appraisal of family support, appraisal of general social support as well as sense of coherence and psychological well-being (satisfaction of life) of police officials. The predictor variables together accounted for nearly 41% of the variance in psychological well-being of the research group. The results of the regression analysis showed that a practically significant correlation of medium effect size exists between personal competence and psychological well-being, while practically significant correlations of small effect size were found between marital status, appraisal of general social support as well as problem-focussed coping and psychological well-being. Thus these variables serve as significant predictors of psychological well-being of police officials in high-risk units. Based on the results, it was recommended that these fortigenic factors be included in the selection of members for high-risk units. These findings can also be used in the development and implementation of intervention programmes within the SAPS.

# INHOUDSOPGWE

## Bladsy

### Hoofstuk 1

INLEIDING EN OORSIG	1
1.1 Agtergrond	1
1.2 Probleemstelling	3
1.3 Doelstellings van die studie	4
1.4 Hoofstukindeling	5
1.5 Samevatting	7

### Hoofstuk 2

POSITIEWE SIELKUNDE, PSIGOLOGIESE WELSTAND, COPING EN COPINGHULPBRONNE	8
2.1 Inleiding	8
2.2 Die positiewe sielkunde	8
2.2.1 Inleiding	8
2.2.2 Die oorsprong en omskrywing van die positiewe sielkunde as metateoretiese perspektief	8
2.2.3 Definiëring en omskrywing van die kontruk positiewe sielkunde	10
2.3 Die salutogene paradigma en die fortigene/psigofortologiese metaperspektiewe van gesondheid en welstand	11
2.3.1 Inleiding	11
2.3.2 Die salutogene paradigma	12
2.3.2.1 Ontstaan en omskrywing van salutogenese	12
2.3.2.2 Kenmerke van die salutogene paradigma	13
2.3.3 Fortigenese en psigofortologie as metaperspektiewe van menslike funksionering en gesondheid	14
2.3.3.1 Fortigenese as metaperspektief van gesondheid en welstand	14
2.3.3.2 Psigofortologie as metaperspektief van welstand	15
2.3.3.3 Samevatting	15
2.4 Psigologiese welstand	16
2.4.1 Inleiding	16
2.4.2 Konseptualisering van psigologiese welstand	16
2.4.3 Modelle van psigologiese welstand	17
2.4.3.1 Ryff (1989) se multidimensionele model van psigologiese welstand	17



2.4.3.2	Witmer en Sweeney (1992) se holistiese model van welstand	18
2.4.3.3	'n Multikomponent model van psigologiese welstand	20
2.4.3.4	Die geïntegreerde konseptuele model van gesondheid en welstand	23
2.4.3.5	Die multifaktoriale aard van psigologiese welstand (Wissing & Van Eeden, 1998)	25
2.4.4	Persoonlike disposisies en moderatorveranderlikes geassosieer met psigologiese welstand	27
2.4.4.1	Lewenstevredenheid	28
2.4.4.2	Positiewe affek en negatiewe affek	29
2.4.4.3	Sosiodemografiese veranderlikes	30
2.5	Coping	32
2.5.1	Inleiding	32
2.5.2	Definisie en omskrywing	32
2.5.3	Copingmodelle	33
2.5.3.1	Die kognitiewe-transaksionele model van stres en coping	33
2.5.3.2	Die ekologiese kongruensie model van stres en coping	33
2.5.3.3	Samevatting	35
2.5.4	Copinghulpbronne en die verband daarvan met welstand	35
2.5.4.1	Inleiding	35
2.5.4.2	Interne copinghulpbronne	36
2.5.4.2.1	Koherensiesin	36
2.5.4.2.2	Fortaliteit	38
2.5.4.2.3	Persoonlikheidsgehardheid	39
2.5.4.2.4	Persoonlike bevoegdheid, selfvertroue, selfdoeltreffendheid en optimisme	39
2.5.4.3	Eksterne copinghulpbronne	41
2.5.4.3.1	Sosiale ondersteuningsbronne	41
2.5.4.3.2	Materiële hulpbronne	42
2.5.4.4	Samevatting	43
2.6	Copingstrategieë en die determinante daarvan	44
2.6.1	Copingstrategieë	44
2.6.2	Determinante wat copingstrategieë beïnvloed	46
2.6.2.1	Persoonlikheidsdisposisies	46
2.6.2.2	Sosiodemografiese veranderlikes	48
2.6.2.3	Samevatting	49
2.7	Samevatting	49

### Hoofstuk 3

## DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS 50

### 3.1 Inleiding 50

3.2	Die dimensionaliteit van polisiestressore	51
	3.2.1 Makro-faktore	52
	3.2.2 Meso-faktore	55
	3.2.3 Mikro-faktore	57
3.3	Die manifestasies van stres by polisiebeamptes as gevolg van onsuksesvolle coping	63
	3.3.1 Die effek op die polisiebeampte as individu	63
	3.3.2 Die effek op die gesin van die polisiebeampte	66
	3.3.3 Die effek op die Polisie diens as organisasie	67
	3.3.4 Die effek op die breër gemeenskap	68
3.4	Psigologiese welstand en die voorspellers daarvan by polisiebeamptes	69
	3.4.1 Inleiding	69
	3.4.2 Psigologiese welstand van polisiebeamptes	69
	3.4.3 Die voorspellers van psigologiese welstand by polisiebeamptes	71
	3.4.3.1 Disposisionele, psigofortigene faktore	71
	3.4.3.2 Sosiale ondersteuning	73
	3.4.4 Coping van polisiebeamptes	75
	3.4.4.1 Inleiding	75
	3.4.4.2 Taksering van stres en benutting van copingstrategieë	75
	3.4.4.3 Tipes copingstrategieë en die invloed daarvan op welstand	76
	3.4.4.4 Copingstrategieë van die SAPD-lede	78
3.5	Samevatting	78

## Hoofstuk 4

METODE VAN ONDERSOEK	80
4.1 Inleiding	80
4.2 Die doel van die ondersoek	80
4.2.1 Navorsingsvraag	80
4.3 Die navorsingsontwerp	81
4.4 Die ondersoekgroep	81
4.4.1 Geslag	82
4.4.2 Huistaal	83
4.4.3 Huwelikstatus	84
4.4.4 Ander biografiese veranderlikes	85
4.5 Kriteria- en voorspeller veranderlikes	86
4.5.1 Kriteria vir die voorspelling van psigologiese welstand	86
4.5.2 Voorspellingsveranderlikes	86
4.6 Meetinstrumente	87
4.6.1 Die Biografiese vraelys	87
4.6.2 Die Lewenstevredenheidskaal / Satisfaction with Life Scale (SWLS)(Diener, Emmons, Larsen & Griffen, 1985)	87



4.6.2.1	Ontwikkeling en rasionaal	87
4.6.2.2	Aard en administrasie	88
4.6.2.3	Betroubaarheid en geldigheid	88
4.6.2.4	Motivering vir gebruik	89
4.6.3	Die Persoonlikebevoegdheid-skaal (PBS) / Personal Competence Scale (Campbell, Converse, Miller & Stokes, 1960)	89
4.6.3.1	Ontwikkeling en rasionaal	89
4.6.3.2	Aard en administrasie	89
4.6.3.3	Betroubaarheid en geldigheid	90
4.6.3.4	Motivering vir gebruik	90
4.6.4	Die Fortaliteitsvraelys / The Fortitude Questionnaire (FORQ) (Pretorius, 1997)	91
4.6.4.1	Ontwikkeling en rasionaal	91
4.6.4.2	Aard en administrasie	91
4.6.4.3	Betroubaarheid en geldigheid	92
4.6.4.4	Motivering vir gebruik	92
4.6.5	Die Koherensiesin vraelys / Sense of Coherence Scale (SOC) (Antonovsky, 1987)	93
4.6.5.1	Ontwikkeling en rasionaal	93
4.6.5.2	Aard en administrasie	93
4.6.5.3	Betroubaarheid en geldigheid	94
4.6.5.4	Motivering vir gebruik	94
4.6.6	Die COPE-Vraelys / The COPE-Questionnaire (COPE) (Carver, Scheier & Weintraub, 1989)	95
4.6.6.1	Ontwikkeling en rasionaal	95
4.6.6.2	Aard en administrasie	95
4.6.6.3	Betroubaarheid en geldigheid	97
4.6.6.4	Motivering vir gebruik	98
4.7	Navorsingsprosedure	98
4.8	Statistiese prosedure	99
4.9	Samevatting	101

## Hoofstuk 5

RESULTATE EN INTERPRETASIE	103	
5.1	Inleiding	103
5.2	Beskrywende statistiek	103
5.3	Beduidendheid van geslagsverskille, taalverskille en huwelikstatusverskille wat betref lewenstevredenheid	109
5.4	Resultate van die hiërargiese regressie-ontledings	110
5.4	Samevatting	113

## Hoofstuk 6

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	115
6.1 Inleiding	115
6.2 Doelstellings van die ondersoek	116
6.3 Samevattende bespreking van gevolgtrekkings	116
6.3.1 Die metaperspektiewe en die polisiebeampte werksaam in hoërisiko-eenhede	117
6.3.2 Psigologiese welstand en die polisiebeampte werksaam in hoërisiko-eenhede	118
6.3.3 Psigofortigene faktore en psigologiese welstand by polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede	119
6.4 Tekortkominge van die studie en aanbevelings vir verdere navorsing	128
6.4.1 Tekortkominge van die studie	128
6.4.2 Aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing	129

## VERWYSINGSLYS

## LYS VAN TABELLE EN FIGURE

---

<b>Tabel:</b>	<b>Bladsy</b>
2.1: Komponente van subjektiewe welstand	22
4.1: Frekwensieverspreiding van die onderzoekgroep volgens geslag	82
4.2: Frekwensieverspreiding van die onderzoekgroep volgens huistaal	83
4.3: Frekwensieverspreiding van die onderzoekgroep volgens huwelikstatus	84
5.1: Gemiddeldes en standaardafwykings van die kriterium- en voorspeller veranderlikes vir die totale onderzoekgroep	103
5.2: Gemiddelde tellings ten opsigte van die 14 strategieë van die COPE-Vraelys vir drie afsonderlike onderseke groepe	108
5.3: Gemiddelde lewensvredeneidstellings vir die onderskeie kategorieë van die drie biografiese veranderlikes	109
5.4: Interkorrelasies tussen voorspeller- en kriteriumveranderlikes	110
5.5: Bydraes van die verskillende fortigene faktore tot die verklaring van die variansie in lewensvredeneid van SAPD-lede	112
<b>Figure:</b>	<b>Bladsy</b>
2.1: Die wiel van welstand en voorkoming	20
2.2: 'n Model van die wisselwerking tussen konteks, coping en aanpassing	24
4.1: Frekwensieverspreiding van die onderzoekgroep volgens geslag	82
4.2: Frekwensieverspreiding van die onderzoekgroep volgens huistaal	84
4.3: Frekwensieverspreiding van die onderzoekgroep volgens huwelikstatus	85

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING EN OORSIG

### 1.1 AGTERGROND

Gedurende die twintigste eeu is die sielkunde en ander gesondheidsdissiplines grootliks gedomineer deur die biomediese model van gesondheid. Die biomediese model berus op die patogene paradigma wat die oorsaak van siekte en die aanwesigheid van patologie beklemtoon (Brannon & Feist, 1997). Dit blyk dat sielkundiges in aansluiting by die patogene paradigma, in hul navorsing meer gefokus het op siekte as gesondheid. In die verband wys Myers (2000) dat 'n elektroniese naspeuring van sielkundige abstrakte sedert 1887, 8 072 artikels oor woede, 57 800 oor angs en 70 856 oor depressie opgelewer het. In teenstelling hiermee het slegs 851 abstrakte melding gemaak van vreugde, 2 958 van geluk en 5 701 van lewensvreugde. In reaksie hierop het verskeie medici, sielkundiges asook sosioloë die waarde van die biomediese model begin bevraagteken. Schiebush (1996) wys daarop dat pogings aangewend is om 'n nuwe definisie van gesondheid te konseptualiseer waarvolgens gesondheid nie slegs as die afwesigheid van siekte gesien word nie, maar eerder as die aanwesigheid van positiewe aspekte van welstand.

In sy salutogene model van gesondheid, waarin koherensiesin die sentrale konstruksie vorm, bied Antonovsky (1979, 1987) 'n nuwe benadering tot die konseptualisering van menslike gesondheid. Hiervolgens wys hy daarop dat menslike gesondheid en welstand eerder as 'n kontinuum beskou moet word waarvan gesondheidsgesteldheid en gesondheidsongesteldheid die twee teenpole vorm. Strümpfer (1995) het hierop uitgebrei en die begrip fortigenese ontwikkel. Volgens Strümpfer impliseer die begrip fortigenese 'n omvattender, meer holistiese benadering ten opsigte van die individuele posisie op die siekte-gesondheid kontinuum. In aansluiting hierby wys Van Velden (2001) daarop dat daar in ooreenstemming met die filosofie van die post-modernistiese benadering tot gesondheid, terugbeweeg word na 'n holistiese beskouing van menslike

welstand. In teenstelling met die fokus op siekte, neem holistiese gesondheid die persoon in geheel in aanmerking asook die persoon se interaksie met sy omgewing. Hierdie interaksie tussen persoonlike en interpersoonlike faktore word ook deur Pretorius (1997), soos wat dit neerslag vind in sy konstruk van fortaliteit, beklemtoon. Fortaliteit behels 'n beoordeling van die self, beoordeling van gesinsondersteuning en beoordeling van algemene sosiale ondersteuning en dien volgens Pretorius (1997) as goeie voorspeller van psigologiese welstand.

Die klemverskuiwing ten opsigte van die definisie van menslike gesondheid kom sterk na vore in navorsing aangaande stres. Die psigofortigene paradigma gaan van die veronderstelling uit dat stres onvermydelik is en dat geen omgewing daarop kan aanspraak maak om totaal stresvry te wees nie (Antonovsky, 1987). Die psigofortigene paradigma probeer die vraag antwoord "Waarom bly sekere individue ten spyte van stresvolle omstandighede, steeds psigologies gesond?". In die verband wys Viviers (1999) daarop dat daar na sodanige individu, wat optimaal funksioneer ten opsigte van die hantering van die lewe en veral meegaande stres, as 'n salutogeniese mens verwys kan word.

Die werksomstandighede van lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) word veral as 'n hoë stresomgewing voorgehou. Verskeie navorsers waaronder Koortzen (1996) en Kroes (1976) wys op die stresvolle aard van polisiewerk en die dimensionaliteit van polisiestressore. Verder wys Nel (1998) daarop dat die Suid-Afrikaanse polisiebeampte verskeie rolle vervul waartydens hulle aan grusame en angswekkende situasies soos skietvoorvalle, geweld, verminkte liggame van slagoffers en selfs die gewelddadige afsterwe van kollegas blootgestel word. Bykomend hiertoe verskil die werksmilieu van die Suid-Afrikaanse polisiebeampte ten opsigte van die sosiale, politieke en ekonomiese problematiek van die land, van diè van ander wêreldlande (Koortzen, 1996). Die voorkoms van hierdie politieke en sosiale transformasie in Suid-Afrika stel die polisiebeampte volgens Nel (1998) bloot aan 'n toenemende siklus van geweld. Dit is veral polisielede werkzaam by bepaalde hoërisiko-eenhede wat op 'n deurlopende grondslag aan stresvolle en

weersinwekkende gebeure blootgestel word. Ten spyte van hierdie daaglikse blootstelling aan stresvolle en traumatiese gebeure, blyk dit uit die statistiek van die Sielkundige Dienste van die SAPD (SAPD, 2001, 2002) dat lede van die hoërisiko-eenhede nie 'n hoër insidensie van stresverwante siektesimptomatologie as ander funksionele polisiebeamptes toon nie. Hierdie studie sluit aan by die psigofortigene paradigma en die vraag ontstaan, vervolgens : "Wat stel hierdie polisiebeamptes in staat om ten spyte van hul stresvolle beroeps- en lewensomstandighede, steeds 'n mate van psigologiese welstand te handhaaf?"

## **1.2 PROBLEEMSTELLING**

Volgens Seligman en Csikszentmihalyi (2000) het sielkundiges oor 'n tydperk van ongeveer 50 jaar tot die besef gekom dat die patogene model hulle nie met voldoende antwoorde toegerus het ten opsigte van die voorkoming van ernstige probleemareas soos die hantering van stresvolle lewensomstandighede nie. Die grootste deurbraak in dië verband was die gevolg van die fokus wat geplaas is op die versterking van bevoegdheid en kragte binne die individu, in teenstelling met die korrigering van swakhede. Verskeie studies vanuit 'n psigofortigene paradigma is die afgelope aantal jare binne die Suid-Afrikaanse konteks geloods (Coetzee & Rothmann, 1999; Pretorius, 1997; Pretorius & Rothmann, 2001; Strümpfer & Bands, 1996) asook binne die SAPD as teikenpopulasie (Engelbrecht, 1999; Jansen van Vuuren, 2000; Rothmann & Agathagelou, 2000; Rothmann & Strijdom, 2002). Die leemte van sommige van hierdie studies is geleë in die feit dat die kriteriumveranderlikes van hierdie studies steeds fokus op die patogene paradigma, byvoorbeeld die aanwesigheid al dan nie van konstruksie soos psigosomatiese siektesimptomatologie. Gesondheid is dus steeds gedefinieer as die afwesigheid van siekte of psigologiese disfunksie. Hierdie studie vind aansluiting by, maar brei ook hierop uit en fokus op die teenwoordigheid van 'n positiewe uitkoms naamlik psigologiese welstand. Betreklik min studies wat slegs vanuit 'n positiewe sielkundige benadering geskied, word in die literatuur gevind.

Dit blyk uit die literatuur dat sekere individue beter in staat is om stresvolle

lewensomstandighede te hanteer. Ten spyte van die feit dat SAPD-lede binne 'n stresvolle werkomgewing funksioneer, is min navorsingspogings aangewend om te verklaar hoe polisiebeamptes cope ten einde hierdie stresvolle omstandighede te bowe te kom. In die lig van bogenoemde sou die hipotese geformuleer kon word dat polisiebeamptes wat oor fortigene sterktes beskik en van effektiewe copingstrategieë gebruik maak, in staat behoort te wees om beroepspanning suksesvol te hanteer en oor hoër vlakke van psigologiese welstand te beskik. Hierdie hipotese en aanverwante vrae is nog nie in die Suid-Afrikaanse konteks met spesifieke verwysing na die SAPD ondersoek nie. Die huidige studie sal dus vanuit 'n psigofortigene benadering onderneem word en daar sal ondersoek ingestel word na die invloed van persoonlike en interpersoonlike faktore soos persoonlike bevoegdheid, selfbeoordeling, beoordeling van gesinsondersteuning, beoordeling van algemene sosiale ondersteuning, koherensiesin en copingstrategieë op die vlak van psigologiese welstand van SAPD-lede in hoërisiko-eenhede. Bykomend hiertoe sal die bydrae van 'n aantal demografiese moderatore soos geslag, huistaal asook huwelikstatus, ook verreken word.

### 1.3 DOELSTELLINGS VAN DIE STUDIE

Die volgende spesifieke doelstellings word vir hierdie ondersoek gestel :

- ❑ Om ondersoek in te stel na die vlak van psigologiese welstand van SAPD-lede wat werkzaam is in bepaalde hoërisiko-eenhede.
- ❑ Om die invloed van interne disposisionele faktore asook eksterne kontekstuele faktore, soos persoonlike bevoegdheid, selfbeoordeling, beoordeling van gesinsondersteuning, beoordeling van algemene sosiale ondersteuning, koherensiesin, copingstrategieë asook enkele demografiese moderatore op die vlak van psigologiese welstand van SAPD-lede in hoërisiko-eenhede, te ondersoek.
- ❑ Om aan die oproep tot die uitvoer van sielkundige navorsing vanuit die

psigofortigene paradigma te beantwoord.

Die bydrae van hierdie ondersoek, is daarin geleë dat dit die bestaande literatuur ten opsigte van psigofortologie kan uitbrei, veral in die lig van die beperkte inligting wat daar ten opsigte van die copingstrategieë van polisiebeamptes binne die Suid-Afrikaanse konteks bestaan. Indien die veranderlikes wat in die studie gebruik is, psigologiese welstand beduidend kan voorspel, sou sodanige veranderlikes ingesluit kon word in die keuringsbattery van lede vir hoërisiko-eenhede binne die SAPD. 'n Verdere bydrae van die studie is geleë in die voorkomende rol wat dit kan speel ten opsigte van spesifieke planmatige ontwikkelings- en terapeutiese intervensieprogramme wat op grond van die bevindinge van die studie, ontwikkel sou kon word ten einde die psigologiese welstand van lede binne die SAPD te verbeter.

#### **1.4 HOOFSTUKINDELING**

Hierdie studie bestaan uit twee dele naamlik die literatuurstudie en die empiriese ondersoek. Die uitleg van die studie is as volg :

##### **□ Hoofstuk 2 : Positiewe sielkunde, psigologiese welstand, coping en copinghulpbronne**

Dië hoofstuk word ingelei deur 'n omskrywing van die konstruk positiewe sielkunde as metateoretiese rasionaal vir hierdie ondersoek. Die salutogene paradigma asook fortigenese/psigofortologie as metaperspektiewe binne die positiewe sielkunde, word vervolgens toegelig. Hierna word die konstruk psigologiese welstand omskryf en aan die hand van holistiese modelle verder gekonseptualiseer. Die rol wat verskeie persoonlike disposisionele faktore asook eksterne kontekstuele faktore ten opsigte van psigologiese welstand speel, word voorts verhelder. Ten slotte word die konstruk coping asook copinghulpbronne, aan die hand van die rol daarvan ten opsigte van psigologiese welstand bespreek.



### ☐ **Hoofstuk 3 : Die Suid-Afrikaanse Polisie diens**

Hierdie hoofstuk begin met 'n omskrywing van die beroepskonteks van die spesifieke bevolkingsgroep waarop die navorsing gerig is, naamlik die SAPD. Die dimensionaliteit van polisiestressore word vervolgens bespreek. Dit word gevolg deur 'n beskrywing van die manifestasies en effek van onsuksesvolle hantering van hierdie stressore. Hierna word lig gewerp op die psigologiese welstand van polisiebeamptes, waarna die hoofstuk afgesluit word met 'n bespreking van die interne sowel as eksterne copinghulpbronne wat 'n rol speel in die psigologiese welstand van polisiebeamptes.

### ☐ **Hoofstuk 4 : Metode van ondersoek**

Hoofstuk vier verskaf 'n uiteensetting van die metode van ondersoek wat in hierdie studie gevolg is. Eerstens word die navorsingsvraag, die ondersoekgroep, die kriteria vir die insluiting van die kriterium- en voorspeller veranderlikes sowel as die meetinstrumente wat gebruik is, bespreek. Vervolgens word die prosedure vir die insameling van gegewens bespreek en die hoofstuk word afgesluit met 'n uiteensetting van die statistiese prosedure wat gevolg is.

### ☐ **Hoofstuk 5 : Resultate en interpretasie**

In hierdie hoofstuk vind 'n bespreking van die resultate plaas. Die resultate van die empiriese ondersoek word in die vorm van beskrywende statistiek weergegee en aan die hand van die statistiese prosedure wat gebruik is, verder verklaar.

### ☐ **Hoofstuk 6 : Gevolgtrekkings en aanbevelings**

Die gevolgtrekkings wat uit die resultate voortvloei het, word in hierdie hoofstuk aan die hand van die literatuur bespreek. Die navorsingstudie sluit af met 'n oorsig van die tekortkominge van die studie asook aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing.

## 1.5 SAMEVATTING

Die eerste hoofstuk het 'n oorsig verskaf van die doel en noodsaaklikheid van die studie asook 'n kort oorsig ten opsigte van die verdere verloop en hoofstukindeling van hierdie ondersoek. In die volgende hoofstuk word 'n literaturoorsig verskaf aangaande die konstruerte positiewe sielkunde, psigologiese welstand, coping en copinghulpbronne asook die dimensies en voorspellers daarvan.

## **HOOFSTUK 2**

### **POSITIEWE SELKUNDE, PSIGOLOGIESE WELSTAND, COPING EN COPINGHULPBRONNE**

#### **2.1 INLEIDING**

In hierdie hoofstuk word 'n oorsig aangebied oor die domein van die positiewe sielkunde en belangrike konstrakte soos salutogenese, psigofortigenese, psigologiese welstand, coping en copinghulpbronne wat die kern daarvan vorm, word bespreek. Positiewe sielkunde vorm die metateoretiese raamwerk en breë rasionaal vir hierdie ondersoek en word vervolgens bespreek.

#### **2.2 DIE POSITIEWE SELKUNDE**

##### **2.2.1 INLEIDING**

In hierdie afdeling word 'n kort oorsig verskaf van die oorsprong en noodsaaklikheid van die positiewe sielkunde as metateoretiese perspektief. Dit word opgevolg met 'n definiëring en omskrywing van die begrip positiewe sielkunde.

##### **2.2.2 DIE OORSPRONG EN OMSKRYWING VAN DIE POSITIEWE SELKUNDE AS METATEORETIESE PERSPEKTIEF**

Die positiewe sielkunde het sy ontstaan te danke aan die feit dat verskeie medici, sielkundiges asook sosioloë die beperkte waarde van die biomediese model van gesondheid begin bevraagteken het (Antonovsky, 1979,1987; Strümpfer,1990). Die biomediese model berus op die patogene paradigma wat die oorsaak van siekte en die aanwesigheid van patologie beklemtoon (Brannon & Feist, 1997). In die verband wys Seligman (1998) in sy voorsittersrede as president van die Amerikaanse Sielkundige Assosiasie (APA) asook Seligman en Csikszentmihalyi (2000) daarop dat sielkunde

sedert die tweede Wêreldoorlog, oormatig gefokus het op die herstel van skade binne hierdie siekte-model van menslike funksionering. Die empiriese fokus van die sielkunde het verskuif na die assessering en genesing van individuele lyding, soos wat dit na vore tree in navorsing ten opsigte van psigologiese versteurings en die negatiewe effek van omgewing-stressore.

Seligman en Csikszentmihalyi (2000) wys daarop dat sielkundiges in die afgelope 50 jaar tot die besef gekom het dat die siekte-model in gebreke gebly het om sielkundiges nader te bring aan 'n oplossing ten opsigte van die voorkoming van ernstige lewensprobleme. Hierdie eksklusiewe fokus op siekte en patologie het volgens Seligman (1998) asook Seligman en Csikszentmihalyi geresulteer in 'n model van die mens as 'n wese wat nie oor die nodige positiewe eienskappe beskik ten einde die lewe betekenisvol te beleef nie. Voorts ignoreer dit die vervulde individu en die vooruitstrewende gemeenskap. Sielkunde is nie slegs die studie van patologie, swakheid en skade nie, maar sluit ook die studie van sterktes en doeltreffendheid in (Seligman; Seligman & Csikszentmihalyi).

Sielkundiges het in antwoord hierop die afgelope drie tot vier dekades gemoeid geraak met voorkoming. Dit was die tema van die konvensie van die APA in 1998 in San Francisco, waar Seligman (1998) die voortgesette groei en ontwikkeling van die nuwe wetenskap en profesie van die positiewe sielkunde bepleit het. Die doelwit van die positiewe sielkunde is daarin geleë om 'n klemverskuiwing te kataliseer in die oordrewe fokus wat op die negatiewe geplaas is en die bykomende uitbou van positiewe kwaliteite word voorgestel. Die hernude oplewing van die positiewe sielkunde met die aanbreek van die nuwe millennium, word geïllustreer deur die feit dat die hele millennium-uitgawe van die *American Psychologist* (2000) gewy word aan die konstruksie van die positiewe sielkunde. In hierdie uitgawe bepleit en lewer verskeie outeurs 'n bydrae tot die positiewe sielkunde (Buss, 2000; Diener, 2000; Myers, 2000; Seligman & Csikszentmihalyi, 2000).

### 2.2.3 DEFINIËRING EN OMSKRYWING VAN DIE KONSTRUK POSITIEWE SIELKUNDE

Sheldon en King (2001) definieer positiewe sielkunde as die wetenskaplike studie van gewone menslike kragte en deugde. Positiewe sielkunde herbesoek “die gemiddelde persoon” in ‘n poging om uit te vind wat die kenmerke van die effektief funksionerende mens is. Positiewe sielkunde is dus ‘n poging om sielkundiges aan te spoor tot ‘n groter openheid vir en ‘n meer waarderende perspektief rakende menslike potensialiteite, motiewe en vermoëns.

Die veld van positiewe sielkunde op subjektiewe vlak handel volgens Seligman en Csikszentmihalyi (2000) oor gewaardeerde subjektiewe ervarings soos welstand, vergenoegdheid en tevredenheid (in die verlede); hoop en optimisme (vir die toekoms) en opgewektheid en geluk (in die hede). Voorts wys hulle daarop dat dit op ‘n individuele vlak die volgende positiewe trekke insluit: die kapasiteit vir liefde en ‘n roeping, moedigheid, interpersoonlike vaardighede, estetiese sensitiwiteit, uithouvermoë, vergewingsgesindheid, oorspronklikheid, ‘n toekomspektief en wysheid. Op groepsvlak betrek dit die volgende deugde en instellings, wat die mens tot beter burgerskap aanspoor: verantwoordelikheid, versorging, altruïsme, hoflikheid, toleransie en werksetiek.

Sheldon en King (2001) wys daarop dat dit toenemend duidelik word dat die normale funksionering van die mens, nie binne ‘n uitsluitend negatiewe of probleem-gefokusde verwysingsraamwerk, verantwoord kan word nie. Seligman (1998) gaan hiermee akkoord en bepleit ‘n sosiale- en gedragswetenskap wat poog om menslike sterktes, wat daartoe in staat is om tragedie en psigologiese “siekte” te voorkom, te verstaan en te koester. Dit word verder bevestig deur die vermoë van sommige individue om in die aangesig van ongunstige en stresvolle lewensomstandighede steeds merkwaardig gelukkig en gesond te bly (Seligman; Lyubomirsky, 2001).

Dit blyk dus uit bogaande bespreking dat positiewe sielkunde die wetenskaplike

bestudering van menslike deugde en sterktes is. Hierdie sterktes stel die individu in staat om ten spyte van negatiewe lewensomstandighede, steeds gelukkig en gesond te bly. Alhoewel daar tydens die laaste aantal jare, 'n nuwe oplewing ten opsigte van die positiewe sielkunde plaasgevind het, blyk hierdie domein van die sielkunde nie nuut te wees nie. In hulle pogings om die leemtes aan te vul wat deur die psigoanaliste en behavioriste gelaat is, het die voorstanders van die eksistensieël-humanistiese sielkundige benadering daarop gewys dat die psigies gesonde persoon die kriterium moet wees waarvolgens funksionering gemeet behoort te word en nie die neurotiese of psigotiese persoon nie (Meyer, Moore & Viljoen, 2000). Baanbrekerswerk en 'n groot bydrae tot die positiewe sielkunde, is in hierdie verband deur die volgende persoonloë gelewer : Allport (1955) met sy verwysing na die propriale funksioneringsvlak van die mens ; Maslow (1954, 1972) in sy optimistiese siening van die mens met spesifieke verwysing na die selfaktualiseringsneiging van die mens ; Rogers (1961) met sy verwysing na die ten volle funksionerende mens en Frankl, (1984) se ontdekking dat die mens in sy geestelike dimensie vry is om bo haglike omstandighede uit te styg en deur sy vermoë tot selfdistansiëring en selftransendering, sin en betekenis in sy lewe te vind.

In verdere antwoord op die beperkinge wat deur die patogene paradigma gelaat is, het die salutogene paradigma asook die fortigene- en psigofortologiese metaperspektiewe ontwikkel. Bogenoemde perspektiewe vorm die fokuspunt van die volgende afdeling wat bespreek word.

## **2.3 DIE SALUTOGENE PARADIGMA EN DIE FORTIGENE/PSIGOFORTOLOGIESE METAPERSPEKTIEWE VAN GESONDHEID EN WELSTAND**

### **2.3.1 INLEIDING**

Die beperkte aard en waarde van die patogene paradigma ten opsigte van die beskrywing van menslike gesondheid, het verskeie teoretici aangespoor om na nuwe benaderings ten opsigte van die verklaring van menslike gesondheid te soek. Die

uitgangspunt van die patogene paradigma is dat siekte deur patogene faktore veroorsaak word. Gesondheid word in hierdie paradigma gekonseptualiseer as die afwesigheid van siekte. Dit het egter nie 'n voldoende verklaring gebied vir die verskynsel dat bepaalde individue selfs in die aangesig van stresvolle en negatiewe omstandighede, steeds gesond bly nie. In hierdie afdeling word salutogenese en fortigenese/psigofortologie as twee metaperspektiewe, in reaksie teen die patogene oriëntasie, bespreek.

## **2.3.2 DIE SALUTOGENE PARADIGMA**

### **2.3.2.1 Ontstaan en omskrywing van salutogenese**

Die salutogene paradigma, wat die oorsprong van gesondheid beklemtoon ( Latyn : *salus* = gesondheid ; Grieks : *genesis* = oorsprong ), is deur Antonovsky (1979), 'n Israelse mediese sosioloog, ontwikkel in reaksie teen die patogene paradigma van gesondheid. Dit het plaasgevind na sy waarnemings dat individue wat verskeie ernstige traumas deurgemaak het, met onvermydelike gevolge op hulle lewens, steeds merkwaardig goed gefunksioneer het. Dit het Antonovsky beweeg om die misterie van gesondheid te ondersoek en die vraag te probeer antwoord : "Hoe hanteer persone stres en bly steeds gesond?"

Antonovsky (1979 ) kritiseer die digotomiese gesondheidsklassifikasie van persone volgens die patogene oriëntasie as óf gesond óf siek. In antwoord hierop, bied hy 'n nuwe benadering tot die konseptualisering van menslike gesondheid aan. Hy wys daarop dat menslike gesondheid en welstand eerder as 'n kontinuum beskou moet word waarvan gesondheidsgesteldheid en gesondheidsongesteldheid die twee teenpole vorm. Koherensiesin vorm die sentrale konstruk van Antonovsky (1979, 1987) se salutogene paradigma. Die definisie van koherensiesin omsluit drie dimensies wat gesamentlik die konsep verteenwoordig naamlik verstaanbaarheid, hanteerbaarheid en betekenisvolheid . Die bestudering van elke persoon op 'n gegewe tydstip geskied volgens Antonovsky (1987) in terme van die die posisie wat die persoon

ten opsigte van sy koherensiesin op hierdie voorgestelde kontinuum inneem. Hy brei later sy aanvanklike bevindinge rakende die verband tussen koherensiesin en gesondheid uit na verskeie ander aspekte van welstand soos tevredenheid, geluk, moraal en positiewe affek. Die konstruk koherensiesin word as 'n persoonlike disposisionele dimensie van psigologiese welstand, meer breedvoerig in Afdeling 2.4.4 bespreek. Die geredelike beskikbaarheid van veralgemeende weerstandshulpbronne gee aanleiding tot die ontwikkeling van 'n sterk koherensiesin. Dit stel die individu vervolgens in staat om stresvolle omstandighede suksesvol die hoof te bied en psigologies gesond te bly.

Die kenmerke van die salutogene paradigma, soos dit in teenstelling staan tot die patogene paradigma, word vervolgens bespreek.

### **2.3.2.2 Kenmerke van die salutogene paradigma**

Die salutogene oriëntasie is deur Antonovsky (1987) in die volgende ses stellings opgesom :

- ❑ Dit verwerp die digtomiese klassifikasie van die mens as óf siek óf gesond. Die mens funksioneer op 'n kontinuum waarvan gesondheidsgesteldheid en gesondheidsongesteldheid die twee teenpole vorm. Dit impliseer dat elke individu op enige gegewe tydstip 'n mate van "siekte" sowel as "gesondheid" sal openbaar, ongeag sy posisie op hierdie kontinuum.
- ❑ Die funksionering van die mens op hierdie kontinuum verhoed dat daar slegs gefokus word op die etiologie van 'n bepaalde siektetoestand. Die fokus verskuif na die mens in sy totaliteit. Dit betrek alle fasette van die persoon en lei derhalwe tot groter kennis en begrip rakende die persoon se probleemarea(s) en sy/haar siekte-gesondheidsgesteldheid op daardie stadium.
- ❑ In stede daarvan om slegs te fokus op siekte-veroorsakende patogene faktore/stressore, verskuif en brei die fokus uit na copinghulpbronne wat 'n bydrae kan lewer ten opsigte van 'n verskuiwing na die gesondheidspool van die



kontinuum.

- Ten spyte van die aanname dat stressore alomteenwoordig is, kan dit tot patogene, neutrale of selfs gesonde(salutogene) gevolge lei. Die gevolge van stressore word beïnvloed deur die aard en eienskappe van die stressor asook die suksesvolle oplos van die ongemak wat deur die stressor veroorsaak word.
- Daar word weg beweeg van die beperkte soeke na oplossings vir siekte. Die klem verskuif na die rol van algemene weerstandshulpbronne in die hantering van stressore en die effektiewe aanpassing van die individu.
- Die salutogene paradigma beklemtoon die belangrikheid van die uitsonderlike. In teenstelling met die patogene paradigma waar die bevestiging van 'n hipotese tot tevredenheid lei, streef die salutogene paradigma daarna om uit te vind waarom die uitsonderlike geval stressore suksesvol hanteer.

In aansluiting by, maar ook in kritiese reaksie op die salutogene paradigma het Strümpfer (1995) asook Wissing en Van Eeden (1998) onderskeidelik die konstruksie van fortigenese en psigofortologie ontwikkel. Hierdie konstruksie word vervolgens bespreek.

### **2.3.3 FORTIGENESE EN PSIGOFORTOLOGIE AS METAPERSPEKTIEWE VAN MENSlike FUNKSIONERING EN GESONDHEID**

#### **2.3.3.1 Fortigenese as metaperspektief van gesondheid en welstand**

Strümpfer (1990) huldig die mening dat die salutogene paradigma groot belofte inhou ten opsigte van nuwe insig en ontwikkeling in die sosiale wetenskappe wat kan lei tot integrasie van kennis op 'n nuwe, hoër vlak. Strümpfer (1995) argumenteer egter dat die beklemtoning van gesondheid as die kern eindpunt van 'n hele paradigma, die omvang van so 'n paradigma beperk. Gebaseer op teoretiese en empiriese gevolgtrekkings, kom hy tot die gevolgtrekking dat 'n breër verklaringskonstruk nodig is ten einde die verband tussen weerstandshulpbronne, koherensiesin en verskeie terreine van menslike ervaring asook gemak/ongemak kontinua, te verklaar.

Op grond hiervan het Strümpfer (1995) die konstruk fortigenese wat die oorsprong van sterktes (Latyn : *fortis* = sterk) beteken, ontwikkel as 'n meer omvattende beskrywing van hierdie nuwe paradigma. Hiermee ontken hy nie die noodsaaklikheid daarvan om na die oorsprong van gesondheid te soek nie, maar sy konstruk beklemtoon die oorsprong van verbandhoudende sterktes wat nodig is ten einde ook effektiewe funksionering op ander eindpunte van menslike funksionering te bewerkstellig (Strümpfer). Fortigenese bied dus 'n meer omvattende, holistiese verklaring ten opsigte van die sterktes wat menslike funksionering in die algemeen onderlê.

### **2.3.3.2 Psigofortologie as metaperspektief van welstand**

In uitbreiding op Strümpfer (1995) se verwysing na die ontwikkeling van die nuwe positiewe paradigma in die sielkunde as fortigenese, het Wissing en Van Eeden (1998) voorgestel dat die sub-dissipline of domein van die sielkunde wat hom bemoei met die bestudering van psigologiese welstand, psigofortologie (die wetenskap van psigologiese sterktes) genoem word. Hulle bepleit ook dat nie slegs die oorsprong van psigologiese gesondheid of welstand bestudeer word nie, maar dat die aard, manifestasies, dinamiek asook die verbetering van psigologiese welstand, psigofortologies ondersoek moet word.

### **2.3.3.3 Samevatting**

Uit die bogaande bespreking blyk dit dat die positiewe sielkunde as oorhoofse metateoretiese raamwerk, die salutogene paradigma asook fortigenese en psigofortologie as metaperspektiewe, 'n gunstige teoretiese onderbou verskaf tot die onderwerp van hierdie ondersoek, naamlik die psigologiese welstand van polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede. Die bogenoemde perspektiewe poog almal om 'n verklaring te bied vir die oorsprong van welstand en die sterktes wat daarmee geassosieer word.

Psigologiese welstand vind aansluiting by bogenoemde metaperspektiewe, in soverre

die wetenskaplike studie van subjektiewe welstand, gedeeltelik in reaksie ontwikkel het op die oorweldigende klem van die sielkunde op negatiewe toestande (Diener, Suh, Lucas & Smith, 1999). Hierdie konstruk word vervolgens bespreek.

## **2.4 PSIGOLOGIESE WELSTAND**

### **2.4.1 INLEIDING**

In hierdie afdeling word die konstruk psigologiese welstand vanuit 'n teoretiese invalshoek toegelig. In die literatuur word afwisselend verwys na subjektiewe welstand en geluk. Seligman en Csikszentmihalyi (2000) wys daarop dat subjektiewe welstand 'n meer wetenskaplik-gegronde term is vir wat persone in die algemeen met geluk bedoel. In hierdie studie sal die terme welstand, psigologiese welstand asook subjektiewe welstand as alternatiewe terme gebruik word om na dieselfde konstruk te verwys.

Die konseptualisering van die aard van psigologiese welstand asook 'n verwysing na enkele modelle van psigologiese welstand, word eerstens aangeraak. Hierna word verwys na bepaalde persoonlike disposisionele faktore wat met psigologiese welstand geassosieer word. Die afdeling word afgesluit met 'n bespreking van enkele moderatorveranderlikes wat met psigologiese welstand verbind word.

### **2.4.2 KONSEPTUALISERING VAN PSIGOLOGIESE WELSTAND**

Na aanleiding van 'n analise van die relevante literatuur aangaande psigologiese welstand, wys Wissing en Van Eeden (1998) daarop dat die aard van psigologiese welstand baie divers is en dat dit vir hierdie rede moeilik is om psigologiese welstand te konseptualiseer. Die struktuur van subjektiewe welstand word in die literatuur dikwels gekonseptualiseer as twee onderskeibare dimensies naamlik positiewe affek en lewenstevredenheid (Diener, 1984). Diener et al. (1999) sluit egter by Wissing en Van Eeden aan en wys daarop dat heelwat navorsers in die verlede subjektiewe

welstand as 'n monolitiese eenheid behandel het. Hulle huldig die mening dat die konstruk uit veelvuldige fasette bestaan en unieke patrone van verbandhoudendheid met verskillende veranderlikes toon.

In die afdeling wat volg word die diversiteit van psigologiese welstand geïllustreer aan die hand van 'n bespreking van enkele teoretiese modelle van psigologiese welstand.

### **2.4.3 MODELLE VAN PSIGOLOGIESE WELSTAND**

In aansluiting by die vorige afdeling waaruit dit blyk dat psigologiese welstand nie as 'n enkele, uniforme konstruk gekonseptualiseer kan word nie, word enkele meer holistiese modelle van psigologiese welstand vervolgens bespreek in 'n poging om lig te werp op die aard en struktuur van psigologiese welstand.

#### **2.4.3.1 Ryff (1989) se multidimensionele model van psigologiese welstand**

In reaksie op die twee primêre voorstellings van psigologiese welstand naamlik positiewe en negatiewe affek asook lewenstevredenheid, het Ryff (1989) asook Ryff en Keyes (1995) 'n nuwe model ten opsigte van die konseptualisering van psigologiese welstand voorgestel. Ter operasionalisering van hulle model, het hulle ook gebruik gemaak van verwysings na positiewe funksionering uit verskeie sielkundige subvelde, soos die ontwikkelingsielkunde en die persoonlikheidsielkunde.

Die samevoeging van hierdie veelvuldige raamwerke het aanleiding gegee tot die ontstaan van die multidimensionele model van welstand (Ryff & Keyes, 1995). Hierdie model identifiseer ses onderskeidende komponente van positiewe psigologiese funksionering. Die ses komponente waaruit die multidimensionele model bestaan, word vervolgens kortliks bespreek. Dit geskied aan die hand van die beskrywende eienskappe van die persoon wat 'n hoë telling ten opsigte van elke dimensie behaal, aangesien 'n hoë telling 'n groter mate van psigologiese welstand impliseer (Ryff, 1989).

- ❑ **Selfaanvaarding** : Die persoon beskik oor 'n positiewe houding teenoor die self; erken en aanvaar verskeie aspekte van die self, waaronder goeie en slegte kwaliteite en voel positief oor sy/haar verlede.
- ❑ **Persoonlike groei** : Die persoon beskik oor 'n gevoel van voortgesette ontwikkeling ; die self word gesien in 'n proses van groei en ontwikkeling ; is oop vir nuwe ervarings ; het 'n gevoel dat hy, sy potensiaal realiseer ; neem verbetering van die self/gedrag oor tyd heen, waar en verander op wyses wat groter selfkennis en effektiwiteit reflekteer.
- ❑ **'n Lewensdoel** : Die persoon beskik oor doelwitte vir die lewe ; ervaar 'n gevoel van gerigtheid; 'n gevoel dat daar betekenis in sy huidige lewe asook in die verlede is ; huldig geloofsoortuigings wat betekenis aan die lewe verskaf en beskik oor mikpunte en doelstellings ten opsigte van die lewe.
- ❑ **Positiewe verhoudings met ander** : Die persoon het warm, bevredigende en vertroubare verhoudings met ander ; is besorg oor die welsyn van ander ; is in staat om empatie, affeksie en intimiteit te toon en verstaan die konsep van gee en neem as kenmerkend van menslike verhoudings.
- ❑ **Omgewingsbemeestering** : Die persoon beskik oor 'n gevoel van bevoegdheid en toon bemeestering ten opsigte van die beheer van die omgewing; kontroleer 'n reeks komplekse eksterne aktiwiteite ; maak effektief gebruik van geleenthede in die omgewing en is in staat om kontekste te kies/ te skep wat geskik is vir sy persoonlike behoeftes en waardes.
- ❑ **Outonomie** : Die persoon beskik oor selfdeterminasie en is onafhanklik ; is in staat om sosiale druk asook dwang te weerstaan om op bepaalde wyses te dink of op te tree ; reguleer gedrag van intern en evalueer die self op grond van persoonlike standaarde.

#### 2.4.3.2 Witmer en Sweeney (1992) se holistiese model van welstand


Witmer en Sweeney (1992) het 'n model van welstand en die voorkoming van agteruitgang voorgestel, deur teoretiese konsepte vanuit die sielkunde, antropologie, sosiologie, teologie asook opvoedkunde te betrek. Ten opsigte van die toepassing van

hul kennis oor welstand, stel hulle 'n sogenaamde "global village" ekologie en 'n kosmiese bewustheid wat die interverweefdheid van alle entiteite beklemtoon, voor. Die hoofemas hou verband met heelheid van kognisie, liggaam, gees en gemeenskap.

Volgens Witmer en Sweeney (1992) kan die kenmerke van die gesonde persoon oor die lewensloop heen, beskryf word aan die hand van vyf lewenstake wat hulle simbolies voorstel aan die hand van 'n wiel van heelheid (Figuur 2.1). Die eienskappe van welstand vind sy uitdrukking in die volgende vyf lewenstake :

- ❑ **Spiritualiteit**, wat sentraal staan tot heelheid en waaronder eenheid, doelgerigtheid, optimisme en waardes resorteer.
- ❑ **Selfregulering**, wat 'n gevoel van waarde, realistiese beoordelingsstelsels, spontane en emosionele responsiwiteit, intellektuele stimulering, probleemoplossing, sin vir humor asook fisieke fiksheid en voeding, insluit.
- ❑ **Werk**, wat alle take insluit wat daarop gemik is om ekonomiese lewensmiddelle te bekom asook psigologiese funksies (selfagting, 'n gevoel van bemeestering en bevoegdheid) asook sosiale funksies ('n gevoel van gewaardeerdheid deur ander asook sosiale status) te vervul.
- ❑ **Vriendskap**, wat verwys na alle sosiale verhoudings wat kontak met ander insluit, hetsy op 'n individuele basis of in die gemeenskap, maar dit sluit nie huweliks-, seksuele-, of familiële verbintenisse in nie.
- ❑ **Liefde**, waarin welstand verhoog word deur eienskappe van vertroue, versorging en kameraadskap in 'n huwelik of intieme verhouding en sluit seksuele intimiteit in.

Volgens Witmer en Sweeney (1992) word die ontwikkeling en vervulling van die vyf lewenstake beïnvloed deur kragte binne die individu asook vanuit die buitewêreld. Die buitenste kring in Figuur 2.1 verteenwoordig lewenskragte as oorhoofse sosiale instellings, wat inwerk op die gesondheid en welstand van elke individu. Hierdie lewenskragte sluit onder andere die gesin, geloof, opvoeding, die gemeenskap, die media, die regering en besighede / industrieë, in.



**Figuur 2.1 : Die wiel van welstand en voorkoming (Witmer & Sweeney, 1992, p.142)**

In hul holistiese model van welstand, demonstreer Witmer en Sweeney (1992) dus die onderlinge verbintenis tussen die eienskappe van die gesonde persoon, die lewensake en die lewenskragte. Daar vind interaksie tussen die komponente plaas en in ooreenstemming met die aard van hierdie interaksie, bevoordeel of benadeel dit die welstand van die persoon.

### **2.4.3.3 'n Multikomponent model van psigologiese welstand**

Individue benader positiewe belonings en vermy nie slegs lyding nie, hulle reageer verskillend op dieselfde omstandighede en evalueer toestande op grond van hulle eie unieke verwagtinge, waardes en vorige ervarings. Vir bogenoemde redes bestudeer navorsers op die terrein van psigologiese welstand, die hele spektrum van menslike welstand (Diener et al., 1999).

Subjektiewe welstand verwys volgens (Diener, 2000) na die affektiewe sowel as die kognitiewe evaluering wat persone ten opsigte van hulle lewens maak. Persone ervaar 'n hoë mate van psigologiese welstand wanneer hulle heelwat aangename emosies en min onaangename emosies ervaar, wanneer hulle inskakel by interessante aktiwiteite, wanneer hulle baie plesier en min pyn ervaar en wanneer hulle tevrede is met hul lewens. In 'n samevatting van navorsing ten opsigte van die affektiewe evaluering wat persone ten opsigte van hul subjektiewe welstand maak, wys Diener et al. (1999), daarop dat verskeie navorsers konstante en sistematiese individuele verskille tussen tevrede en ontevrede persone gevind het. Costa en McCrae (1980) skryf individuele verskille in welstand toe aan algemene disposisies, geassosieer met positiewe emosionaliteit en negatiewe emosionaliteit. Volgens die algemene positieweiteitsmodel van welstand is gelukkige persone in vergelyking met ongelukkige persone gepredisponeer tot die ervaring van positiewe emosies, waarskynlik weens die volgende redes : gelukkige persone kies om hulself in meer genotvolle situasies te bevind ; hulle skep meer aangename sosiale omgewings en is meer sensitief vir positiewe inligting as ongelukkige persone (Oishi & Diener, 2001).

Ten opsigte van die kognitiewe evalueringaspek van subjektiewe welstand, word die teenstrydighede tussen spesifieke en globale welstandsbeoordelings, belig deur die beoordelingsmodel van subjektiewe welstand (Schwarz & Strack, 1999). Hiervolgens hang die verskil in welstandsbeoordelings af van die beoordelingsdoelwit. Aangesien 'n eindelose hoeveelheid inligting relevant is ten opsigte van die beoordeling van globale welstand, vind globale welstandsbeoordelings plaas deur gebruik te maak van beoordelings-heuristieke. Globale welstandsbeoordelings word gebaseer op huidige affek asook die toeganklikheid van inligting op die tydstip waarop die beoordeling plaasvind. Die verskil in beoordelings van globale welstand tussen gelukkige en ongelukkige persone is die gevolg van die mate waartoe gunstige inligting op 'n meer volhoubare basis toeganklik is vir gelukkige individue. Dit resulteer daarin dat gelukkige individue op enige gegewe tydstip, 'n meer positiewe gemoed sal openbaar as ongelukkige individue.



In samevatting wys Diener (2002) asook Diener et al.(1999) daarop dat subjektiewe welstand uit 'n breë kategorie van onderskeibare komponente bestaan. Dit sluit persone se emosionele response soos hoë positiewe affek ( die ervaar van heelwat aangename emosies), lae negatiewe affek (die ervaar van min onaangename emosies), tevredenheid ten opsigte van verskillende meer spesifieke lewensdomeine (huweliks- en werkstevredenheid) asook 'n globale beoordeling van die persoon se lewe naamlik lewenstevredenheid, in. Diener et al. , definieer subjektiewe welstand dus as 'n algemene area van wetenskaplike belang, eerder as 'n enkele, spesifieke konstruk en stel dit as volg in Tabel 2.1 voor :

**Tabel 2.1 : Komponente van Subjektiewe Welstand (Diener et al.,1999, p. 277)**

Aangename affek	Onaangename affek	Lewenstevredenheid	Domein Tevredenheid
Vreugde	Skuld en Skaamte	Begeerte om lewe te verander	Werk
Uitgelatenheid	Hartseer	Tevredenheid met huidige lewe	Gesin
Tevredenheid	Angs en Kommer		Vrye tyd
Trots	Kwaadheid	Tevredenheid met verlede	Gesondheid
Affeksie	Stres	Tevredenheid met toekoms	Finansies
Blydskap	Depressie	Betekenisvolle ander se siening van jou lewe	Self
Ekstase	Jaloesie		

#### 2.4.3.4 Die geïntegreerde konseptuele model van gesondheid en welstand

Die sistemiese oriëntasie in die sielkunde het gelei tot 'n konseptuele raamwerk wat as gids kan dien vir nuwe kennis rakende konteks, coping en aanpassing ( Moos, 2002). Dié model wat skematies in Figuur 2.2 voorgestel word , bestaan volgens Moos uit die volgende sisteme :

**Paneel I**     **Die omgewingsisteem.** Hierdie sisteem bestaan uit relatief stabiele kondisies asook blywende aspekte in spesifieke lewensdomeine, wat die sosiale klimaat en voortgesette stressore en hulpbronne insluit.


**Paneel II**     **Die persoonlike sisteem.** Die individu se biogenetiese kenmerke en persoonlike hulpbronne soos kognitiewe en intellektuele vermoëns, selfvertroue, sosiale bevoegdheid, optimisme, verbintenisse asook aspirasies, word in die persoonlike sisteem ondervang.

**Paneel III**     **Kortstondige kondisies.** Die kortstondige subsisteem word gekenmerk deur verbygaande aspekte, waaronder nuwe lewensgebeure en deelname aan intervensie- en behandelingsprogramme resorteer.

**Paneel IV**     **Kognitiewe taksering en copingvaardighede.** Op grond van die fokus en metode van coping wat verkies word, sluit hierdie sisteem naderings- en vermydingscoping asook kognitiewe en gedragsmatige copingstrategieë in.

**Paneel V**     **Gesondheid en welstand.** Hierdie sisteem dui op die individu se psigososiale funksionering asook ontwikkeling.

Die som van hierdie twee stelsel lewensomstandighede (paneel I en II) reflekteer nuwe kontekste wat geleenthede skep vir leer en verskaf die potensiaal vir persoonlike ontwikkeling of agteruitgang (Moos, 2002). Voorts wys hy daarop dat die voortgesette omgewings- en persoonlike faktore (paneel I en II), die kortstondige kondisies (paneel III) voorafgaan en dat hierdie drie stelsel faktore kognitiewe taksering en copingvaardighede (paneel IV) vorm, wat weer 'n invloed uitoefen op die individu se gesondheid en welstand (paneel V).



**Figuur 2:2** 'n Model van die wisselwerking tussen konteks, coping en aanpassing (Moos, 2002, p. 69)

Die prosesse in hierdie model is transaksioneel van aard deurdat wederkerige terugvoer by elke stap kan voorkom en persone die sosiale kontekste wat hulle beïnvloed kan kies en kan vorm.

Wissing en Van Eeden (1998) het in 'n empiriese verheldering van die konstruk psigologiese welstand, 'n omvattende studie geloods waarin verskeie modelle en konstrukte van welstand gebruik is. Hulle het gevind dat psigologiese welstand deur middel van verskeie faktore geoperasionaliseer kan word. Hierdie multifaktoriale aard van welstand word as samevatting van die modelle van welstand, vervolgens bespreek.

### **2.4.3.5 Die multifaktoriale aard van psigologiese welstand (Wissing & Van Eeden, 1998)**

Wissing en Van Eeden (1998) het as teoretiese agtergrond vir die konseptualisering van die faktore waaruit welstand bestaan, gebruik gemaak van verskeie modelle asook konstrakte van welstand. Faktoranalise het die volgende nege faktore van psigologiese welstand opgelewer :

#### **Faktor 1 : Algemene psigologiese welstand**

Hierdie faktor bestaan uit 'n kombinasie van spesifieke kognitiewe, affektiewe, gedragsmatige asook interpersoonlike kwaliteite wat gekenmerk word deur 'n algemene houding van optimisme/hoop of 'n lewensorientasie gekenmerk deur 'n sin van koherensie. Die volgende fasette word onderskei : affek, kognisie, gedrag, selfkonsep, interpersoonlike verhoudings en afwesigheid van algemene simptome van geestesongesteldheid. Algemene psigologiese welstand word dus verteenwoordig deur verskeie funksionele subsisteme van die individu in sy totaliteit (Wissing en Van Eeden, 1998).

#### **Faktor 2 : (Afwesigheid van) algemene simptome van psigopatologie**

Hierdie faktor bestaan uit algemene simptome van psigopatologie soos depressie, angs asook fisieke simptome, waar hierdie simptome afwesig is in die geval van psigologiese welstand.

#### **Faktor 3 : Interpersoonlike aktualisering en sterkte**

Faktor 3 word gekenmerk deur 'n sensitiwiteit en aanvaarding van die eie asook ander se positiewe en negatiewe gevoelens, behoeftes, waardes en potensialiteite en die hantering van interpersoonlike verhoudings met buigsaamheid en respek ten einde betekenisvolle verhoudings te vestig.

#### **Faktor 4 : Persoonlike aktualisering**

Dié faktor behels onder meer dat die persoon 'n konstruktiewe siening van die self

(asook ander) huldig, verskille en diversiteit as betekenisvol en verbandhoudend waarneem, oor die vermoë beskik om selfonderhoudend te wees en selfontwikkeling en eiebelang te bevorder. 'n Gevoel van bemeestering is 'n belangrike konsep en vind veral uitdrukking in die vestiging van die self in 'n beroep.

#### **Faktor 5 : Ekologiese bewustheid en eksperiensiële vloei**

Hierdie faktor behels 'n eksistensiële oriëntasie, waar die individu onder andere in staat is om met buigzaamheid en volle bewustheid binne bepaalde tyds- en ruimtelike realiteite te reageer, binne perke 'n eie realiteit kan konstrueer en oor die vryheid van keuse beskik.

#### **Faktor 6 : Multidimensionele gesonde lewenstyl**

Faktor 6 impliseer dat die persoon aktief betrokke is by die fasilitering van sy eie fisieke welstand (voeding en oefening), psigologiese ontwikkeling (kognitief en emosioneel) en ook oor 'n spirituele bewustheid beskik.

#### **Faktor 7: Konstruktiewe en aktiewe copingoriëntasie**

Hierdie faktor sluit die implementering van konstruktiewe copingstrategieë soos probleemoplossing, die bereidwilligheid tot die hantering van stressore asook die aktiewe soeke na menslike kontak vir ondersteuning en advies, in.

#### **Faktor 8 : Betrokkenheid by sosiale/gemeenskapsaktiwiteite (rekreasie)**

Dié faktor dui op betrokkenheid by gemeenskapsaktiwiteite asook die geniet van sosiale aktiwiteite vir rekreasionele doeleindes.

#### **Faktor 9 : Substans (on)afhanklikheid**

Faktor 9 dui 'n afhanklikheid van alkohol/middels aan, wat afwesig is by die persoon wat oor psigologiese welstand beskik.

Wissing en Van Eeden (1998) se faktoranalise het dus 'n multidimensionele profiel vir welstand opgelewer ten opsigte van die fasette van die self wat betrokke is (kognisie,

affek en gedrag) sowel as die lewensdomeine waarin dit manifesteer (intra- sowel as interpersoonlike verhoudings asook sosiale- en gemeenskapskontekste). Hul bevindinge ondersteun dus die holistiese modelle van welstand en dien as samevatting van die konstruksie van psigologiese welstand.

Uit bogaande bespreking van modelle van psigologiese welstand asook die multifaktoriale konseptualisering van Wissing en Van Eeden (1998), blyk dit duidelik dat psigologiese welstand uit verskeie interne disposisionele asook eksterne kontekstuele moderatorveranderlikes bestaan. In die afdeling wat volg, word enkele van hierdie veranderlikes bespreek.

#### **2.4.4 PERSOONLIKE DISPOSISIES EN MODERATOR VERANDERLIKES GEASSOSIEER MET PSIGOLOGIESE WELSTAND**

Die afgelope aantal jare is daar toenemend gefokus op die hipotese dat faktore binne die individu (disposisionele faktore) in samehang met omgewingsveranderlikes (moderator veranderlikes) 'n rol speel ten opsigte van die individuele psigologiese welstand. Persoonlike disposisie word deur Plug, Meyer, Louw en Gouws (1988, p.273) gedefinieer as: "enige eienskap wat uniek is aan 'n individu. Allport definieer dit as 'n veralgemeende neuropsigiese struktuur wat die vermoë besit om 'n verskeidenheid stimuli op 'n funksioneel gelykwaardige wyse te vertolk en om konsekwente wyses van gedrag te inisieer en te rig". Wissing en Van Eeden (1998) verwys na hierdie disposisies as meer spesifieke of mikro-vlak konstruksie ter verklarings van die konseptualisering van psigologiese welstand en die prosesse wat dit onderlê. Dit blyk dat heel party van hierdie disposisies stellig 'n groter rol vervul ten opsigte van die wyse waarop dit individue in staat stel om effektief met stres te cope en psigologiese welstand te bevorder. Hierdie disposisies sal gevolglik in Afdeling 2.5.3 onder coping-hulpbronne bespreek word ten einde herhaling te vermy. Enkele persoonlike disposisies/dimensies asook moderator veranderlikes geassosieer met psigologiese welstand, word vervolgens bespreek.

#### 2.4.4.1 Lewenstevredenheid

Lewenstevredenheid verwys na die kognitiewe beoordelingsaspekte van subjektiewe welstand. Elke individu maak volgens Diener (1984, 2000) breë beoordelings ten opsigte van die stand van sy of haar lewe en lewenstevredenheid kan dus gedefinieer word as 'n globale beoordeling deur die persoon van sy of haar lewe (Diener et al., 1985). Volgens Diener et al. konstrueer individue 'n standaard wat hulle as gepas vir die self beskou en vergelyk dan die omstandighede van hulle lewens met hierdie standaard. Vir hierdie rede word dit beskou as 'n subjektiewe beoordeling eerder as 'n beoordeling gebaseer op 'n eksterne-voorgeskrewe standaard. Persone ervaar 'n oorfloed van psigologiese welstand wanneer hulle tevrede is met die stand van hul lewens (Diener, 2000).

Die lewenstevredenheidskaal is deur Diener et al. (1985) ontwikkel as 'n meetinstrument vir die bepaling van persone se lewenstevredenheid. Die skaal verskaf 'n aanduiding van die respondent se globale tevredenheid met sy lewe, eerder as met spesifieke domeine soos gesondheid of finansies. Spesifieke lewensterreine soos gesondheid, rykdom en huweliksgeluk speel waarskynlik 'n bepalende rol in die beoordelings wat individue ten opsigte van hul globale lewenstevredenheid maak, maar dit is onwaarskynlik dat die persoon dieselfde gewig aan elke domein toeken. Die individu mag dus gelukkig wees met die meeste domeine van sy lewe, maar steeds in die algeheel ontevrede wees as gevolg van die impak van een domein. Vir hierdie rede wys Diener et al. op die belangrikheid daarvan om 'n algemene of globale beoordeling van die respondent te verkry, eerder as om staat te maak op 'n blote sommering van 'n lys van verskillende domeine. Wissing en Van Eeden (1998) is van mening dat lewenstevredenheid 'n goeie aanduiding van algemene psigologiese welstand is. In hierdie navorsingstudie sal die vlak van psigologiese welstand van polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede, met behulp van die konstruksie lewenstevredenheid bepaal word. Vir hierdie doel sal die Lewenstevredenheidskaal (Diener et al.) gebruik word.

#### 2.4.4.2 Positiewe Affek en Negatiewe Affek

Affek verwys na die affektiewe, emosionele aspekte van subjektiewe welstand (Diener, 1984). Affek is volgens Fredrickson (2001) 'n meer algemene konsep as emosies en verwys na bewustelike, toeganklike gevoelens. Alhoewel affek teenwoordig is binne emosies (as komponent van subjektiewe ervaring), is dit ook teenwoordig in baie ander affektiewe fenomene waaronder fisieke sensasies, houdings, gemoed asook affektiewe trekke. Diener (2000) en Fredrickson het bevind dat individue hoë vlakke van welstand ervaar wanneer hul baie aangename emosies en min onaangename emosies ervaar en dat positiewe emosies as merkers van optimale welstand kan dien.

In die bepaling van individuele subjektiewe welstand, is die finale balans tussen hulle positiewe en negatiewe emosies dikwels gebruik om hulle beoordeling van subjektiewe welstand te voorspel. Hierdie siening het die afgelope aantal jare onder toenemende kritiek deurgeloop. Verskeie navorsers waaronder Feldman Barret en Russell (1998) en Russell en Carroll (1999) lei die voortgesette debat ten opsigte van die mate waarin positiewe en negatiewe affek bipolarêre of onafhanklike konstruksie is. Alhoewel die terme positiewe affek en negatiewe affek mag suggereer dat hierdie twee gemoedsfaktore teenoorgestelde is (m.a.w. sterk negatief gekorreleer is), het dit na vore getree dat hul inderwaarheid hoogs onderskeidende dimensies is (Watson, Clark en Tellegen, 1988). Positiewe affek reflekteer die mate waartoe 'n persoon entoesiasies, aktief en waaksaam voel. Hoë positiewe affek is 'n staat van hoë energie, volle konsentrasie en aangename betrokkenheid, terwyl lae positiewe affek gekenmerk word deur hartseer en letargie. In kontras hiermee is negatiewe affek 'n algemene dimensie van subjektiewe psigologiese ongemak en onaangename betrokkenheid en sluit onder andere die volgende negatiewe gemoedstate in: woede, veragting, afkeer, skuldgevoel, vrees en senuweeagtigheid. Lae negatiewe affek verteenwoordig 'n staat van kalmte en sereniteit (Watson et al., 1988). Bogenoemde outeurs het die Positiewe en Negatiewe affekskaal ontwikkel as meetinstrument vir die assessering van positiewe en negatiewe affek.



Die verband tussen bepaalde sosiodemografiese veranderlikes en psigologiese welstand, word vervolgens kortliks bespreek.

#### **2.4.4.3. Sosiodemografiese veranderlikes**

##### **□ Geslag**

Diener et al. (1999) dui op grond van verskeie bevindinge daarop dat mans en vrouens ongeveer dieselfde vlak van globale welstand vertoon. In aansluiting hierby het Fujita, Diener en Sandvik (1991) gevind dat geslag vir minder as 1% van die variansie in geluk verantwoordelik is. Teenstrydige bevindinge word egter in die literatuur gevind. Mookherjee (1997) het gevind dat vrouens hoër vlakke van welstand as mans ervaar, alhoewel hierdie verskille nie statisties betekenisvol was nie, terwyl Wissing en Van Eeden (1999) vir ongeveer die helfte van die indekse van psigologiese welstand wat in hul studie gebruik is, hoër tellings vir mans gevind het. Lang en Heckhausen (2001) het met die uitsondering van vrouens wat ietwat hoër negatiewe affek as mans rapporteer het, verder geen betekenisvolle geslagsverskille vir gemiddelde subjektiewe welstandstellings gevind nie. Die verskille word onder meer toegeskryf aan kulturele verskille, verskille in voorgeskrewe sosiale rolle en verskille ten opsigte van die intensiteit van emosionele ervarings (Fujita et al. ; Mookherjee ; Wissing & Van Eeden; Wood, Rhodes & Whelan, 1989). Ten opsigte van laasgenoemde rede, het Fujita et al. gevind dat geslag meer as 13% van die variansie in die intensiteit van emosionele ervarings verklaar en skryf dit toe aan vrouens se groter openheid vir die belewing van intense emosionele ervarings. Aan die een kant kan dit vrouens predisponer tot depressie (lae welstand), maar indien hulle hul lewens as positief ervaar, lei dit tot intense belewenisse van gelukkigheid (hoë welstand).

##### **□ Huwelikstatus**

Wanneer huwelikstatus as demografiese veranderlike in oënskou geneem word, het Mookherjee (1997) statisties betekenisvolle verskille aangedui tussen die welstandstellings van getroude persone aan die een kant en persone wat nooit getroud is nie, geskeide persone / persone wat vervreem is asook weduwees/wewenaars.

Getroude persone het konstant hoër vlakke van welstand gerapporteer as die ander groepe. Myers (2000) wys daarop dat herhaalde ondersoeke in Europa en Noord-Amerika konstante resultate oplewer : in vergelyking met persone wat nooit in die huwelik tree nie en veral in vergelyking met persone wat vervreem of geskei is, rapporteer getroude persone groter geluk en lewenstevredenheid. Uitgebreide studies is onderneem om die verband tussen huwelikstatus en lewenstevredenheid te verklaar. In 'n samevatting van hierdie bevindinge wys Diener et al. (1999) daarop dat die huwelik beide ekonomiese en sosiale belonings vir die individu kan inhou.

#### **□ Kultureur / Ras**

In 'n ondersoek na verskillende indekse en voorspellers van welstand, het Wissing en Van Eeden (1998) vir 'n ondersoekgroep saamgestel uit verskillende kulturele agtergronde, betekenisvolle verskille in die welstandstellings van die Kaukasiese-groep en die Afrikaan-groep gevind, met laasgenoemde groep wat deurgaans laer tellings ten opsigte van psigologiese welstand behaal het. Verskille in hierdie tellings kan onder meer toegeskryf word aan verskille waarop psigologiese welstand by verskillende rasse-groepe manifesteer, verskille in sosio-kulturele agtergrond, idiosinkratiese faktore asook lewensomstandighede (Wissing & Van Eeden). In 'n studie waarin die verskille in psigologiese welstand van 24 wêreldnasies ondersoek is, het Spector et al. (2001) betekenisvolle verskille in die gemiddelde tellings van psigologiese welstand van verskillende nasies aangetoon.

#### **□ Inkomste**

In 'n beoordeling van verskillende navorsingsbevindinge rakende die verskille in subjektiewe welstand tussen ryk en arm individue, meld Diener et al. (1999) dat die verskille klein en nie statisties betekenisvol is nie. Hierdie outeurs kom tot die gevolgtrekking dat welgestelde individue in ryk nasies slegs effens gelukkiger is as arm persone. Wat verskille tussen meer welgestelde en armer nasies aanbetref, vat Diener et al. navorsingsbevindinge saam en bevind dat welgestelde nasies baie gelukkiger is as arm nasies. In die verband voer Diener, Diener en Diener (1995) as rede aan waarom welgestelde nasies groter gelukkigheid as armer nasies ervaar, dat dit

waarskynlik die gevolg is van die vervulling van basiese menslike behoeftes aan voedsel, beskutting en gesondheid.

Uit die voorafgaande bespreking van die psigofortologiese perspektief, die konseptualisering van psigologiese welstand aan die hand van holistiese modelle asook die dimensies waaruit dit bestaan, blyk dit duidelik dat effektiewe copingstrategieë asook verskeie copinghulpbronne, sterk figureer binne die konstruk psigologiese welstand. In die eersvolgende afdeling sal verskeie teoretiese aspekte van coping aangeraak word, waarna die verband daarvan met psigologiese welstand geïllustreer sal word.

## **2.5 COPING**

### **2.5.1 INLEIDING**

In die afdeling wat volg sal die konstruk coping eerstens gedefinieer en omskryf word, waarna dit verder toegelig sal word aan die hand van verskeie copingmodelle. Hierna sal die copinghulpbronne wat met psigologiese welstand verbind word, bespreek word. Die afdeling word afgesluit met 'n bespreking van verskillende copingstrategieë asook determinante daarvan.

### **2.5.2 DEFINISIE EN OMSKRYWING**

Coping verwys na die persoon se kognitiewe- en gedragsmatige pogings ten einde die interne en/of eksterne vereistes wat deur die stresvolle transaksie tussen die persoon en die omgewing geskep is en as bedreigend of oorskreidend van sy hulpbronne getakseer word, te bemeester, te verlaag of te verduur (Lazarus & Folkman, 1984). 'n Belangrike kenmerk van hierdie definisie is dat coping gedefinieer word onafhanklik van die uitkoms daarvan. Coping verwys dus na enige pogings om eise te hanteer, ongeag van die sukses van die pogings.

Ten einde die konstruk coping verder toe te lig, word enkele modelle van coping in die volgende afdeling bespreek.

### **2.5.3 COPINGMODELLE**

#### **2.5.3.1 Die kognitiewe-transaksionele model van stres en coping**

In hul kognitiewe teorie van psigologiese stres en coping, konseptualiseer Lazarus en Folkman (1984) stres as 'n transaksionele proses waarvolgens daar 'n dinamiese, resiproke verhouding tussen die persoon en die omgewing voorkom. Hierdie teorie identifiseer twee prosesse naamlik kognitiewe taksering en coping as kritieke mediatore in die persoon-omgewing stresverhouding sowel as die onmiddellike- en langtermyn uitkomst wat dit vir die welstand van die individu inhou. Tydens primêre taksering evalueer die persoon watter gevolge die stresvolle transaksie ten opsigte van sy welstand inhou ( bedreiging, uitdaging of verlies/skade ). Folkman, Lazarus, Gruen en DeLongis (1986) wys daarop dat verskeie persoonlike disposisies soos waardes, verbintenisse, doelwitte en gelowe ten opsigte van die self en die wêreld, 'n rol speel in die persoon se beoordeling van die relevansie van die stressor op sy welstand. Tydens sekondêre taksering beoordeel die persoon wat, indien moontlik, gedoen kan word om skade te voorkom, die effek van die stressor te oorkom of die moontlikheid van voordele wat uit die transaksie kan volg, te verbeter. Coping het volgens Lazarus en Folkman twee funksies naamlik hantering van die probleem wat vir die psigiese ongemak verantwoordelik is (probleem-gefokusde coping) en regulering van emosies wat resulteer as gevolg van die stres (emosie-gefokusde coping).

#### **2.5.3.2 Die ekologiese kongruensie model van stres en coping**

Hierdie model van stres en coping is in samehang met die teorie van instandhouding van hulpbronne, deur Hobfoll (1986,1988) ontwikkel. Die model beskryf die hoofdimensies betrokke in die proses van weerstand teen stres asook die verhouding tussen hierdie dimensies. Die model is faktor-georiënteerd en beklemtoon die

persoonlike en sosiale kenmerke van die individu. Voorts is dit proses-georiënteerd en beklemtoon dat kognisies, gedrag, biologiese verbintenisse asook onbewuste prosesse die interpretasie, omvang en gevolge van bedreigende gebeure, beïnvloed. Die model sluit ook aan by modelle van passing tussen die persoon en omgewing, maar beklemtoon die feit dat hierdie passing gebaseer is op gemeenskaplike waardes vanuit verskillende sosiale sisteme byvoorbeeld kulture, subkulture en gesinne (Hobfoll, 1988).

In sy model van ekologiese kongruensie, lê Hobfoll (1988) veral klem op die rol van hulpbronne en die proses waarop dit coping beïnvloed. Die verskillende tipes hulpbronne wat Hobfoll in sy model onderskei, word vervolgens kortliks bespreek.

❑ **Voorwerp-hulpbronne**, waaraan waarde geheg word as gevolg van die fisiese aard daarvan. Hieronder tel voedsel, water, lug, beskutting en statussimbole. Die waarde van hierdie bronne is enersyds geleë in die direkte oorlewingswaarde daarvan en andersyds verkry sommige van hierdie bronne waarde deurdat hul verbind word met status en gevoelens van selfagting.

❑ **Kondisies/Omstandighede**, wat 'n rol speel in die wyse waarop persone deur ander gedefinieer word of hulself definieer. Kondisies sluit dinge soos die huwelik, ouerskap, gesondheidstatus en 'n beroep in. Hierdie omstandighedsbronne stel die individu in staat om toegang tot ander bronne te verkry. 'n Beroep verseker byvoorbeeld 'n inkomste wat die aankoop van materiële hulpbronne moontlik maak. Volgens Hobfoll (1988) kan hierdie omstandighede ook 'n bron van stres wees as gevolg van die voortgesette pogings wat nodig is ten einde hierdie omstandighede/kondisies, byvoorbeeld 'n gelukkige huwelik, in stand te hou.

❑ **Persoonlike eienskappe**, wat die kragtigste van alle hulpbronne is en sentraal staan in die individu se vermoë om die eise van bedreigende situasies te weerstaan. Persoonlike eienskappe sluit persoonlikheidstrekke sowel as stabiele neigings en vaardighede waaroor die individu beskik, in. Persoonlikheidstrekke soos 'n gevoel van bemeestering en selfwaarde, bevoegdheid in verhoudings, beroep/studievaardighede, 'n optimistiese uitkyk asook geluk en hoop, word deur hierdie dimensie beskryf. Volgens Hobfoll (1988) is die belangrikheid van persoonlike eienskappe daarin geleë dat hulle

deel van die persoon se samestelling vorm en vir hierdie rede onmiddellik beskikbaar is vir gebruik.

□ **Energiebronne**, wat state of objekte insluit waarvan die waarde daarin geleë is dat hulle omgeskakel kan word in kondisies of voorwerpe wat begeer word. Geld, krediet, kennis en versekering, is voorbeelde van energiebronne. Hobfoll (1988) wys daarop dat hierdie bronne opsigself geen waarde het nie. Dit moet geruil of gebruik word om waarde daaraan toe te voeg. Kennis word deur Hobfoll as 'n baie waardevolle energiebron voorgelê. Eerstens lei dit tot die verkryging van ander bronne. Die slaag van 'n graadeksamen lei byvoorbeeld tot 'n beroep wat finansiële sekuriteit en sosiale status verseker. Tweedens maak dit die manipulerings van ander hulpbronne moontlik. Kennis bevorder byvoorbeeld ingeligte keuses ten opsigte van komplekse lewensprobleme en maak spesifieke copingresponse moontlik.

### **2.5.3.3 Samevatting**

In samevatting van bogenoemde bespreking van enkele modelle van coping, blyk dit dat verskeie interne disposisionele faktore asook eksterne kontekstuele faktore as hulpbronne dien ten einde die individu in staat te stel om suksesvol by stresvolle omstandighede aan te pas en psigologies gesond te bly. In die afdeling wat volg, word enkele interne en eksterne copinghulpbronne en die invloed daarvan op psigologiese welstand aan die hand van navorsingsbevindinge bespreek.

## **2.5.4 COPINGHULPBRONNE EN DIE VERBAND DAARVAN MET WELSTAND**

### **2.5.4.1 Inleiding**

Bronne word deur Diener en Fujita (1995) gedefinieer as die materiële, sosiale of persoonlike eienskappe waarvoor die individu beskik en benut word ten einde sy/haar persoonlike doelstellings te bereik. In ooreenstemming met die teorie van die instandhouding van bronne (Hobfoll, 1988) wys Diener en Fujita op die rol van bronne

as 'n middel tot die verwerwing van 'n sin van bevoegdheid en bemeestering asook die vervulling van psigologiese en fisieke behoeftes. In die literatuur word aangedui dat die somtotaal van die bronne waaroor die individu beskik, een van die sterkste voorspellers van beide lewensvrede en subjektiewe welstand is. Hobfoll (1998) wys daarop dat verskeie taksonomieë van hulpbronne in die literatuur voorkom, waaronder 'n verdeling volgens interne en eksterne hulpbronne en die strukturele klassifikasie van hulpbronne. Vir die doeleindes van hierdie literatuurstudie, sal die klassifikasie interne- en eksterne copinghulpbronne, aan die hand van navorsingsbevindings bespreek word. Ten opsigte van eersgenoemde kategorie sal aandag geskenk word aan 'n aantal persoonlike disposisionele faktore vanuit die salutogene/psigofortologiese metaperspektiewe, wat spesifiek met effektiewe coping en psigologiese welstand verbind word. Dit word opgevolg met 'n bespreking van enkele eksterne hulpbronne wat die individu in staat stel tot effektiewe coping en die verbetering van psigologiese welstand.

#### **2.5.4.2 Interne copinghulpbronne**

In die volgende afdeling word oorweging geskenk aan enkele persoonlike, disposisionele faktore wat 'n verband met coping en aspekte van psigologiese welstand toon.

##### **2.5.4.2.1 Koherensiesin**

In sy teorie oor hoe persone stres hanteer en gesond bly het Antonovsky (1979, 1987) die konstruk koherensiesin ontwikkel. Koherensiesin word gesien as 'n disposisionele oriëntasie en in die verband definieer Antonovsky (1987, p.19) koherensiesin as volg:

The Sense of Coherence is a global orientation that expresses the extent to which one has a pervasive, enduring though dynamic feeling of confidence that ; (1) the stimuli deriving from one's internal and external environments in the course of living are structured, predictable

and explicable; (2) the resources are available to one to meet the demands posed by these stimuli; and (3) these demands are challenges, worthy of investment and engagement.

Hierdie definisie sluit drie dimensies in naamlik : verstaanbaarheid , hanteerbaarheid en betekenisvolheid. Verstaanbaarheid dui die mate aan waartoe die individu interne sowel as eksterne stimuli nou, maar ook in die toekoms, as geordend, gestruktureerd en konsekwent sal ervaar. Hanteerbaarheid verwys na die mate waarin lewenseise as hanteerbaar en selfs as nuwe uitdagings beskou kan word asook die toereikendheid en beskikbaarheid van hulpbronne ten einde hierdie eise te hanteer. Betekenisvolheid behels die individu se toegewydheid en motivering tot lewensaktiwiteite aangesien die lewe vir hierdie individu op 'n emosionele vlak sin maak. Volgens Antonovsky (1979, 1987) stel 'n goed ontwikkelde koherensiesin die individu in staat om stres effektief te hanteer en psigologies gesond te bly. Antonovsky (1987) het die konsep van veralgemeende weerstandshulpbronne gebruik om te verwys na enige eienskappe van 'n persoon, groep of die omgewing wat effektief kan bydrae tot die vermyding of hantering van 'n wye verskeidenheid stressore. Hierdie weerstandshulpbronne sluit onder andere in : fisiese en biochemiese hulpbronne, materiële hulpbronne, kognitiewe en emosionele hulpbronne, 'n evaluerende ingesteldheid as hulpbron, interpersoonlike verhoudings en die makrososiale kultuur (Antonovsky, 1979). Hierdie hulpbronne stel die individu in staat om sin te maak uit die onbepaalde stressore waarmee hy daaglik gekonfronteer word. Wanneer die persoon van mening is dat hierdie weerstandshulpbronne herhaaldelik en geredelik beskikbaar is wanneer hulle benodig word, lei dit tot die ontwikkeling van 'n sterk koherensiesin. Hierdie proses is egter siklies van aard deurdat 'n sterk koherensiesin weer tot die mobilisering van hulpbronne aanleiding gee (Antonovsky, 1987).

Flannery en Flannery (1990) het gevind dat koherensiesin nie slegs negatief korreleer met lewensstres en sielkundige simptomatologie nie, maar dat koherensiesin ook die invloed van lewensstres verswak, terwyl McSherry en Holm (1994) daarop wys dat persone wat oor lae vlakke van koherensiesin beskik, in teenstelling met persone met



gemiddelde tot hoë vlakke van koherensiesin, meer spanning, angs en aggressie tydens stresvolle situasies ervaar. In die Suid-Afrikaanse konteks is die volgende bevind : Helmand (2001) bevind 'n positiewe verband tussen koherensiesin en lewenstevredenheid by persone met traumatiese hoofbeserings; 'n beduidende verband is ook tussen salutogenese en werksoriëntasie gevind en word toegeskryf aan die gemeenskaplike aspek van optimalisering by die mens ten opsigte van die lewe en stres vir beide konstrukte (Viviers & Cilliers, 1999) ; koherensiesin toon 'n statisties en prakties betekenisvolle positiewe, korrelasie met werkstevredenheid (Strümpfer, Danana, Gouws & Viviers, 1998) en koherensiesin korreleer beduidend, positief met interne beheer, outonomie en selfdoeltreffendheid en beduidend negatief met eksterne beheer (Pretorius & Rothman, 2001). Koherensiesin as disposisionele oriëntasie, speel dus 'n belangrike rol in die mate waartoe 'n persoon welstand ervaar en effektief met stressore in sy omgewing cope.

#### **2.5.4.2.2 Fortaliteit**

In 'n studie na die rol van verskeie persoonlike en omgewingsveranderlikes in die handhawing en bevordering van gesondheid, het Pretorius (1997) gepoog om 'n meer omvattende meta-konstruk daar te stel. Sy bevindinge het gelei tot die ontwikkeling van die konstruk fortaliteit. Fortaliteit word omskryf as die vermoë om stres te hanteer en gesondheid te handhaaf en hierdie vermoë word ontleen aan 'n positiewe selfbeoordeling, 'n positiewe beoordeling van gesinsondersteuning en 'n positiewe beoordeling van algemene sosiale ondersteuning deur ander (Pretorius, 1997). Fortaliteit behels dus die psigiese krag wat voortspruit uit die individu se positiewe waardering van die self en sy/haar wêreld, wat sodanige individu gevolglik in staat stel om lewenseise te bowe te kom. Dit lei tot die ontwikkeling van selfvertroue betreffende die suksesvolle konfrontering en hantering van stresvolle lewensomstandighede. Pretorius (1997) het bevind dat fortaliteit 'n gesondheidsonderhoudende rol speel ten opsigte van lewenstevredenheid, positiewe affek en subjektiewe welstand. Ten opsigte van die rol van fortaliteit in stresshantering het Pretorius (1997) bevind dat 'n stresweerstandige groep hoër vlakke van fortaliteit getoon het as groepe met lae

stresweerstandigheid, wat ook bevestig is deur Engelbrecht (1999) se bevindinge dat fortaliteit betekenisvol, negatief korreleer met stresverwante simptomatologie.

#### **2.5.4.2.3 Persoonlikheidsgehardheid**

In 'n poging om innerlike hulpbronne te identifiseer wat as moontlike verklaring kan dien vir die modererende rol van stres op fisieke en geestelike gesondheid, het Kobasa (1979) en Kobasa, Maddi en Kahn (1982) die konstruk gehardheid ontwikkel. Hulle baseer hulle definisie op die eksistensiële persoonlikheidsteorie en definieer die konstruk gehardheid as 'n konstellasie van persoonlikheidsienskappe wat funksioneer as 'n weerstandsbron in die aangesig van stresvolle lewensgebeure (Kobasa, Maddi & Kahn, 1982). Hierdie persoonlikheidsveranderlike word saamgestel uit drie basiese, onderling verbandhoudende elemente naamlik : toewyding, kontrole en uitdaging. Geharde individue verbind hulle maklik tot lewenstake, hulle glo dat hulle 'n mate van kontrole oor die oorsake sowel as die oplossings van lewensprobleme het en verandering en eise waarby aangepas moet word, word as uitdagings en geleenthede vir groei, gesien. Kobasa (1982) maak daarop aanspraak dat gehardheid geassosieer word met 'n geneigdheid om stresvolle gebeure in minder bedreigende terme waar te neem. Gehardheid word geassosieer met minder ongunstige affektiewe en psigofisiologiese response in die aangesig van stres. In dié verband is bevind dat persone wat oor 'n hoë mate van gehardheid beskik minder negatiewe en meer positiewe affek rapporteer (Wiebe, 1991) en 'n laer geneigdheid toon om depressiewe simptomatologie in die aangesig van stres te ontwikkel (Pengilly & Dowd, 2000). Teoreties blyk dit dus dat hierdie eienskappe 'n beskermende funksie vervul. Dit verminder die stresvolle aard van 'n gebeurtenis, wat resulteer in 'n verlaging in die vermoë van die stressor om gesondheid nadelig te beïnvloed.

#### **2.5.4.2.4 Persoonlike bevoegdheid, selfvertroue, selfdoeltreffendheid en optimisme**

Teoreties blyk die konsep van persoonlike bevoegdheid aanverwant te wees aan ander

konsepte van persoonlike kontrole of bemeestering soos selfdoeltreffendheid, selfvertroue en optimisme. Hierdie konsepte word vervolgens saam bespreek ten opsigte van hul bydrae tot coping en psigologiese welstand.

Volgens Robinson en Shaver (1975) wys persoonlike bevoegdheid op die gevoel van bemeestering oor die self en die omgewing. In ondersoeke is gevind dat persoonlike bevoegdheid 'n geringe tog betekenisvolle direkte effek met die ervaring van depressie-simptome getoon het (Lin, Dean & Ensel, 1986), gesondheid bevorder het en dat die rol wat omgewingsveranderlikes in die verlaging van stres speel, afhanklik is van individuele disposisionele eienskappe soos persoonlike bevoegdheid, persepsie van probleemoplossingsvermoë asook selfagting (Pretorius, 1997). Holahan en Moos (1985) wys daarop dat individue wat stresweerstandigheid demonstreer, gekenmerk word deur hoë vlakke van selfvertroue. In aansluiting hierby het Carver en Scheier (1994) asook Segerstrom, Taylor, Kemeny en Fahey (1998) in verskillende studies gevind dat selfvertroue omgekeerd geassosieer is met gevoelens van bedreiging en skade, dat optimisme geassosieer word met beter psigologiese en fisieke aanpassing by stresvolle gebeure en dat optimisme moontlik geassosieer kan word met immuunveranderinge (verhoogde T-helperselle) tydens stresvolle omstandighede.

Selfdoeltreffendheid verwys na die mate waarin persone voel dat hulle hul eie gedrag kan beheer (Bandura, 1986). Die volgende is aangaande individue met hoë vlakke van selfdoeltreffendheid bevind : sodanige individue is minder geneig om stressore as bedreigend waar te neem, is in staat om meer effektiewe wyses van coping met stressore te ontwikkel en hierdie persone reageer nie so negatief op werkoorladings nie (Jex & Bliese, 1999). In 'n ander studie het Jex en Gudanowski (1992) 'n sterk verband gevind tussen kollektiewe doeltreffendheid enersyds en stressore en spanning andersyds, maar individuele selfdoeltreffendheid het slegs 'n gemiddelde verband getoon met angs, 'n swak verband met frustrasie en geen verband met stressore nie. In aansluiting hierby kon Pretorius en Rothmann (2001) geen verband tussen selfdoeltreffendheid en werkstevredenheid vind nie. Ten opsigte van bogenoemde persoonlike disposisies huldig Taylor en Brown (1988) die mening dat psigies gesonde

persone oor die vermoë beskik om hulself op wyses waar te neem wat tot 'n verhoging in selfagting en persoonlike doeltreffendheid lei en 'n optimistiese siening van die toekoms fasiliteer.

Ter operasionalisering van disposisionele hulpbronne sal die volgende veranderlikes, naamlik persoonlike bevoegdheid, die drie subskale van fortaliteit (selfbeoordeling, beoordeling van gesinsondersteuning en beoordeling van algemene sosiale ondersteuning) asook koherensiesin, in die ondersoek na die verband tussen hierdie faktore en die psigologiese welstand van polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede, ingesluit word.

Vervolgens sal sosiale ondersteuningsbronne asook materiële hulpbronne, as voorbeelde van eksterne copinghulpbronne, kortliks bespreek word.

### **2.5.4.3 Eksterne copinghulpbronne**

#### **2.5.4.3.1 Sosiale ondersteuningsbronne**

Gesondheidsielkundiges wys daarop dat ondersteunende sosiale verhoudings die effek van stres kan demp, persone kan help om beter met stres te cope en gesondheid en welsyn kan verbeter (Sears, Peplau & Taylor, 1995). Die volgende wyses word voorgestel waarvolgens sosiale ondersteuning die effektiewe coping met stres kan modereer : emosionele besorgdheid uitgedruk in die vorm van liefde en empatie, kan ondersteuning bied ; instrumentele bystand soos die verskaffing van goedere of dienste tydens stresvolle episodes, kan as 'n gebaar van sosiale ondersteuning geïnterpreteer word ; die voorsiening van inligting rakende 'n stresvolle situasie kan van hulp en waarde wees en die verskaffing van inligting kan 'n ondersteunende funksie vervul wanneer dit relevant en in ooreenstemming is met die die individu se selftaksering en selfevaluering (Holahan & Moos, 1987; Sears, Peplau & Taylor).

Navorsing benadruk deurgaans die positiewe bydrae van sosiale ondersteuning ten

opsigte van die effektiewe hantering van stres en die verbetering van fisieke en psigologiese welstand. In die verband wys Billings en Moos (1984) asook Pengilly en Dowd (2000) op die omgekeerde verband tussen die voorkoms van depressie en fisieke simptome en die aantal asook die aard van ondersteuning van sosiale verhoudings en kom tot die gevolgtrekking dat sosiale ondersteuning die effek van stres op depressie kan buffer. Pretorius en Diedericks (1994) het gevind dat sosiale ondersteuning selfs in die afwesigheid van stres, 'n belangrike gesondheids-instandhoudingsfunksie vervul en die afleiding word gemaak dat sosiale ondersteuning, onafhanklik van die vlak van stres, kan bydra tot psigologiese welstand.

Bliese en Britt (2001) het in die beroepsomgewing aangetoon dat werkstressore 'n swakker verband met depressie en lae moraal toon, wanneer daar 'n hoë mate van konsensus onder individuele lede van 'n groep bestaan en maak die gevolgtrekking dat positiewe sosiale omgewings individue in staat stel om effektief met stressore te cope. In 'n ondersoek na coping met transformasie het Fouche en Rothmann (2001) gevind dat deelnemers met die hoogste tellings ten opsigte van psigologiese sterktes, geneig is om sosiale ondersteuning in die omgewing te soek, nie ander persone te blameer nie, en die beskikbare bronne van sosiale ondersteuning in die beroeps- en gesinsomgewings te benut. Hierdie bevindinge dui daarop dat sosiale ondersteuningsbronne waarskynlik verskillende funksies vervul tydens die proses van transformasie. Van der Pompe en De Heus (1993) het gevind dat vrouens 'n groter mate van lewensondersteuning as mans ervaar en dat die verhouding tussen beroepstres en beroeps ondersteuning asook tussen lewensondersteuning en beroepstevredenheid sterker vir vrouens as vir mans is.

#### **2.5.4.3.2 Materiële hulpbronne**

Die effek van die copingproses op welstand word nie alleen beïnvloed deur persoonlike disposisies en sosiale ondersteuning nie, maar hang ook af van die beskikbaarheid van ander hulpbronne. In dié verband verwys Antonovsky (1979) as deel van sy weerstandshulpbronne na bronne deur die mens geskep, waaronder geld, fisieke krag,

skulping, klere en genoegsame voedsel resorteer. Folkman et al.(1991) maak ook melding van fisiese bronne soos geld en wys daarop dat die opsies vir coping beïnvloed word deur die beskikbaarheid van bepaalde hulpbronne. Geld bied byvoorbeeld meer geredelike toegang tot wetlike, mediese, finansiële en ander professionele hulpmiddels. Hobfoll (1988,1998) se kategorie van voorwerphulpbronne sluit by bogenoemde aan. Hierdie hulpbronne het 'n fisiese teenwoordigheid en sluit onder meer 'n huis, vervoermiddelle en ook statussimbole soos diamante en waardevolle huishoudelike items, in. Die waarde van sommige van hierdie bronne is geleë in 'n direkte oorlewingswaarde, terwyl ander verworwe waarde verkry deurdat hulle verbind word met status en selfagting (Hobfoll,1998). Volgens Hobfoll stel omstandighedsbronne, soos gezondheidstatus, werk en 'n huwelik, die individu in staat om toegang tot ander bronne byvoorbeeld materiële besittings en sosiale ondersteuning te verkry. 'n Derde kategorie betrek sogenaamde energiebronne waarvan die waarde daarin geleë is dat hul geruil kan word vir bronne vanuit die ander kategorieë en sluit geld, krediet en kennis in.

#### **2.5.4.4 Samevatting**

Uit die samevatting van eksterne hulpbronne, is die verband daarvan met coping en die bevordering van psigologiese welstand, aangedui. Ter operasionalisering van eksterne copinghulpbronne in hierdie ondersoek, sal uitsluitlik gefokus word op sosiale ondersteuning en spesifiek die persoon se beoordeling van sy gesinsondersteuning asook sy/haar beoordeling van algemene sosiale ondersteuning, soos gemeet deur die Fortaliteitsvraelys van Pretorius (1997).

Die interne sowel as eksterne hulpbronne waaroor die individu beskik, speel egter 'n bykomende rol ten opsigte van die keuse van copingstrategieë wat gebruik word om psigologiese welstand te bevorder. In die volgende afdeling sal bepaalde copingstrategieë asook enkele determinante wat die keuse daarvan beïnvloed, kortliks bespreek word.

## 2.6 COPINGSTRATEGIEË EN DIE DETERMINANTE DAARVAN

### 2.6.1 Copingstrategieë

Lazarus en Folkman (1984) tref in hul model van stres en coping onderskeid tussen twee algemene copingstrategieë naamlik probleem-gefokusde coping (gedragsmatige pogings om stres te verminder en 'n gerigtheid op probleemoplossing) en emosie-gefokusde coping ('n gerigtheid op die vermindering of hantering van emosionele ongemak, geassosieer met die stresvolle situasie). Moos (2002) onderskei copingvaardighede op grond van hul fokus (nadering of vermyding) en metode (kognitief of gedragsmatig). Wanneer hierdie twee uitgangspunte gekombineer word, kan copingvaardighede in vier domeine getipeer word: logiese analise en positiewe hertaksering reflekteer *kognitiewe naderingscoping* ; soeke na ondersteuning en probleemoplossing reflekteer *gedragsmatige naderingscoping* ; kognitiewe vermyding en affektiewe oorgawe verteenwoordig *kognitiewe vermydingscoping* terwyl soeke na alternatiewe belonings en emosionele ontlading *gedragsmatige vermydingscoping* verteenwoordig. In die algemeen blyk dit, aldus Moos (2002), dat individue wat voorkeur aan naderingscoping verleen meer waarskynlik is om stressore op te los, bepaalde voordele daaruit te verkry, meer selfvertroue te ontwikkel en 'n verlaagde insidensie van depressie en disfunksie te ervaar.

Carver, Scheier en Weintraub (1989), het in 'n kombinasie van hul teorie oor die selfregulering van volhoubare gedrag ten einde doelwitte te bereik en konstruksie van coping, 'n multidimensionele vraelys van copingstrategieë , die COPE-Vraelys ontwikkel. Die COPE assesser die verskillende wyses waarop persone met stres cope en doelwitte bereik. Die COPE meet vyf probleem-gefokusde strategieë, vyf emosie-gefokusde strategieë asook vier addisionele strategieë wat deur Carver et al. as minder effektief of destruktief beskou kan word. Aangesien die COPE-Vraelys in hierdie studie gebruik sal word om te bepaal hoe polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede cope, sal die 14 copingstrategieë van die COPE (Carver et al.), vervolgens kortliks bespreek word.

## 1) **Probleem-gefokusde strategieë**

### **Aktiewe coping**

Dit is die proses waarvolgens aktiewe stappe geneem word om die stressor te elimineer of die effek daarvan te verbeter.

### **Beplanning**

Dit behels die proses waarvolgens die individu stappe bedink oor hoe om met die stressor te cope.

### **Onderdrukking van kompeterende aktiwiteite**

Hierdie strategie behels die tydelike tersydestel van ander projekte ten einde die stressor te hanteer.

### **Weerhoudingscoping**

Hier word gewag tot die gepaste geleentheid hom voordoer om op te tree.

### **Die soek van sosiale ondersteuning vir instrumentele redes**

Hierdie strategie behels die inwin van inligting en advies.

## 2) **Emosie-gefokusde strategieë**

### **Die soek van sosiale ondersteuning vir emosionele redes**

Dit behels die verkryging van morele ondersteuning, simpatie en begrip.

### **Positiewe herinterpretasie en groei**

Dit dui op coping wat daarop gemik is om onaangename of ontstellende emosies te hanteer.

### **Aanvaarding**

Dit behels die teenoorgestelde van ontkenning en kom neer op die aanvaarding van die realiteit van die situasie.

### **Die keer na religie**

Hierdie strategie behels die benutting van religie vir verskillende redes.

### **Fokus op en ventilering van emosies**

Dit behels die neiging om op die psigiese ongemak en ontsteltenis wat ervaar word, te fokus en gevoelens te ventileer.



### **3) Minder effektiewe/destruktiewe copingstrategieë**

#### **Ontkenning**

Die strategie kom neer op die ontkenning van die realiteit van die bestaan van die stressor.

#### **Gedragsonttrekking**

Hierdie strategie behels die vermindering van pogings om die stressor te hanteer of om selfs alle pogings te staak om doelwitte te bereik waarmee die stressor inmeng.

#### **Geestesonttrekking**

Geestesonttrekking geskied volgens 'n wye verskeidenheid aktiwiteite en het ten doel om die persoon te verhoed om te fokus op die gedragsmatige dimensie of doelwit waarmee die stressor inmeng.

#### **Die gebruik van alkohol/verdowningsmiddels**

Deur hierdie strategie word daar gepoog om te vergeet van die stresvolle situasie deur alkohol/verdowningsmiddels te gebruik.

Hierdie afdeling word afgesluit met 'n kort bespreking van enkele bevindinge rakende die veranderlikes wat die keuse van copingstrategieë bepaal.

## **2.6.2 Determinante wat copingstrategieë beïnvloed**

Alhoewel Lazarus en Folkman (1984) daarop wys dat beide tipes coping deur stressore ontlok word, blyk dit dat probleem-gefokusde coping domineer wanneer persone voel dat iets konstruktief gedoen kan word, terwyl emosie-gefokusde coping oorheers wanneer die persoon van mening is dat die stressor iets is wat verduur moet word. Vervolgens sal die invloed van persoonlikheidsdimensies asook sosiodemografiese faktore op die keuse van copingstrategieë, bespreek word.

### **2.6.2.1 Persoonlikheidsdisposisies**

#### **Ekstraversie**

Individue hoog in ekstraversie, maak van meer probleem-gefokusde coping gebruik as

individue laag in ekstraversie en neig om minder gebruik te maak van vermyding en ander disfunksionele vorme van emosie-gefokusde coping (McCrae & Costa, 1986). Hierdie individue gebruik wel meer funksionele wyses van emosie-gefokusde coping, waaronder soeke na sosiale ondersteuning, positiewe denke en weerhoudingscoping (McCrae & Costa), asook herdefiniëring, katarsis en religie (David & Suls, 1999).

#### **□ Gehardheid**

Geharde individue maak staat op aktiewe, probleem-gefokusde copingstrategieë ten einde stres te verander in 'n skadelose ervaring (Kobasa, 1982). Gehardheid modereer stres deur middel van verskille wat voorkom ten opsigte van die proses van taksering. Individue hoog in gehardheid beoordeel dieselfde objektiewe stressor as minder bedreigend en maak minder gebruik van distansiëring. In teenstelling hiermee maak individue laag in gehardheid gebruik van regressiewe copingstrategieë soos kognitiewe- en gedragsonttrekking asook ontkenning (Wiebe, 1991 ; Florian, Mikulincer & Taubman, 1995).

#### **□ Selfvertroue en Optimisme**

Holahan en Moos (1985) dui aan dat persone wat oor meer selfvertroue beskik, in 'n hoër mate van aktiewe copingstrategieë gebruik maak. Die neiging om die lewe rustiger en met meer selfvertroue te benader, verlaag die persepsie van bedreiging wat stresvolle gebeure vir die individu inhou en verminder die vermyding daarvan. Scheier, Weintraub en Carver (1986) het gevind dat optimisme positief geassosieer word met probleem-gefokusde coping. Optimisme korreleer positief met die gebruik van positiewe herinterpretasie, maar toon 'n omgekeerde verband met ontkenning/distansiëring.

#### **□ Neurotisme**

Carver et al. (1989) het 'n positiewe verband tussen neurotisme en gedragsonttrekking, geestesonttrekking, ontkenning en ventilering van emosies aangedui, terwyl negatiewe korrelasies met aktiewe coping en positiewe herinterpretasie gevind is. Hierdie individue se coping is verder indikatief van vyandige reaksies, besluitloosheid en passiwiteit (McCrae & Costa, 1986)

## 2.6.2.2 Sosiodemografiese veranderlikes

### □ Opvoedingspeil en sosio-ekonomiese status

Ten opsigte van die sosiodemografiese veranderlikes, opvoedingpeil en sosio-ekonomiese status (inkomste), het Holahan en Moos (1987) gevind dat beide 'n beduidende bydrae lewer tot die voorspelling van aktiewe-gedragmatige en aktief-kognitiewe copingstrategieë. Hulle het ook gevind dat beide normale asook depressiewe persone vanuit 'n hoër sosio-ekonomiese status, meer geneig is om van aktiewe gedragstrategieë gebruik te maak en minder geneig is om op vermydingscoping te steun.

### □ Sosiale ondersteuning

Uit die literatuur blyk dit ook dat sosiale ondersteuning 'n rol mag speel in die keuse van die copingstrategieë waarvan individue tydens stresvolle situasies gebruik maak. Holahan en Moos (1985) het vir beide 'n gemeenskaps-en pasiëntepopulasie gevind dat gesinsondersteuning 'n positiewe verband toon met aktiewe copingstrategieë. Voorts is gesinsondersteuning konstant geassosieer met 'n verlaging in die gebruikmaking van vermydingscoping. Scheck en Kinicki (2000) het 'n direkte positiewe, verband gevind tussen sosiale ondersteuning en konfronterende coping, planmatige probleemoplossing asook wensdenkery en distansiëring.

### □ Geslag

Wat geslag aanbetref het Hobfoll, Dunahoo, Ben-Porath en Monnier (1994) gevind dat vrouens meer prososiaal, maar minder aktief is as mans in terme van hulle copingstrategieë. Mans daarenteen is meer geneig as vrouens om van antisosiale en aggressiewe, maar minder assertiewe copingstrategieë gebruik te maak. In 'n ondersoek na die verband tussen copingstrategieë en psigiese ongemak, het aktiewe coping 'n verband getoon met verlaagde emosionele ongemak vir beide mans en vrouens, terwyl prososiale sowel as anti-sosiale coping 'n verband getoon het met verhoogde psigiese ongemak onder mans. Billings en Moos (1984) sowel as Folkman et al. (1986) kon slegs relatief klein en geen betekenisvolle geslagsverskille ten opsigte

van copingstrategieë vind nie.

### **2.6.3 Samevatting**

Uit bogenoemde bespreking, blyk dit dus dat 'n groot verskeidenheid copingstrategieë identifiseer kan word en dat die aard van die disposisionele en sosiodemografiese faktore 'n rol speel in die keuse van copingstrategieë waarvan die persoon gebruik maak.

## **2.7 SAMEVATTING**

In hierdie hoofstuk is die motivering tot hierdie ondersoek, toegelig vanuit die metateoretiese perspektief van die positiewe sielkunde. Lig is gewerp op die oorsprong daarvan en 'n omskrywing van die konstruk, het plaasgevind. Die salutogene, fortigene asook psigofortologiese paradigmas, wat belangrike metaperspektiewe binne hierdie raamwerk vorm, is hiernaas bespreek. Die kriteriumveranderlike van hierdie ondersoek, psigologiese welstand, wat sterk binne hierdie metaperspektiewe figureer, is voorts gekonseptualiseer en aan die hand van holistiese modelle, verder toegelig. Die hoofstuk is afgesluit deur 'n bespreking van die belangrikste konstrakte en dimensies wat psigologiese welstand onderlê of voorspel. In dié verband is aandag geskenk aan lewenstevredenheid, positiewe en negatiewe affek, persoonlike disposisionele faktore, die konstruk coping, interne en eksterne copinghulpbronne asook copingstrategieë en die moderatore daarvan.

Die fokus van die volgende hoofstuk val op die ondersoekgroep van hierdie studie, naamlik die Suid-Afrikaanse Polisieagents. Die verband tussen die twee teoretiese hoofstukke sal telkens geïllustreer word deur die belangrikste konstrakte wat in hierdie hoofstuk aangeraak is, op die onderhawige ondersoekgroep van toepassing te maak.

## HOOFSTUK 3

### DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS

#### 3.1 INLEIDING

Polisiëring word deur Van Heerden (1996, p.16) voorgehou as “daardie magshandeling in die formele maatskaplike beheerstruktuur waardeur interne orde gehandhaaf word in ooreenstemming met die beginsels van regsbevoegdheid en grondwetlike individuele aansprake”. Sedert die eerste demokratiese verkiesing in 1994, het radikale demografiese, maatskaplike en politieke veranderinge in Suid-Afrika plaasgevind. Hierdie veranderinge het die samelewingsprosesse in Suid-Afrika drasties beïnvloed en verander, wat op sy beurt nie slegs die polisie indringend in sy rolvervulling geraak het nie, maar ook die interne polisiële rolkonsep drasties beïnvloed het (Du Preez & Prinsloo, 1994). Wanneer politieke en sosiale transformasie in ‘n samelewing plaasvind teen die tempo waarin dit in Suid-Afrika plaasgevind het, lei dit tot die ervaring van onsekerheid en angs. In dié verband wys Nel (1998) dat dit geen geringe taak vir die polisiebeampte is om aan te pas by die veranderinge wat hul eie lewens en werk raak nie. Hierbenewens moet die polisiebeampte ook die stabiliteit en handhawing van wet en orde verseker in ‘n samelewing wat in die proses van aanpassing is. Voorts word hierdie rol bemoeilik deur negatiewe openbare houdings, ‘n gebrek aan vertrouwe aan die kant van die gemeenskap, kritiek teenoor die pogings van die polisie diens om wet en orde te handhaaf asook beperkte ondersteuning (Nel).

Met betrekking tot sy openbare diensverrigting in hierdie veranderende sosio-politieke samelewing wat deur toenemende geweld gekenmerk word, word die individuele polisiebeampte dikwels aan toestande blootgestel wat eerder deur die gemeenskap vermy en geïgnoreer wil word (Wilson, 1993). Nel (1998) wys in die verband daarop dat die polisiebeampte verskeie rolle vervul waarvan baie die individu aan grusame en angswekkende situasies blootstel. As deel van hul pligte is polisiebeamptes teenwoordig in situasies waarvan die meeste as kritiese insident stressore beskryf kan word. Hieronder tel skietvoorvalle, die oplos van interpersoonlike- en faksiegevegte, die



aanskoue en hantering van verminkte liggame van slagoffers en die gewelddadige dood van kollegas (Nel, 1998). Weens hierdie redes word polisiebeamptes dikwels beskryf as sekondêre slagoffers weens die blootstelling aan kritiese insident stressore.

Wilson (1993) is van mening dat die polisiebeampte gekonfronteer word met 'n rol, enig in sy soort, ten opsigte van die kompleksiteit daarvan. Buiten die rolverwagting ten opsigte van die sinvolle beheer van wet en orde in 'n vinnig veranderende samelewing, word 'n bykomende rol aan die polisie diens toegeken weens die feit dat hul vir 24 uur, sewe dae per week beskikbaar is. Hierdie bykomende rol word vervat in seksie 14 van Wet 68 van 1995, wat verwys na die sosiale of gemeenskapsverwante funksie van die polisie diens (Lambrecht & Prinsloo, 1996). Wilson sluit hierby aan en verwys na die rol wat aan die polisiebeampte toegedig word as 'n versorgende, simpatieke en vriendelike dokter, verpleegster en maatskaplike werker in die uitvoer van take soos die veilige tuisbesorging van die dronkaard, die hantering van gesinsdispute en selfmoorddreigemente asook hulpverlening aan kinders en bejaardes.

Uit bogenoemde literatuur blyk dit dat die werksaamhede van die polisiebeampte as divers, maar ook as kompleks, weersinwekkend en gevaarlik beskou kan word. In die afdelings van hierdie hoofstuk wat volg word die dimensionaliteit van polisiestressore breedvoerig bespreek, daar word gekyk na die gevolge van beroepspanning by die polisiebeampte en die hoofstuk sluit af met 'n bespreking van die copingmeganismes waarvan polisiebeamptes gebruik maak ten einde hierdie beroepspanning te hanteer.

### **3.2 DIE DIMENSIONALITEIT VAN POLISIESTRESSORE**

Verskeie internasionale en Suid-Afrikaanse studies aangaande die aard van polisiestressore het reeds verskyn (Anshel, Robertson & Caputi, 1997; Brown, Cooper & Kirkcaldy, 1996; Cacioppe & Mock, 1985; Gulle, Tredoux & Foster, 1998; Koortzen, 1996 ; Kroes, 1976). Hierdie ondersoeke sentreer veral rondom die bronne van stres en die ernstigheidsgraad van hierdie stressore. Tydens baanbrekerswerk wat reeds in 1976 onderneem is, onderskei Kroes tussen twee tipes streskategorieë naamlik i)

stressore wat die polisie met ander beroepsrigtings deel en ii) polisie-spesifieke stressore. Onder eersgenoemde kategorie resorteer administrasie, beroepskonflik, 'n tweede werk, werkoorsading, skofwerk, onvoldoende hulpbronne, ongelykhede in salaris en beroepstatus en verantwoordelikheid vir mense. Stressore wat spesifiek tot die polisiediens is, sluit volgens Kroes die volgende in : howe, negatiewe openbare houdings, konflikterende waardes, rasgebaseerde situasies asook die aard van die werk en krisissituasies. In hulle model het Cacioppe en Mock (1985) die resultate van verskeie studies saamgevat in 'n sintese van polisiestressore. Hierdie sintese betrek nege streskategorieë van polisiewerk en sluit die volgende in :

- Aard van die werk
- Portuurwerkgroep
- Bestuur/Toesighouding/Leierskap
- Individuele faktore
- Organisasoriese bestuurs-/Toesighoudende vlak
- Publieke/Sosiale omgewing
- Huislike en sosiale lewensomstandighede
- Organisasoriese/Polisieprosedures/Bronne
- Howe/Wetlike sisteme

Soos reeds onder punt 3.1 verwys, verskil die situasie van die Suid-Afrikaanse polisiediens van dié van ander lande. Die resultate van Koortzen (1996) se bevindinge rakende die Suid-Afrikaanse konteks, toon aan dat die stressore van polisiewerk in makro-, meso- en mikrofaktore verdeel kan word. Vir die doeleindes van hierdie navorsingsondersoek sal die belangrikste polisiestressore met verwysing na verskeie Suid-Afrikaanse asook Internasionale literatuurstudies, aan die hand van die drieledige indeling van Koortzen bespreek word.

### **3.2.1 Makro-faktore**

Makrofaktore verwys na stressore wat van buite die organisasie 'n invloed uitoefen op die polisiebeampte se werksfunksionering en word deur Koortzen (1996) verdeel in

omgewings-, gesins- of huweliksdimensies.

### □ Omgewingstressore

Omgewingstressore verwys na die invloed wat die gemeenskap op die polisiebeampte se funksionering uitoefen. Koortzen (1996) verwys na die invloed van veral vyf groepe vanuit die gemeenskap wat stresvol deur die polisiebeampte ervaar word. Die eerste hiervan is die **howe**. Kroes (1976) wys daarop dat die polisiebeampte homself waarneem as 'n bevegter van kriminaliteit en vind trots daarin om 'n verdagte te arresteer met die resulterende geloof dat hy op hierdie wyse die belange van die gemeenskap dien. Verskeie navorsers verduidelik dat die stresvolle invloed van die howe daarin geleë is dat die persepsie onder polisiebeamptes bestaan dat sommige vonnisse te toegeeflik en ontoepaslik is en dat hulle professionele pogings daardeur ongedaan gemaak word (Gulle, Tredoux & Foster, 1989; Koortzen, 1996; Kroes, 1976; Vorster, 1998). Bykomend hiertoe is die gebrek aan konsiderasie wat deur die howe teenoor polisiebeamptes geopenbaar word. Dit manifesteer onder andere in die skedulering van die polisiebeampte se verskyning in die hof (Kroes ; Roosendaal, 2002), prokureurs se konfrontasie met die polisiebeampte en die houding van die regter teenoor die polisiebeampte (Kroes) asook die lang verloop tot op die stadium van 'n verhoor en indien dit uitloop op ontoepaslike vonnisse, dit 'n demoraliserende invloed op die polisiebeampte het (Koortzen; Roosendaal).

Die **media** is 'n tweede groep wie se aksies tot stres by die polisiebeampte kan aanleiding gee. Die media dek verhore en polisieoptredes waardeur hulle die publieke opinie ten opsigte van die polisie negatief kan beïnvloed (Koortzen, 1996). Bykomend hiertoe wys Koortzen asook Nel en De Lange (1993) op die waarneembaarheid van die polisiebeampte in die uitvoer van hulle take. Dit stel eise aan hulle ten opsigte van die effektiewe uitvoer van hulle pligte en daar word ook van hulle verwag om moreel bo verdenking te wees en oor 'n sin van regverdigheid en geregtigheid te beskik. Die polisiebeampte word in Koortzen se woorde letterlik "met 'n vergrootglas dopgehou".



Volgens Koortzen(1996) hou die derde groep, naamlik die **gemeenskap in die algemeen**, verband met die dekking wat die polisie in die media ontvang. Nuusdekking kan die negatiewe houding jeens die polisie versterk en 'n negatiewe invloed uitoefen op die ondersteuning wat die polisie vanaf die gemeenskap ontvang (Koortzen, 1996; Nel, 1998). Nel en Roosendaal (2002) wys bykomend op die gebrek aan vertroue aan die kant van die gemeenskap, die daaropvolgende kritiek teenoor die polisiediens en gebrekkige ondersteuning ten opsigte van die pogings van die polisiebeampte. Die ernstigheidsgraad wat hierdie stressor vir polisiebeamptes inhou word geïllustreer deur die bevindinge van Gulle, Tredoux en Foster (1998) wat gevind het dat die ervaring van negatiewe publieke houdings en die kritiek teenoor die polisie, ten opsigte van die frekwensie van ervaring daarvan op 'n maandelikse basis, onderskeidelik sesde en sewende hoogste deur polisiebeamptes in die Wes-Kaap beoordeel is. Du Preez en Prinsloo (1994) wys voorts daarop dat 64.18% van die polisiebeamptes in die destydse Noord-Transvaal en die Oos-Kaap publieke antagonisme ervaar, terwyl 64.63% die publieke houding teenoor die polisie as negatief beoordeel. In dieselfde studie dui 82% van die respondente aan dat groter erkentlikheid deur die publiek hulle positief in hulle rolvervulling sal beïnvloed.

Die vierde groep verteenwoordig **georganiseerde militante- en drukgroepe** wie se optredes op hulle beurt ingrepe van die polisie vereis wat buite die sfeer van misdaadvoorkoming en misdaadondersoek val (Koortzen, 1996). Koortzen reken dat die stres wat hieruit resulteer die gevolg is van onvoldoende opleiding en 'n gebrek aan fisiese sowel as psigiese vaardighede, terwyl Kempen (1999) en Wilson (1993) van mening is dat polisiebeamptes ope teikens is van radikale elemente en rampokkers in die gemeenskap. Die laaste groep vanuit die gemeenskap waarna Koortzen verwys sluit die **regering en politici** in. Hierdie groepe oefen volgens Koortzen 'n indirekte invloed op hofuitsprake uit en bly in gebreke ten opsigte van ondersteuning aan die polisie.

## □ Gesin- en huwelikstressore

Gesin- en huwelikstressore resorteer ook onder die makro-vlak van polisiestressore en blyk die gevolg te wees van werkstressore wat negatief inwerk op die polisiebeamptes se gesinsverhoudinge (Koortzen,1996). Faktore wat in dié verband 'n negatiewe invloed op die polisiebeampte se huwelik- en gesinslewe uitoefen sluit onder meer die volgende in : afsonderlike tydskedules en beperkte kontak met gesinslede as gevolg van skofwerk ; lang werksure en die feit dat polisiebeamptes dikwels met afgedeelde diens weg van die huis is (Kroes,1976; Nel, 1998) ; die stryd om 'n balans te handhaaf tussen die rol as polisiebeampte en die rol as gesinspersoon en die gebrek aan begrip aan die kant van gesinslede vir die eise wat die polisiebeampte se werksomstandighede aan hom/haar stel (Wilson,1993) ; die emosionele afstomping of misplaaste emosionele uitbarstings teenoor gesinslede asook die ontwikkeling van 'n werkspersoonlikheid waarvan die polisiebeampte, ook in die interaksie met sy/haar gesinslede, nie kan ontslae raak nie (Koortzen; Kroes ; Nel ; Roosendaal, 2002).

### 3.2.2 Meso-faktore

Op die meso-vlak het Koortzen (1996) onderskeid getref tussen 'n bestuurs-/organisatoriese dimensie en 'n interpersoonlike dimensie.

#### □ Bestuurs-/organisatoriese dimensie

Volgens Koortzen (1996) verteenwoordig die bestuurs-/organisatoriese dimensie naas omgewing- en werkstressore die ernstigste stressore vir die polisiebeampte. Bestuurstressore verwys na die bestuurspraktyke van toesighouers. In 'n studie onder polisiebeamptes in die Noord-Transvaal en Oos-Kaap het Du Preez en Prinsloo (1994) gevind dat onregverdigte behandeling deur seniors en voortrekkery deur seniors as van die vernaamste redes aangevoer word waarom polisiebeamptes dit oorweeg om die diens te verlaat. Nel (1998) en Roosendaal (2002) is van mening dat polisiebestuur enersyds nie begrip en sensitiwiteit toon ten opsigte van die trauma en krisisse wat

polisieledede ervaar nie en andersyds nie oor die vaardighede beskik om hierdie krisis te bestuur nie. Dit word verder gekompliseer deur 'n algemene gebrek aan probleemoplossingsvaardighede onder beide toesighouers en lede, wat op sy beurt resulteer in die eskalasië van kleiner krisisse, gevoelens van oorweldiging en 'n toename in die ervaring van stres (Nel).

Organisatoriese stressore hou verband met die burokratiese struktuur van die polisie diens, beleid en prosedures, problematiek binne werkgroepe en tussen die groep en die individu (Koortzen, 1996). Ten opsigte van die burokratiese struktuur het Kroes (1976) bevind dat stres ontstaan as gevolg van die feit dat polisiebeamptes beperkte professionele insette mag lewer ten opsigte van besluite en beleidsaspekte wat hulle direk raak en weens die rangstruktuur word die uitspraak van menings teenoor seniors ontmoedig. Alhoewel Koortzen ten opsigte van die organisatoriese konteks 'n relatief lae lading vir ontoereikende beloning- en salarissisteme gevind het, is die teenoorgestelde deur verskeie ander navorsers bevind en hul wys op die bydraende rol wat swak salarisse, onvoldoende en/of swak toestand van toerusting en hulpbronne asook swak behuisingstoestande speel in die ervaring van stres onder polisiebeamptes (Brown, Cooper & Kirkcaldy, 1996; Du Preez & Prinsloo, 1994; Gulle, Tredoux & Foster, 1998; Kroes; Nel, 1998; Roosendaal, 2002 ; Vorster, 1998).

#### □ **Interpersoonlike stressore**

Hierdie stressore beïnvloed interpersoonlike verhoudings negatief as gevolg van gebrekkige of dubbelsinnige kommunikasie (Koortzen, 1996). Kroes (1976) sluit hierby aan en wys daarop dat polisie departemente hoogs gestruktureerd is met spesifieke en formele kommunikasiekanale. Werkskonflik kan ontstaan as gevolg van verskille ten opsigte van die verwagtinge van hoofbestuur en dié van die beampte se direkte bevelvoerders. Interpersoonlike stressore sluit ook oneffektiewe verhoudinge in die werk en in die gemeenskap in en kan volgens Koortzen tot isolasie by die polisiebeampte aanleiding gee. Interpersoonlike konflik in die werksituasie is dikwels die gevolg van diskriminasie en ondemokratiese bestuurspraktyke, 'n gebrek aan

gelykheid en verteenwoordiging (Nel, 1998), terwyl Roosendaal (2002) en Vorster (1998) wys op die ontevredenheid wat onder polisielede voorkom as gevolg van die feit dat onbekwame lede ter wille van regstellende aksie aangestel en bevorder word en dat goeie en swak werkers dieselfde salaris en voordele ontvang. In reaksie op die negatiewe druk van buite, neig polisiebeamptes om hulle interaksie tot mekaar te beperk en op mekaar staat te maak vir ondersteuning. Dit lei egter tot isolasie en die verlies aan vriende buite die polisie en aangesien hierdie eksklusiewe interaksie met slegs polisielede ook na-ure plaasvind, vervreem dit ook die polisiebeampte se gesin van sosiale verhoudinge met ander individue in die gemeenskap (Koortzen; Kroes).

### **3.2.3 Mikro-faktore**

Koortzen (1996) wys daarop dat die mikro-vlak van polisiestressore uit twee dimensies bestaan, naamlik intrapsigiese- en werkstressore.

#### **□ Intrapsigiese stressore**

Verskeie stressore word as intrapsigies deur Koortzen (1996) geklassifiseer vanweë die direkte invloed daarvan op die intrapsigiese funksionering van polisiebeamptes. Fisieke en geestesgesondheid, houdings, selfbeeld, status en die verwagtinge van ander resorteer onder hierdie kategorie van polisiestressore (Koortzen). Ten opsigte van hul navorsingsvraag oor polisiebeamptes se beoordeling van hul sosiale status, het Du Preez en Prinsloo (1994) gevind dat 36.15% van polisiebeamptes hulle sosiale status as bogemiddeld ervaar, terwyl 47.50% en 16.35% onderskeidelik, hulle sosiale status as gemiddeld en ondergemiddeld beoordeel het, terwyl Kroes (1976) melding maak van die feit dat die polisiebeamptes se lae sosiale status deurlopend onder hulle aandag gebring word. Beide Koortzen en Nel (1998) wys daarop dat hierdie stressore op kognitiewe, affektiewe en konatiewe vlakke manifesteer en die wyse beïnvloed waarop polisiebeamptes hulself sien, oor hulself voel asook teenoor ander optree. Polisiebeamptes raak byvoorbeeld afgestomp, onsensitief, spot oor die toestand van slagoffers en ontwikkel 'n "macho kultuur" wat die uitdruk van persoonlike gevoelens

inhibeer (Nel; Roosendaal, 2002) en selfaktualisering negatief beïnvloed (Koortzen).

### □ Werkstressore

Koortzen (1996) verwys na werkstressore as stressore wat ontstaan in die uitvoer van die take en verantwoordelikhede van polisiebeamptes. Dit sluit onder andere gevaarsituasies en die vrees vir fisieke besering en lewensverlies in (Koortzen). Polisiewerk was nog altyd met gevaar geassosieer. In die verband wys Kempen (1999) en Wilson (1993) daarop dat hierdie aanname veral substansie verkry in die tydvak waarin ons onself bevind. Daar word op polisiebeamptes geskiet, hulle word aangerand en ernstig beseer of gedood. Tekenend hiervan is die 204 polisiebeamptes wat in 1999 vermoor is en alhoewel die syfer gedurende 2000 effens afgeneem het, is 185 polisiebeamptes steeds vermoor (Van Jaarsveld, 2001). Insgelyks wys verskeie outeurs op die voorkoms van krisissituasies wat 'n bedreiging vir die polisiebeampte se fisieke welstand inhou in die sin van moontlike besering of dood (Kempen, 1999; Kroes, 1976; Roosendaal, 2002). Een krisissituasie wat 'n hoë waarskynlikheid ten opsigte van beserings en selfs die dood inhou, is die intervensie in gesinskrisisse. Kroes wys daarop dat 22% van sterftes en tot 40% van polisiebeserings die gevolg is van intervensie tydens gesinsdispute. Die bevindinge word bevestig deur ander outeurs soos Anshel, Robertson en Caputi (1997) wat in 'n studie onder Australiese polisiebeamptes gevind het dat die intervensie in gesinsdispute en die moontlikheid van fisieke besering onderskeidelik as die tweede en derde hoogste oorsake van akute stres gereken word. Onder polisiebeamptes in die Noordelike Provinsie, het dit geblyk dat die opdoen van 'n gewelddadige werksverwante besering, die stressor is wat die hoogste emosionele intensiteit vir die polisiebeampte inhou (Peltzer, 2001).

Ander gevaarsituasies ontstaan as gevolg van die konfrontasie met 'n dronkaard asook die konfrontasie en arrestasie van 'n gewapende verdagte of 'n gewelddadige persoon (Anshal, Robertson & Caputi, 1997; Kroes, 1976; Peltzer, 2001); die hantering van gewapende rooftogte (Kroes; Roosendaal, 2002) en hoë-spoed jaagtogte asook ongelukke met 'n staatsvoertuig (Kroes; Peltzer). Alhoewel Wilson (1993) aandui dat

die frekwensie van die polisiebeampte se blootstelling aan gevaar volgens die beroepshandleiding rondom stres laer is as dié van sekere ander beroepe, die grootste bron van stres en spanning dikwels geleë is in die onverwagsheid en onvoorspelbaarheid van gevaarlike insidente. Hierdie siening word gesteun deur Kroes wat wys op die verwagting van polisiebeamptes dat gevaar op enige stadium kan intree en die skielike voorkoms van 'n onvoorspelbare situasie, wat deur Australiese polisiebeamptes as die hoogste bron van akute stres beleef word (Anshel, Robertson & Caputi).

In die uitvoer van hulle taak word polisiebeamptes blootgestel aan grusame, weersinwekkende en skrikwekkende situasies (Kroes, 1976; Nel, 1998; Roosendaal, 2002). Die polisiebeampte aanskou 'n groot hoeveelheid menslike lyding en trauma en word dikwels self sekondêre slagoffers as gevolg van hulle blootstelling aan hierdie kritiese insident stressore (Nel). Die blootstelling aan menslike ellende behels onder meer : die teenwoordigheid by, hantering en opruim van ernstige motorongelukstonele (Anshel, Robertson & Caputi, 1997; Kroes, 1976) ; die afkom op 'n lyk na afloop van 'n moord en die teenwoordigheid by tonele as gevolg van onverwagse dood (Anshel, Robertson & Caputi; Peltzer, 2001) asook die hantering van verminkte liggame (Nel, 1998) en die oordra van doodsberigte aan familielede (Kroes). Peltzer het gevind dat polisiebeamptes in die Noordelike Provinsie in hul werk die meeste gekonfronteer word met die uitroep na ontstellende sosiale situasies of tonele.

Ofskoon polisiebeamptes oor tyd heen leer om by hierdie situasies aan te pas, blyk 'n uitsondering voor te kom ten opsigte van die hulpeloosheid en benoudheid wat polisiebeamptes ervaar wanneer die slagoffer 'n kind is (Brümmer, 2002; Kroes, 1976). Dit sluit onder meer die hantering van verkragte en gemolesteerde kinders, die neem van gehawende kinders na hospitale en die aanskoue, hantering asook afvoer van kinderlyke na die lykshuis, in. Brümmer (2002, p.41) haal in die verband as volg 'n senior polisiebeampte aan: "Soms gaan jy huis toe en dan flits die tonele deur jou gedagtes, veral as jy self kinders het; ongeag hoe lank jy al in die polisie is." en " 'n Mens se oë trek maar altyd na die lyke van die kinders - dit bly 'n skok vir jou sisteem,

al is jy hóé gehard". Bogenoemde waarneming word deur Peltzer (2001) gesteun met navorsingsbevindinge onder polisiebeamptes in die Noordelike Provinsie, waar bevind is dat die bywoon van 'n toneel wat die dood van 'n kind behels, een van die stressore is wat met die hoogste emosionele intensiteit deur hierdie polisiebeamptes beleef word.

Andersen, Christensen en Petersen (1991) asook Raphael (1986) wys op die impak van rampe op die polisiebeampte. In hulle rol as hulpverleners op ramptonele word polisiebeamptes blootgestel aan die veelvuldigheid van die dood, die skielikheid en onverwagsheid van die ramp, die aanskoue van die skokwekkendheid van beserings, verminking, die dood van kinders asook die hantering en opruiming van lyke en liggaamlike oorskot. Die polisiebeampte word dus direk gekonfronteer met menslike leed en mortaliteit.

Koortzen (1996) meld dat werkstressore ook met toenemende verantwoordelikhede en werkoorlading verband hou. Kroes (1976) verdeel werkoorlading in twee komponente naamlik kwantitatiewe en kwalitatiewe werkoorlading. Kwalitatiewe werkoorlading ontstaan wanneer die vereistes wat aan die polisiebeampte gestel word, sy vermoë om dit te hanteer, oorskry. Kwalitatiewe werkoorlading vind sy neerslag in die verwagtinge van die samelewing sowel as polisie departemente (Kroes), terwyl Du Preez en Prinsloo (1994) en Wilson (1993) daarop wys dat dit die gevolg is van die nie-juridiese aspekte van die polisiebeampte se take soos die hantering van verkeersongelukke, beslegting van huishoudelike geskille en die bemiddeling van konflik. In hierdie situasies word van polisiebeamptes verwag om die rol van dokter, verpleegster en maatskaplike werker te vervul, rolle waarvoor die polisiebeampte nie voldoende opgelei is nie. Volgens Kroes kom die probleem ten opsigte van kwantitatiewe werkoorlading veral voor in digbevolkte informele nedersettings waar die vereiste take waaraan die polisiebeampte moet voldoen, bloot te veel is vir die individu om te hanteer. Verskeie navorsers het op die rol van kwantitatiewe werkoorlading in die belewing van stres onder polisiebeamptes gewys (Brown, Cooper & Kirkcaldy, 1996; Gulle, Tredoux & Foster, 1998; Kroes; Vorster, 1998).

Vervolgens sal die werksaamhede van die steekproef waarop hierdie navorsingstudie fokus, kortliks bespreek word aan die hand van die stressore wat hierdie eenhede predisponeer tot sogenaamde hoërisiko-eenhede. Die stressore op beide die makro- en meso-vlak, soos reeds bespreek, geld ook vir elkeen van hierdie eenhede en word nie in die beskrywing wat volg volledig herhaal nie.

#### **□ Blitspatroolie**

Die doelwit van die blitspatroolie is om die gemeenskap ten volle te dien en deurentyd beskikbaar te wees en om hulp aan die gemeenskap te verleen wanneer hul in nood of lewensgevaar verkeer. Hierdie eenheid beveilig en bewaak ook ernstige misdadertonele ten einde spoedige en deeglike ondersoek te verseker (SAPD, 2001). Weens die feit dat blitspatroolie-lede dikwels eerste op 'n toneel is, word hulle aan potensieël gevaarlike en weersinwekkende voorvalle blootgestel en vervul meer dikwels 'n nie-juridiese funksie.

#### **□ Moord- en Roofeenheid (Ernstige geweldsmisdadereenheid)**

Die Moord- en Roofeenheid is verantwoordelik vir die ondersoek van ernstige geweldsmisdade soos moord en gewapende roof. Skietgevegte vind dikwels plaas tussen misdadigers en die lede van hierdie eenheid (SAPD, 2001). In die effektiewe ondersoek van hierdie sake word die lede aan die grusaamheid van moordtonele blootgestel en het ook te kampe met die stressore wat deur die hofprosedures aan hulle gestel word.

#### **□ Gesinsgeweld- Kinderbeskermings- en Seksuele misdryfeenheid (GKS)**

Die primêre funksie van hierdie eenheid is die ondersoek van sake rakende gesinsgeweld, kindermishandeling en ander misdade teen kinders asook verkragtingsake en ander seksuele misdrywe (SAPD, 2001). Hierdie funksies impliseer die hantering van slagoffers van hierdie misdrywe en die beamptes word dus direk gekonfronteer met die grusaamheid van die beserings en die traumatiese reaksies van die slagoffers. Daar is reeds gewys op die gevaar wat die hantering van gesinsgeweld vir die polisiebeampte inhou asook die probleme wat polisiebeamptes ervaar om geweld



en onregte teenoor kinders te hanteer. Verder word hierdie groep ook aan die stres van hofprosedures blootgestel.

#### **☐ Lykshuis-personeel**

Hierdie eenheid is verantwoordelik vir die hantering en opruim van lyke op ongeluks-, moord- en ander tonele van onnatuurlike sterftes soos selfmoorde en die afvoer van hierdie lyke na die lykshuis. In die lykshuis is die personeel betrokke by lykskouings en word gekonfronteer met die rou en emosies van gesinslede tydens uitkennings (SAPD, 2001). Lede van hierdie eenheid word dus direk gekonfronteer met grusame tonele en die verminkte liggame van slagoffers waaronder ook dié van kinders. 'n Bykomende stressor vir lykshuis personeel is die vrees vir die opdoen van hoogs aansteeklike siektes soos HIV/Vigs en hepatitis tydens die hantering van lyke (Kroes, 1976).

#### **☐ Plaaslike Kriminele Rekordsentra (PKRS)**

PKRS is verantwoordelik vir die inwin van bewyse op misdad tonele in die vorm van die "lig" van vingerafdrukke en die neem van foto's en/of die maak van video-opnames. Dit is ook hul taak om foto-dossiere vir die hof voor te berei (SAPD, 2001). Die lede van PKRS word dus ook direk blootgestel aan die grusaamheid en weersinwekkendheid van 'n wye verskeidenheid van tonele.

Uit bogaande beskrywing van polisiestressore blyk dit dat die polisiebeampte aan 'n multidimensionaliteit van stressore blootgestel word. Koortzen (1996) wys ook op die oorsaak-en-gevolg verhoudings tussen hierdie dimensies van stres. Dit impliseer dat stressore op een vlak die polisiebeampte op ander vlakke beïnvloed en as gevolg hiervan word die polisiebeampte in sy hele wese daardeur geraak. In die afdeling wat volg word gekyk na die manifestasies van stres indien polisiebeamptes nie in staat is om suksesvol met bogenoemde stressore te cope nie.

### **3.3 DIE MANIFESTASIES VAN STRES BY POLISIEBEAMPTES AS GEVOLG VAN ONSUKSESVOLLE COPING**

Weens die blootstelling aan 'n verskeidenheid stressore, spreek dit van self dat polisiebeamptes wat oor gebrekkige psigologiese sterktes, ondersteuningshulpbronne of effektiewe copingvaardighede beskik, nie in staat sal wees om hierdie stressore suksesvol te hanteer nie. Koortzen (1996) en Nel (1998) wys op die nadelige en selfs lewensgevaarlike gevolge wat die oneffektiewe hantering van stressore inhou. Nel onderskei die volgende vier areas waarop onsuksesvolle spanningshantering 'n impak het, naamlik i) op die polisiebeampte as individu ii) op die gesin van die polisiebeampte iii) op die SAPD as organisasie en iv) op die gemeenskap. Dié vier areas waarop onsuksesvolle coping met stressore manifesteer, word vervolgens bespreek.

#### **3.3.1 Die effek op die polisiebeampte as individu**

Onsuksesvolle coping kan die gesondheid van polisiebeamptes nadelig beïnvloed en aanleiding gee tot die ontstaan van verskeie stresverwante siektetoestande. As gevolg van die herhaalde blootstelling aan gevaarlike en krisissituasies verkeer polisiebeamptes in 'n voortdurende staat van simpatiese opwekking (Kroes, 1976; Nel, 1998). Hierdie "veg of vlug" respons word onder andere gekenmerk deur versnelde hartklop, hipertensie en verhoogde adrenalienafskeiding. Hierdie fisiologiese veranderinge in die liggaam kan resulteer in gesondheidsprobleme soos kardiovaskulêre siektes waaronder chroniese hipertensie, tagikardie, aritmieë; aantasting van die muskuloskeletale sisteem soos rugpyn, hoofpyn, spierkrampe en nekspierspasmas; psigofisiologiese gastrointestinale versteurings soos peptiese ulkuse en kolonprobleme; genito-urinêre versteurings waaronder versteurings in urinering, seksuele funksionering (afname in libido) en impotensie resorteer; endokriene versteurings byvoorbeeld diabetes mellitus, tiroïedprobleme en versteurings in hipotalamiese funksies soos slaapversteurings en oormatige toename of afname in massa (Burgers, 1994; Koortzen, 1996; Kroes; Nel).

Voortdurende en oormatige blootstelling aan kritiese insidente sonder die nodige hulpverlening kan ook aanleiding gee tot die ontwikkeling van post-traumatische stresversteuring (PTSV) onder polisiebeamptes (Brümmer, 2002; Burgers, 1994; De Beer, 2000; Nel, 1998). Die drie hoofkategorieë van simptome met enkele manifestasies van elk, waarvolgens PTSV in die DSM-IV (APA, 1994) gediagnoseer word, is :

- A. Die traumatiese gebeurtenis word herhaaldelik op die volgende wyses herbeleef:
- ◇ terugkerende en indringende herinneringe van die insident
  - ◇ terugkerende, ontstellende drome van die insident
  - ◇ intense psigologiese ongemak tydens blootstelling aan interne of eksterne tekens van die traumatiese gebeurtenis
  - ◇ psigologiese reaktiwiteit met blootstelling aan interne of eksterne tekens wat aspekte van die traumatiese gebeurtenis simboliseer of verteenwoordig
- B. Volgehoue vermyding van stimuli geassosieer met die trauma en 'n algemene afstomping in responsiwiteit (nie teenwoordig voor die trauma nie):
- ◇ pogings om gedagtes, gevoelens en gesprekke geassosieer met die trauma, te vermy
  - ◇ pogings om aktiwiteite, plekke en persone wat herinneringe van die trauma ontlok, te vermy
  - ◇ 'n onvermoë om belangrike aspekte aangaande die trauma te herroep
  - ◇ 'n merkbare verlaging in belangstelling of deelname aan betekenisvolle aktiwiteite
  - ◇ gevoelens van ontkoppeling of vervreemding van ander
  - ◇ ingeperkte affek
- C. Volgehoue simptome van verhoogde opwekking (nie teenwoordig voor die trauma nie):
- ◇ probleme om aan die slaap te raak / te bly slaap
  - ◇ geïrriteerdheid en woedeuitbarstings
  - ◇ konsentrasieprobleme

- ❖ oordrewe waaksaamheid
- ❖ oordrewe skrikrespons

Brümmer (2002) wys op die frekwensie waarteen PTSV onder polisiebeamptes in Suid-Afrika voorkom, wanneer sy 'n Stellenbosse sielkundige aanhaal wat beweer dat tot 'n kwart van die lede van die polisie diens tekens van PTSV toon.

'n Hoë frekwensie van gemaskeerde simptome en oneffektiewe hanteringsmeganismes kom dikwels onder polisiebeamptes voor (Nel, 1998). Die voorkoms van selfverdelende gedrag soos 'n toename in alkohol en middelmisbruik, buite-egtelike verhoudings en selfmoordgedagtes onder nooddienstpersoneel, is dikwels die gevolg van blootstelling aan intense trauma (Burgers, 1994; De Beer, 2000; Roosendaal, 2002). In die SAPD blyk alkoholisbruik veral problematies te wees soos geïllustreer deur die aanmelding van 21 alkoholverwante gevalle onder maatskaplike werkers in 'n bepaalde maand in die Suid-Vrystaat area alleen (SAPD, 2002). Carver en Sheier (1994) het egter gevind dat persone wat 'n disposisionele neiging toon om alkohol te gebruik as copingstrategie, meer psigiese ongemak beleef as persone wat hierdie gedrag vermy.

Aangesien polisiebeamptes moeilik daarin slaag om nie deur hul werkomstandighede beïnvloed te word nie en poog om die oorweldigende omstandighede van hul werk te oorleef, ontwikkel polisiebeamptes 'n sogenaamde werkspersoonlikheid (Kroes, 1976; Wilson, 1993). Met verloop van tyd raak polisiebeamptes meer ernstig, gehard, meer sinies en rigied, emosioneel afsydig asook outoritêr. Hierdie werkspersoonlikheid raak so intens dat polisiebeamptes moeilik buite werksure daarvan ontslae kan raak. Kroes wys verder daarop dat polisiebeamptes bepaalde verdedigingsmeganismes ontwikkel ten einde hierdie werkspersoonlikheid in stand te hou, maar dat die koste daaraan verbode die vorm aanneem van 'n ingeperkte persoonlikheid.

Indien polisiebeamptes nie suksesvol met beroepstres kan cope nie en nie oor die nodige hulpbronne of sosiale ondersteuning beskik nie, kan dit selfs resulteer in selfmoord. Wilson (1993) en Roosendaal (2002) wys op die volgende faktore wat in

kombinasie tot selfmoord onder polisiebeamptes kan lei : werksomstandighede; die afsterwe van 'n kollega; huweliksprobleme en egskeiding; dissiplinêre sake; gebrek aan ondersteuningstrukture; finansiële druk; viktimisasie/intimidasië; transformasie en inkonsekwente optrede deur bestuur.

Die effek van die oneffektiewe hantering van stressore op die polisiebeampte se gesin, word vervolgens bespreek

### **3.3.2 Die effek op die gesin van die polisiebeampte**

Die psigiese ongemak wat die polisiebeampte as gevolg van sy werk ervaar en die resulterende verandering in gedrag en persoonlikheid het 'n ernstige, negatiewe impak op die polisiebeampte se gesin (Kroes, 1976; Nel, 1998; Wilson, 1993). In dié verband wys Kroes op die rol van skofwerk. Polisiebeamptes se gades moet twee aparte huishoudings in stand hou en weens nagskofte word interaksie met sy/haar gesin ernstig beperk. Weens die ontwikkeling van 'n ingeperkte werkspersoonlikheid is polisiebeamptes in hul interaksie met hul gesin en vriende emosioneel terughoudend en gepreokkupeer. Dit belemmer dikwels hulle vermoë om met hul gades te kommunikeer, veroorsaak 'n afstomping in affek en 'n gevoel van oorweldiging weens werksomstandighede. Dit gee aanleiding tot disfunksionele verhoudings, misplaaste woede en aggressie wat selfs resulteer in aanranding, ander vorms van gesinsgeweld, 'n verhoogde insidensie van egskeiding, opbreuk van verhoudings asook verhoogde gevoelens van angs en onsekerheid onder die gade en kinders van die polisiebeampte (Brümmer, 2002; Kroes; Nel; Wilson).

In 'n studie wat deur Kroes, Margolis en Hurrell (1974) onderneem is, het 79 van die 81 getroude polisiebeamptes aangedui dat polisiewerk hul gesinslewe op die volgende wyses negatief beïnvloed het :

- Om 'n polisiebeampte te wees beperk nie-polisie vriendskappe
- Die onvermoë om sosiale aktiwiteite te beplan
- Die neiging om die druk van die werk huis toe te neem

- Vrouens se kommer oor die veiligheid van die beampte
- Die negatiewe openbare houding wat polisiebeamptes se vrouens en kinders affekteer
- Vrouens wat nie daarvan hou om snags alleen te wees nie
- Polisiewerk wat die beampte emosioneel verhard sodat hy minder sensitief raak teenoor sy gesin

Vervolgens word die effek van oneffektiewe hantering van beroepspanning op die Polisie diens as organisasie, bespreek.

### **3.3.3 Die effek op die Polisie diens as Organisasie**

Verskeie navorsers wys op die nadelige invloed wat onsuksesvolle coping met stressore op polisiebeamptes se werksfunksionering het. Wanneer polisiebeamptes nie suksesvol met werksverwante stressore en die invloed daarvan ten opsigte van ander lewensareas, kan cope nie, resulteer dit dikwels in depressie, alkoholisme en psigosomatiese siektetoestande wat op hul beurt die polisiebeampte se werksfunksionering negatief beïnvloed. Die voorkoms van psigosomatiese siektetoestande lei tot verhoogde afwesigheid vanaf die werk, die gepaardgaande verhoging in mediese uitgawes asook 'n verlaging in produktiwiteit en algemene funksioneringsvlak (Burgers, 1994; Kroes, 1976; Nel, 1998).

Ander teenproduktiewe gevolge wat die onsuksesvolle hantering van stres vir die organisasie inhou, sluit volgens Burgers (1994) en Nel (1998) die volgende in : swak dissipline wat manifesteer in 'n "traak-my-nie-agtige-houding" of korrupsie, groter geneigdheid tot ongelukke met die gepaardgaande uitgawes ten opsigte van skade en wetlike kostes asook die verlies van ervaring as gevolg van mediese afrede en bedankings. Bogenoemde hou volgens Nel nie slegs finansiële implikasies vir die organisasie in nie, maar beïnvloed ook die beeld van die organisasie weens 'n verlies aan geloofwaardigheid. Insgelyks wys Burgers daarop dat die hoë arbeidsomset van polisiepersoneel, die moraal van polisiebeamptes negatief beïnvloed deurdat die getalle

van polisiebeamptes hierdeur verminder word en jong , nuwe rekrute nie voorbereid is op die eise van polisiëring nie.

Die laaste area waarop die oneffektiewe coping van polisiebeamptes 'n invloed kan uitoefen, naamlik die breër gemeenskap, word vervolgens kortliks toegelig.

### **3.3.4 Die effek op die breër gemeenskap**

Indien die SAPD se werksverrigting ingeperk word as gevolg van lae moraal en produktiwiteit, die hoë afwesigheidsyfer van lede asook verhoogde uitgawes weens wetlike aspekte, mediese uitgawes en uitdienstredings-pakette, sal dit noodwendig, aldus (Burgers, 1994; Nel, 1998), 'n negatiewe impak op die breër gemeenskap hê. Die verlies aan mannekrag en die onvervangbaarheid van kundigheid dra by tot 'n persepsie van strafloosheid onder kriminele, met 'n gepaardgaande verhoging in die vlakke van misdaad. Die gevolg hiervan is 'n verlies aan geloof in die kriminele regstelsel onder lede van die gemeenskap wat aanleiding gee tot gevoelens van hulpeloosheid en 'n erosie van waardes onder die Suid-Afrikaanse gemeenskap (Nel). Bykomend hiertoe hou die uitdienstrede van polisiebeamptes hoë finansiële implikasies vir die belastingbetaler in.

Die feit dat polisiebeamptes weens werkstres gehard, sinies en rigied in hulle optrede raak, bring mee dat hulle in hul interaksie met die publiek minder produktief raak en dat lede van die gemeenskap neig om minder samewerkend te wees (Kroes, 1976). Dit lei tot 'n ineenstorting van kommunikasie tussen polisielede en die gemeenskap wat polisiebeamptes verder vervreem van die gemeenskap.

In die voorafgaande afdeling is die gevolge van oneffektiewe coping met polisiestressore aangedui. Vanuit 'n psigofortigene perspektief sou hierdie polisiebeamptes beskou kon word as daardie individue wat nie oor die nodige psigofortigene sterktes beskik om die eise wat aan hulle gestel word, suksesvol te hanteer nie. Dit resulteer daarin dat hierdie individue volgens Antonovsky (1979, 1987)

nader aan die gesondheidsongesteldheid-pool van die siekte-gesondheid kontinuum van welstand funksioneer. In die afdeling wat volg, sal die verband tussen psigologiese welstand en die voorspellers daarvan by polisiebeamptes, aan die hand van bepaalde navorsingsbevindinge bespreek word.

### **3.4 PSIGOLOGIESE WELSTAND EN DIE VOORSPELLERS DAARVAN BY POLISIEBEAMPTES**

#### **3.4.1 Inleiding**

In die lig van die stresvolle aard en geweldige hoë eise wat aan polisiebeamptes gestel word, kan die vraag met reg gevra word "Wat stel polisiebeamptes in staat om ten spyte van hierdie stresvolle beroeps- en lewensomstandighede steeds 'n mate van psigologiese welstand te handhaaf?"

Die voorspelling van die psigologiese welstand van polisiebeamptes word gekompliseer deur die feit dat 'n enkele, uniforme maatstaf van psigologiese welstand nie bestaan nie. Die konseptualisering en dimensies daarvan blyk baie divers te wees (Wissing & Van Eeden, 1998). In dié verband wys Davidson en Veno (1980) daarop dat indekse van welstand onder andere fokus op die meting van selfagting, lewenstevredenheid, werkstevredenheid, behoeftebevrediging asook die afwesigheid van depressie. Ander indekse wat daarop gemik is om bemeestering en bevoegdheid te bepaal, maak staat op metings van toereikendheid en coping, die bereiking van doelwitte asook die afwesigheid van psigiatriese tekens en simptome (Davidson & Veno). Enkele navorsingsbevindinge rakende die psigologiese welstand van polisiebeamptes, word vervolgens bespreek.

#### **3.4.2 Psigologiese welstand van polisiebeamptes**

Hart, Wearing en Headey (1995) het in 'n studie wat in Australië uitgevoer is, gevind dat polisiebeamptes gunstiger vlakke van psigologiese welstand vertoon het wanneer



hul tellings op die Waargenome Lewenskwaliteitsindeks (*Perceived Quality of Life-PQOL*), vergelyk is met dié van onderwysers, studente aan tersiêre instellings en die Australiese gemeenskapsnorms. Die PQOL reflekteer psigologiese welstand soos dit onder andere manifesteer in lewensvrede, positiewe affek en negatiewe affek, stresopwekking en somatiese gesondheid.

'n Aantal studies het werkstevredenheid as indeks vir psigologiese welstand gebruik. In dié verband het Brown et al. (1996) gevind dat werkstevredenheid 'n positiewe verband toon met beide fisieke en psigologiese welstand by Britse polisiebeamptes. In Suid-Afrikaanse ondersoeke, het Rothmann en Agathagelou (2000) asook Rothmann en Strijdom (2002), tot die gevolgtrekking gekom dat die vlak van werkstevredenheid van polisiebeamptes laer is as dié van personeel in ander instansies. Wanneer die totaal tellings wat op die Minnesota Tevredenheidskaal behaal kan word (100 tot 500) in aanmerking geneem word, dui die gemiddelde tellings van 439.78 asook 414.81 vir blankes en 425.36 vir swartes wat in die twee studies bevind is, steeds op 'n redelike hoë vlak van werkstevredenheid en dus psigologiese welstand by polisiebeamptes.

In 'n studie wat stresopwekking en stressimptomatologie as indekse van psigologiese welstand gebruik het, het Jansen van Vuuren (2000) uit maksimumtelling van 80 en 114 wat vir onderskeidelik stresopwekking en stressimptomatologie behaal kan word, gevind dat die polisiebeamptes in haar ondersoekgroep gemiddelde tellings van onderskeidelik 41.28 en 17.96 behaal het. Soortgelyke resultate is vir stressimptomatologie deur Engelbrecht (1999) aangedui, wat 'n gemiddelde telling van 25.95 uit 'n moontlike 114 vir sy ondersoekgroep gevind het. Die voorkoms van stressimptomatologie in beide studies blyk dus redelik laag te wees, wat op goeie psigologiese welstand dui.

Die voorkoms van Post-traumatiese Stresversteuring (PTSV) sou indikatief kon wees van 'n lae vlak van psigologiese welstand. In die verband word wisselende resultate in die literatuur gevind. Burgers (1994) meld dat 'n 1987-studie onder polisiebeamptes werksaam tydens die onluste in Kaapstad en die Oos-Kaap en 'n studie wat in 1988

onder swart polisieledes in Soweto en Pretoria uitgevoer is, aangedui het dat 36% polisieledes in eersgenoemde studie en 41% polisieledes in die tweede studie aan PTSV ly. In 'n meer onlangse studie het Peltzer (2001) gevind dat slegs 9.1% van sy ondersoekgroep, bestaande uit swart polisieledes in die Noordelike Provinsie, aan die kriteria vir die diagnose van PTSV voldoen. 'n Verdere indikator wat dui op lae psigologiese welstand is selfmoord-ideeë. In 'n studie wat deur Rothmann en Strijdom (2002) uitgevoer is, is gemiddelde tellings van 13.51 (blanke polisiebeamptes) en 16.51 (swart polisiebeamptes) ten opsigte van die Volwasse Selfmoord-ideeë Vraelys (*Adult Suicide Ideation Questionnaire*) gevind. Wanneer dit vergelyk word met die gemiddelde telling van 8 vir volwassenes en 11 vir studente, blyk polisiebeamptes hoër vlakke van selfmoord-ideeë as die algemene bevolking te toon. Dié tellings is egter steeds aansienlik laer as die afsnypunt van 31 wat as aanduiding van ernstige selfmoord-ideeë gestel word.

In die voorafgaande afdeling is gepoog om aan te dui wat die vlak van psigologiese welstand van polisiebeamptes is. Uit die literatuur blyk dit dat 'n enkele meting of indeks van psigologiese welstand nie bestaan nie. Wanneer die resultate in ag geneem word, blyk dit dat polisiebeamptes in vergelyking met ander groepe in die gemeenskap, dikwels slegter daaraan toe is, maar dat die vlak van psigologiese welstand van polisiebeamptes steeds bo-gemiddeld blyk te wees. In die afdeling wat volg sal verskillende disposisionele en kontekstuele voorspellers van psigologiese welstand by polisiebeamptes bespreek word.

### **3.4.3 Die voorspellers van psigologiese welstand by polisiebeamptes**

#### **3.4.3.1 Disposisionele, psigofortigene faktore**

Verskeie disposisionele faktore wat 'n stresbufferende impak het, blyk goeie voorspellers van psigologiese welstand by polisiebeamptes te wees. Enkele van hierdie faktore word vervolgens bespreek.

## □ Koherensiesin

'n Groot aantal ondersoek is uitgevoer waarin die verband tussen Antonovsky (1979, 1987) se konstruk koherensiesin en verskillende indekse van psigologiese welstand by Suid-Afrikaanse polisiebeamptes, ondersoek is. Uit die navorsingsbevindinge blyk dit dat polisiebeamptes wat oor 'n hoë koherensiesin beskik, minder simptome van stresopwekking en stressimptomatologie vertoon, meer tevrede is met hulle werksomstandighede en minder geneig is tot selfmoord-ideeë (Engelbrecht, 1999; Jansen van Vuuren, 2000; Rothmann & Strijdom, 2002).

## □ Lokus van beheer

Brown et al. (1996) het in 'n studie wat in Brittanje uitgevoer is, aangetoon dat polisiebeamptes met hoë persoonlike kontrole oor werksverwante aangeleenthede, hoër vlakke van werkstevredenheid, fisieke gesondheid en psigologiese welstand toon. Wat Suid-Afrikaanse studies aanbetref het Rothmann en Agathagelou (2000) onder senior polisiepersoneel gevind dat diegene met hoër interne lokus van beheer en outonomie en 'n laer eksterne beheer, meer werkstevredenheid ervaar. Insgelyks het Jansen van Vuuren (2000) gevind dat die outonomie komponent van lokus van beheer, statisties beduidend, negatief korreleer met die stresopwekking van polisiebeamptes.

## □ Fortaliteit

In 'n studie waarin Engelbrecht (1999) die verband tussen polisiebeamptes in die Vrystaat, se vlak van fortaliteit en hulle stresverwante simptomatologie ondersoek het, het hy gevind dat polisiebeamptes wat oor hoë vlakke van fortaliteit beskik, minder stresverwante simptomatologie vertoon het en dus psigologies meer gesond is as individue wat oor lae vlakke van fortaliteit beskik.

Ten opsigte van die voordele wat sosiale ondersteuning vir polisiebeamptes se coping met beroepspanning inhou, blyk die ondersteuning van geliefdes en die gesin, kollegas

asook beroepsverwante sosiale ondersteuning almal 'n positiewe invloed op hulle psigologiese welstand uit te oefen. Bevindinge in dié verband word vervolgens bespreek.

### **3.4.3.2 Sosiale ondersteuning**

Die ondersteuning van familie, vriende asook geliefdes is een van die belangrikste faktore wat hulpverleners in krisissituasies in staat stel om suksesvol deur die impak van traumatiese gebeure te werk (Hobfoll,1991; Raphael,1986). Hierdie sosiale ondersteuning deur familielede skep 'n veilige en liefdevolle basis waarheen die krisswerker kan terugkeer vir vertroosting, steun en sekuriteit (Raphael). Hobfoll (1991) daarenteen baseer sy siening van sosiale ondersteuning op sy teorie van die instandhouding van hulpbronne en huldig die mening dat geliefdes, alhoewel hulle indirek geaffekteer word, psigologies in staat behoort te wees om ondersteuning en vertroosting te bied, aangesien hulle hulpbronne nie ernstig deur die gebeure geraak word nie.

Soos reeds aangedui is die blootstelling aan traumatiese gebeure, 'n polisiestressor wat polisiebeamptes op 'n negatiewe wyse mag affekteer. In 'n studie wat in Nieu-Seeland deur Stephens en Long (2000) uitgevoer is, is die bufferingseffek van sosiale ondersteuning, soos gemeet deur verskillende aspekte van kommunikasie in die werkskonteks, op fisieke en psigologiese gesondheid ondersoek. Hulle het 'n bufferingseffek vir die volgende tipes kommunikasie gevind : persepsies rakende die gemak waarmee daar oor traumatiese gebeure by die werk gepraat word, kommunikasie oor ontstellende gebeurtenisse asook positiewe en negatiewe kommunikasie oor werksaspekte, met die portuurgroep. Daar is ook gevind dat negatiewe kommunikasie oor werksaspekte met 'n supervisor die verhouding tussen trauma en spanning verswak het. Kommunikasie met die portuurgroep oor nie-werksverwante aangeleenthede het egter die verhouding tussen traumatiese gebeure en PTV of fisieke simptome versterk. Dit blyk dat gesprekke polisiebeamptes in staat stel om negatiewe werkservarings in "gesonde" kognitiewe skemas te integreer.

Insgelyks wys Raphael (1986) asook Thompson en Solomon (1991) daarop dat sterk bande tussen kollegas wat dieselfde ervaring deurgemaak het, waardevol is ten opsigte van die psigologiese welstand van polisiebeamptes. Die lae vlakke van psigologiese ongemak onder 'n groep polisiebeamptes na afloop van die opruiming van die Pan Am Lockerbie lugramp, is onder meer toegeskryf aan die verminderde sosiale afstand tussen die beamptes en die bevelstruktuur, goeie samewerking as 'n span asook gereelde sosiale kontak deur saam te eet en grappe oor die taak te maak (Thompson & Solomon).

Wat beroepsverwante professionele ondersteuningsisteme aanbetref, wys Raphael (1986) daarop dat psigologiese ontlasting na afloop van 'n traumatiese insident, een van die effektiwste wyses is waarop hulpverlening van 'n ondersteunende aard, aangebied kan word. Jacobs (1993, p.13) in Jacobs en Raphael (2002) definieer ontlasting as volg: "the emotional ventilation of feelings in a controlled and safe environment. The symptoms and feelings the person experiences are normal reactions to an abnormal situation". Ontlasting blyk van waarde te wees as gevolg van die katarsis wat met die emosionele ventilering gepaard gaan, dit voorsien aan individue die geleentheid om hulle persepsies van die traumatiese insident teen dié van ander lede te toets en dit stel individue in staat om die gebeurtenis aktief te herleef en sodoende kontrole te herwin (Raphael). In die SAPD is Nasionale Instruksie No. 18/1998 uitgevaardig waarvolgens bevelvoerders versoek word om lede wat aan traumatiese gebeure blootgestel is, te verwys vir ontlasting. In 'n studie wat in die Wes-Kaap geloods is om die effektiwiteit van die ontlastingsproses te evalueer, is beduidende verskille gevind tussen die PTV-tellings van die eksperimentele- en kontrole groepe. Kwalitatiewe bevindinge het ook daarop gedui dat die intervensie deur polisielede verwelkom word en as effektiw beskou word (Colley, 1995). Die waarde van ontlasting ten opsigte van die psigologiese welstand van die polisiebeamptes wat vir opruimingswerk tydens die Lockerbie lugramp verantwoordelik was, is ook deur Thompson en Solomon (1991) bevestig.

Die invloed van copingstrategieë op die psigologiese welstand van polisiebeamptes sal vervolgens bespreek word.

### **3.4.4 COPING VAN POLISIEBEAMPTES**

#### **3.4.4.1 Inleiding**

In die afdeling wat volg, sal kommentaar gelewer word oor polisiebeamptes se taksering van stressore en die invloed wat dit uitoefen op die hoeveelheid copingstrategieë wat benut word. Daarna sal literatuur-bevindinge aangaande die gebruikmaking en effektiwiteit van copingstrategieë by polisiebeamptes, aan die hand van die drieledige indeling van die COPE-Vraelys (Carver et al., 1989), naamlik probleem-gefokusde coping, emosie-gefokusde coping asook destruktiewe coping, weergegee word. Die afdeling word afgesluit met 'n kort verwysing na die copingstrategieë waarvan polisiebeamptes in die SAPD gebruik maak.

#### **3.4.4.2 Taksering van stres en benutting van copingstrategieë**

In 'n ondersoek na die wyse waarop polisiebeamptes stresvolle gebeure takseer, het Anshel et al. (1997) gevind dat situasies wat primêr as bedreigend, uitdagend, stresvol of beheerbaar getakseer is, tot positiewe hertaksering aanleiding gegee het. Hierdeur word gepoog om copingeffektiwiteit te verhoog, akute stres te verlaag en kontrole oor die situasie te verhoog. In 'n ondersoek na die verband tussen die mate van persoonlike psigiese ongemak, taksering en die hoeveelheid copingstrategieë waarvan polisiebeamptes gebruik maak, het Violanti (1992) gevind dat polisierekrute wat die hoogste vlakke van psigiese ongemak getoon het, die meeste copingstrategieë benut het. Dit blyk dus dat polisiebeamptes wat in stresvolle situasies verkeer, onmiddellik van alle beskikbare copingmeganismes gebruik maak in reaksie op die taksering van psigiese ongemak. Namate aanpassing plaasvind en die ongemak verlaag, lei hertaksering van die situasie tot 'n verlaging in die gebruik van die hoeveelheid copingstrategieë en word daar teruggeval op strategieë wat geassosieer word met

voorkeur, ondervinding of vorige sukses (Violanti).

#### 3.4.4.3 Tipes copingstrategieë en die invloed daarvan op welstand

##### □ Probleem-gefokusde copingstrategieë

In die literatuur word heelwat verwysings na die gebruikmaking en invloed van probleem-gefokusde copingstrategieë op die psigologiese welstand van polisiebeamptes gevind (Anshel et al., 1997; Beehr, Johnson & Nieva, 1995; Brown et al., 1996; Hart et al., 1995; Violanti, 1992). Anshel et al. het in dié verband bevind dat polisiebeamptes verkies om probleem-gefokusde copingstrategieë te gebruik in stresvolle situasies waaroor hulle beheer het. Wat die effektiwiteit van die benutting daarvan behels, het Hart et al. bevind dat probleem-gefokusde coping tot beter aanpassing onder polisiebeamptes lei en 'n opheffende ("uplifting") ervaring in die werkskonteks tot gevolg het, terwyl Violanti gevind het dat dit die voorkoms van psigiese ongemak betekenisvol verlaag het. In dié verband het Beehr et al. gedeeltelike teenstellende resultate verkry. Hulle wys daarop dat probleemgefokusde coping, 'n negatiewe verband getoon het met bepaalde indekse van spanning (somatiese klagtes, emosionele uitputting, depersonalisasie en selfmoordgedagtes) onder polisiebeamptes, maar dat dit nie van waarde was ten opsigte van die verlaging in die mate van taakbevrediging, alkoholgebruik of ervaring van stres nie. Wat betref die tipes probleem-gefokusde copingstrategieë wat gebruik is, het Violanti gevind dat planmatige probleemoplossing, konfronterende coping en die soeke van sosiale ondersteuning effektiewe copingstrategieë blyk te wees, terwyl Brown et al. daarop wys dat nege uit tien polisiebeamptes in 'n ondersoek wat in Brittanje uitgevoer is, aangedui het dat hulle van die volgende tipes probleem-gefokusde copingstrategieë gebruik maak: vooruit beplanning, die onmiddellike konfrontering van probleme, prioritisering, die handhawing van stabiele verhoudings en die objektiewe aanspreek van situasies.

## □ Emosie-gefokusde coping

Anshel et al. (1997) het aangedui dat polisiebeamptes veral van emosie-gefokusde copingstrategieë gebruik maak wanneer hulle min beheer oor 'n stresvolle situasie het, terwyl Violanti (1992) soos reeds vermeld is, daarop wys dat polisierekrute wat hoë vlakke van psigiese ongemak ervaar van alle moontlike copingstrategieë, wat emosie-gefokusde strategieë insluit, gebruik maak. Teenstrydige resultate ten opsigte van die effektiwiteit van emosie-gefokusde copingstrategieë, word in die literatuur aangedui. In die ondersoek deur Violanti is gevind dat emosie-gefokusde copingstrategieë soos aanvaarding van verantwoordelikheid, positiewe herinterpretasie asook selfkontrole, persoonlike psigiese ongemak by polisierekrute verhoog het. Hart et al. (1995) het in soortgelyke resultate gevind dat emosie-gefokusde coping tot swakker aanpassing lei en die ervaring van werkverwante "irritasies" onder polisiebeamptes verhoog. Beehr et al. (1995) het egter gevind dat emosie-gefokusde coping, met die uitsondering van die effek op alkoholgebruik, 'n negatiewe verband getoon het met al die indekse van spanning onder polisiebeamptes en dat die sterktes van hierdie verbande daarop dui dat emosie-gefokusde coping selfs 'n sterker effek as probleem-gefokusde coping gehad het in die voorspelling van hierdie spanningsindekse. In dieselfde ondersoek is gevind dat die gebruik van godsdiensywer ("religiosity") deur polisiebeamptes, geen verband met die indekse van polisiespanning getoon het nie. Dit het wel 'n positiewe verband getoon met die gebruik van beide probleem-gefokusde asook emosie-gefokusde copingstrategieë. Hierdie bevinding suggereer dat godsdiensywer moontlik elemente van beide hierdie copingstrategieë bevat (Beehr et al.).

## □ Destruktiewe copingstrategieë

Beehr et al. (1995) het bevind dat kragtige individualisme ("rugged individualism") 'n oneffektiewe copingstrategie is. Dit is positief geassosieer met alkoholgebruik asook twee uitbrandingsindekse (emosionele uitputting en depersonalisasie) by polisiebeamptes en blyk verder die "macho" polisiebeeld te versterk. Violanti (1992) het aangedui dat ontvlugting/vermyding die vlakke van psigiese ongemak onder



polisierekrute verhoog het en sluit aan by Carver et al. (1989) wat aandui dat ontkenning, 'n minder effektiewe of destruktiewe copingstrategie is. Violanti het egter in dieselfde ondersoek gevind dat distansiëring, wat as 'n vorm van geestesonttrekking beskou kan word, die voorkoms van psigiese ongemak van polisierekrute betekenisvol verlaag het. Volgens hom stel distansiëring polisiebeamptes in staat om hulself psigologies te distansieer van stresvolle situasies waaruit ontvlugting of vermyding van gevolge, nie moontlik is nie.

#### **3.4.4.4 Copingstrategieë van SAPD-lede**

Alhoewel die dimensionaliteit van polisiestressore deeglik binne die Suid-Afrikaanse konteks ondersoek is, blyk daar in die literatuur baie min navorsing ten opsigte van die copingstrategieë waarvan SAPD-lede gebruik maak, voor te kom. 'n Studie is met die COPE-Vraelys onder 'n polisieonderzoekgroep in die Wes-Kaap deur Martin (1998) uitgevoer. Sy het gevind dat die copingstrategieë wat met die hoogste frekwensie deur hierdie groep polisiebeamptes, in rangorde van voorkeur gebruik is, die volgende insluit: beplanning, keer na religie, aanvaarding, positiewe herinterpretasie en groei asook aktiewe coping. Die copingstrategieë wat die minste gebruik is, blyk die volgende te wees: ontkenning, gedragsonttrekking, geestesonttrekking, soek van sosiale ondersteuning vir emosionele redes en die fokus op en ventilering van emosies. Burgers (1994) wys daarop dat polisiebeamptes dikwels hulle eie metodes ontwikkel om met traumatiese gebeure te cope. Hierdie metodes sluit alkoholgebruik, ontkenning asook spot en humor in en alhoewel hierdie metodes dikwels gekritiseer word, blyk hulle nie noodwendig almal disfunksioneel te wees ten opsigte van die hantering van stres en trauma nie.

### **3.5 SAMEVATTING**

Hierdie hoofstuk is ingelei met 'n verwysing na die unieke sosio-politieke omstandighede waaronder SAPD lede hulle diverse, gevaarlike en soms weersinwekkende werksaamhede moet verrig. Dit is gevolg deur 'n beskrywing van die

dimensionaliteit van die polisiestressore waarmee hulle te kampe het asook die gevolge wat onsuksesvolle hantering van hierdie stressore vir die polisiebeampte, sy/haar gesin, die organisasie en die gemeenskap inhou. Ten slotte is in aansluiting by die psigofortigene paradigma wat in die voorafgaande hoofstuk bespreek is, verwys na die bevindinge van die rol van psigofortigene faktore in die bepaling van die psigologiese welstand van polisiebeamptes.

In die volgende hoofstuk sal die metode van ondersoek wat gebruik is om die verband tussen fortigene faktore en psigologiese welstand van SAPD-lede in hoërisiko-eenhede te bepaal, bespreek word.

# HOOFSTUK 4

## METODE VAN ONDERSOEK

### 4.1 INLEIDING

In die voorafgaande twee hoofstukke is aandag geskenk aan die positiewe sielkunde, psigologiese welstand, coping en copinghulpbronne asook die beroepspanning waarmee polisiebeamptes te kampe het. Die invloed wat die (on)suksesvolle hantering daarvan ten opsigte van hul psigologiese welstand inhou, is ook bespreek. Die literatuurstudie verteenwoordig 'n poging om 'n teoretiese grondslag te verleen vir die empiriese ondersoek wat volg.

In hierdie hoofstuk word 'n uiteensetting gegee van die navorsingsvraag, die ondersoekgroep, die kriterium- en voorspeller veranderlikes, die meetinstrumente asook die statistiese prosedure wat toegepas is.

### 4.2 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van die empiriese ondersoek is om eerstens vas te stel wat die vlak van psigologiese welstand van polisiebeamptes werkzaam by hoërisiko-eenhede, is. Tweedens sal die verband tussen 'n aantal fortigene faktore en psigologiese welstand by hierdie groep polisiebeamptes ondersoek word.

#### 4.2.1 Navorsingsvraag

Die volgende navorsingsvrae is gestel ter bereiking van die doelwitte van die ondersoek:

*i) Wat is die vlak van psigologiese welstand van SAPD-lede in hoërisiko-eenhede? en*

*ii) Wat is die verband tussen persoonlike bevoegdheid, selfbeoordeling, beoordeling van gesinsondersteuning, beoordeling van algemene sosiale ondersteuning, koherensiesin, copingstrategieë asook enkele demografiese moderatore en psigologiese welstand by SAPD-lede in hoërisiko-eenhede?*

#### **4.3 DIE NAVORSINGSONTWERP**

Die navorsingsontwerp wat in hierdie ondersoek gebruik is, is 'n nie-eksperimentele korrelasionele navorsingsontwerp (Huysamen, 1993). Elke individu in die ondersoekgroep word op dieselfde tydstip ten opsigte van twee of meer veranderlikes gemeet en die verband tussen hierdie verkreeë metings word bepaal. In hierdie ondersoek vind geen beplande ingreep plaas nie. Alhoewel verbande tussen die voorspeller veranderlikes en kriteriumveranderlike aangedui kan word, kan geen oorsaak-gevolg afleidings met behulp van hierdie navorsingsontwerp gemaak word nie (Huysamen, 1983).

#### **4.4 DIE ONDERSOEGGROEP**

Die populasie van hierdie studie is polisiebeamptes in die Suid-Vrystaat en Oos-Vrystaat areas wat werksaam is in die volgende hoërisiko-eenhede: Blitspatroolie, die Lykshuise, Plaaslike Kriminelerekordsentra (PKRS), Gesinsgeweld-, Kinderbeskermings- en Seksuele misdryfeenhede (GKS) asook Moord-en Roofeenhede. Bogenoemde eenhede word geklassifiseer as hoërisiko-eenhede weens die feit dat personeel verbonde aan hierdie eenhede op 'n deurlopende basis blootgestel word aan óf gevaarlike en lewensbedreigende werksomstandighede óf aan traumatiese, grusame en weersinwekkende insidente met die potensiaal om hierdie beamptes sekondêr te traumatiseer.

Die populasie sluit polisiebeamptes van verskillende geslagte, ouderdomme, range en etnies-kulturele groepe in. 'n Beskikbaarheidsteekproef van 90 polisiebeamptes is gebruik om die ondersoekgroep saam te stel. Alle vrywillige SAPD-lede verbonde aan

die vyf bogenoemde eenhede in Bloemfontein, is as verteenwoordiging vir die area Suid-Vrystaat by die studie betrek. Vrywillige polisiebeamptes verbonde aan verskillende van die eenhede in Bethlehem, Phuthaditjhaba, Harrismith en Ficksburg is uit die area Oos-Vrystaat by die studie betrek. Die polisiebeamptes in die ondersoekgroep verskil ten opsigte van geslag, huistaal en huwelikstatus.

Die biografiese besonderhede van die ondersoekgroep word vervolgens aan die hand van beskrywende statistiek uiteengesit. Aangesien die data op nominale vlak voorkom, word frekwensies en persentasies van die bevindinge vir die ondersoekgroep, verskaf.


#### 4.4.1 Geslag

In Tabel 4.1 en Figuur 4.1 word die frekwensieverspreiding van die ondersoekgroep volgens geslag aangetoon.

**Tabel 4.1 Frekwensieverspreiding van die ondersoekgroep volgens geslag**

Biografiese besonderhede		Frekwensie	Persentasie (%)
<b>Geslag :</b>	Manlik	78	86.67
	Vroulik	12	13.33

**Figuur 4.1 Frekwensieverspreiding van die ondersoekgroep volgens geslag**



Uit Tabel 4.1 en Figuur 4.1 blyk dit dat die ondersoekgroep uit 78 mans en 12 vrouens bestaan. Mans maak (86.67%) van die ondersoekgroep uit. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met 1996 statistieke wat deur Bezuidenhout en Theron (2000) aangehaal word, waar die samestelling van die totale polisiepopulasie (139 961 op daardie stadium) deur 80.69% mans en slegs 19.31% vrouens verteenwoordig is. Die hoërisiko-eenhede blyk ook as gevolg van die aard van die werk, meer manlik-gedomineer te wees.

#### 4.4.2 Huistaal

Ten einde die biografiese veranderlike, huistaal en huwelikstatus, in die regressie-ontledings te kon benut, is dit na skynveranderlikes geherkodeer. Vir huistaal is die kategorieë Afrikaans en Engels saamgevoeg, terwyl Sotho en ander Afrikatale saamgevoeg is om slegs twee kategorieë te skep.

Die frekwensieverspreiding van die ondersoekgroep volgens huistaal, word vervolgens in Tabel 4.2 en Figuur 4.2 aangebied.

**Tabel 4.2 Frekwensieverspreiding van die ondersoekgroep volgens huistaal**


Biografiese besonderhede		Frekwensie	Persentasie (%)
<b>Huistaal :</b>	Afrikaans/Engels	43	47.78
	Afrikatale	47	52.22

Wat die huistaal van die ondersoekgroep aanbetref, blyk dit uit Tabel 4.2 en Figuur 4.2 dat 52.22% van die ondersoekgroep 'n Afrikataal as huistaal gebruik, terwyl 47.78% van die respondente die kombinasie Afrikaans/Engels as huistaal gebruik. Daar blyk dus ten opsigte van die twee kategorieë wat vir huistaal geskep is 'n redelike gelyke frekwensieverspreiding voor te kom. Op grond van die resultate wat vir huistaal verkry is, sou afgelei kon word dat die ondersoekgroep wat ras aanbetref, ook in 'n redelike mate verteenwoordig is. Die bevindinge blyk in lyn te wees met die regstellende beleid ten opsigte van rasseverteenvoording, wat sedert 1994 in die SAPD geïmplimenteer



is.

**Figuur 4.2 Frekwensieverspreiding van die onderzoekgroep volgens huistaal**



#### 4.4.3 Huwelikstatus

Vir die veranderlike huwelikstatus is 'n skynveranderlike geskep deur die onderskeie kategorieë ongetroud, geskei asook wewenaar weduwee/ saam te voeg om slegs die kategorie, ongetroud te skep. Die veranderlike huwelikstatus bestaan dus uit die kategorieë getroud en ongetroud en die frekwensieverspreiding daarvan word vervolgens in Tabel 4.3 en Figuur 4.3 aangetoon.


**Tabel 4.3 Frekwensieverspreiding van die onderzoekgroep volgens huwelikstatus**

Biografiese besonderhede		Frekwensie	Persentasie (%)
<b>Huwelikstatus :</b>	Getroud	68	75.56
	Ongetroud	22	24.44

Uit Tabel 4.3 en Figuur 4.3 blyk dit dat die meerderheid van respondente in die onderzoekgroep getroud is (75.56%). Byna 'n kwart (24.44%) van die respondente beskik huidig oor 'n ongetroude huwelikstatus.



**Figuur 4.3** Frekwensieverspreiding van die onderzoekgroep volgens huwelikstatus



#### 4.4.4 Ander biografiese veranderlikes

Slegs die drie bogenoemde biografiese veranderlikes is vir die doeleindes van regressie-ontledings in berekening gebring. Ter wille van 'n meer omvattende beskrywing van die onderzoekgroep word 'n kort beskrywing ten opsigte van die res van die gegewens wat vanuit die biografiese vraelys verkry is, aangebied.

Die ouderdomme van die respondente in die onderzoekgroep het gewissel van 20 jaar tot 51 jaar met 'n gemiddelde ouderdom van ongeveer 35 jaar. Die onderzoekgroep bestaan hoofsaaklik uit polisiebeamptes met die rang van inspekteur (73.33%). Respondente in die onderzoekgroep se werkervaring in die huidige eenheid het gewissel van 1 jaar tot 19 jaar met 'n gemiddelde dienstydperk in die huidige eenheid van ongeveer 6½ jaar. Daar kan dus aanvaar word dat die polisiebeamptes in die steekproef goeie ervaring in die onderskeie hoërisiko-eenhede opgedoen het. Voorts blyk die onderzoekgroep redelik verteenwoordigend te wees van die onderskeie



hoërisiko-eenhede wat in hierdie ondersoek gebruik word [die Lykshuise (10%), Moord- en Roofteenheid (16.67%), Plaaslike Kriminelerekordsentra (PKRS) (23.33%), Gesinsgeweld-, Kinderbeskermings- en Seksuelemisdryteenheid (GKS) (24.44%) en Blitspatroolie (25.56%)].

In die volgende afdeling sal die kriteria-en voorspeller veranderlikes wat in hierdie ondersoek gebruik is om die verband tussen fortigene faktore en psigologiese welstand by polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede te ondersoek, kortliks bespreek word.

## **4.5 KRITERIUM- EN VOORSPELLER VERANDERLIKES**

### **4.5.1 Kriterium vir die voorspelling van psigologiese welstand**

Die meting van die psigologiese welstand van polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede is gedoen deur inligting te verkry oor hulle vlak van lewensvrede. Om 'n aanduiding te verkry van polisiebeamptes se vlak van lewensvrede is die Lewensvrede-vraelys (Diener et al., 1985) gebruik. Die vraelys word verder in paragraaf 4.6.2 bespreek.

### **4.5.2 Voorspeller veranderlikes**

In hierdie studie is daar met drie kategorieë voorspeller veranderlikes gewerk naamlik i) *fortigene faktore* waaronder persoonlike bevoegdheid, fortaliteit wat uit selfbeoordeling, beoordeling van gesinsondersteuning en beoordeling van algemene sosiale ondersteuning bestaan asook koherensiesin ii) *copingstrategieë* en iii) *enkele demografiese moderatore* (geslag, huistaal asook huwelikstatus). Inligting rakende persoonlike bevoegdheid is verkry deur middel van die Persoonlikebevoegdheid-skaal (Campbell, Converse, Miller & Stokes, 1960), vir fortaliteit deur middel van die Fortaliteitsvraelys (Pretorius, 1997) en dié vir koherensiesin deur middel van die Koherensiesinvraelys (Antonovsky, 1987). Inligting ten opsigte van die copingstrategieë waarvan polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede gebruik maak, is verkry deur middel van

die COPE-Vraelys (Carver, Scheier & Weintraub, 1989). 'n Biografiese vraelys het inligting rakende die demografiese moderatore verskaf.

Die genoemde meetinstrumente word in die volgende afdeling in meer besonderhede bespreek.

## **4.6 MEETINSTRUMENTE**

### **4.6.1 Die Biografiese vraelys**

Die biografiese vraelys is deur die navorser opgestel. Die volgende inligting rakende die respondente is deur middel van nege vrae in die biografiese vraelys bekom : geslag, ouderdom, huistaal, huwelikstatus, rang, jare diens in die SAPD, werkseenheid, jare diens in die eenheid asook salarisskaal. Die rol en bydrae van bepaalde demografiese moderatore ten opsigte van psigologiese welstand is in die literatuurstudie uitgewys. Alhoewel die bydrae van demografiese moderatore ten opsigte van die verklaring van die variansie in psigologiese welstand , gering blyk te wees, word die bydrae van enkele demografiese veranderlikes ter wille van volledigheid ook in hierdie ondersoek ingesluit. Weens die beperkte grootte van die finale steekproef (90 polisieledede), is daar besluit om slegs die verband tussen geslag, huistaal asook huwelikstatus en die psigologiese welstand van polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede te ondersoek.

### **4.6.2 Die Lewenstevredenheidskaal / *Satisfaction with Life Scale* (SWLS)**

**( Diener, Emmons, Larsen & Griffin, 1985)**

#### **4.6.2.1 Ontwikkeling en rasionaal**

Die Lewenstevredenheidskaal is deur Diener et al.(1985) ontwikkel. Die SWLS is daarop gemik om globale lewenstevredenheid te assesser en dit fokus nie op tevredenheid met spesifieke domeine soos finansies of gesondheid asook ander verbandhoudende konstrunkte soos positiewe affek of eensaamheid nie. Volgens die

outeurs verwys lewenstevredenheid na 'n kognitiewe, beoordelingsproses.

#### **4.6.2.2 Aard en administrasie**

Die SWLS bestaan uit 5 items wat voorgestel word op 'n gegradeerde 7-punt Likertskaal wat strek van 1= verskil sterk tot 7= stem sterk ooreen. Die responstellings op elke item word gesommeer ten einde 'n totaalstelling ten opsigte van lewenstevredenheid te verkry. Die tellings wat op die skaal behaal kan word, wissel tussen 5 en 35. Hoë tellings op die skaal reflekteer groter tevredenheid met die lewe in die algemeen. Pavot en Diener (1993) het op grond van beskikbare data ten opsigte van die gebruik van die skaal in diverse kulturele omstandighede tot die gevolgtrekking gekom dat die SWLS oor die potensiaal beskik om as 'n kruis-kulturele indeks van lewenstevredenheid gebruik te word.

#### **4.6.2.3 Betroubaarheid en geldigheid**

In hul oorspronklike studie rapporteer Diener et al. (1985) 'n alfa-betroubaarheidskoëffisiënt van 0.87 en 'n twee maande toets-hertoets betroubaarheid van 0.82. Ten opsigte van studies in die Suid-Afrikaanse konteks het Pretorius (1997) en Jonker (2000) onderskeidelik betroubaarheidskoëffisiënte van 0.77 en 0.82 gevind, wat gunstig vergelyk met vorige bevindinge.

Wat die geldigheid van die SWLS aanbetref, blyk die skaal sensitief te wees ten opsigte van lewensomstandighede wat lewenstevredenheid kan beïnvloed en die resultate van die skaal stem ook gunstig ooreen met 'n verskeidenheid van selfrapporterings asook eksterne kriteria van lewenstevredenheid. Bevindinge deur Pavot en Diener (1993) dui daarop dat persone wat die laagste tellings op die SWLS behaal, psigiatriese pasiënte, gevangenes, studente in arm lande asook mishandelde vroue, insluit. Hierdie persone het almal omstandighede ervaar wat 'n invloed op lewenstevredenheid behoort te hê. Diener et al. (1985) rapporteer dat die SWLS aan konvergente geldigheid voldoen en positief korreleer met ander meetinstrumente van lewenstevredenheid.

#### **4.6.2.4 Motivering vir gebruik**

In die literatuurstudie is aangedui dat die dimensies/komponente waaruit subjektiewe welstand bestaan, onder meer lewenstevredenheid insluit. Dit is hierdie konseptualisering van psigologiese welstand wat vir die doeleindes van hierdie studie gebruik word. Voorts wys Wissing en Van Eeden (1998) daarop dat lewenstevredenheid 'n goeie voorspeller van algemene psigologiese welstand is. Vir hierdie redes dien die meting van lewenstevredenheid van polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede, as die kriteriumveranderlike van hierdie ondersoek. Voorts beskik die SWLS oor goeie betroubaarheid en geldigheid en weens die kruis-kulturele geskiktheid van die vraelys (Pavot & Diener, 1993) word die SWLS ook vir hierdie redes in die ondersoek ingesluit.

#### **4.6.3 Die Persoonlikebevoegdheid-skaal (PBS) / *Personal Competence Scale* (Campbell, Converse, Miller & Stokes, 1960)**

##### **4.6.3.1 Ontwikkeling en rasionaal**

Die Persoonlikebevoegdheid-skaal is deur Campbell et al. (1960) ontwikkel. Die vraelys verskaf 'n aanduiding van die mate van persoonlike bevoegdheid waarvoor 'n persoon beskik.

##### **4.6.3.2 Aard en administrasie**

Die PBS bestaan uit agt items en reflekteer die wyse waarop 'n persoon na lewensgebeure kyk. Die agt items word op 'n gegradeerde vierpunt Likertskaal beoordeel wat strek van (1) stem sterk ooreen tot (4) verskil sterk. Vier van die items is negatief gestel en die tellings ten opsigte van hierdie items moet eers omgekeer word, waarna die response op al die items gesommeer word om 'n totaalstelling te verkry. Hierdie totaalstelling dien as meting van die vlak van persoonlike bevoegdheid waarvoor die individu beskik. Die tellings wat op die skaal behaal kan word, wissel

tussen 8 en 32. 'n Hoë telling dui 'n hoë mate van persoonlike bevoegdheid aan. Dean (1986) en Pretorius (1997) het gemiddelde tellings van onderskeidelik 21.96 en 22.47 vir die skaal aangedui.

#### **4.6.3.3 Betroubaarheid en geldigheid**

Dean (1986) rapporteer aanvaarbare, alhoewel nie sterk, alfakoëffisiënte vir die skaal (0.56 tot 0.64), terwyl Pretorius (1997) vir 'n Suid-Afrikaanse populasie 'n betroubaarheidssyfer van (0.51) verkry het.

In terme van geldigheid is gevind dat die skaal 'n konsekwente en sterk verband toon met depressie, met korrelasies wat wissel van -0.31 tot -0.41 (Pretorius, 1997). Alhoewel die skaal oor 'n relatiewe lae betroubaarheid beskik en die betroubaarheid ook onder Anastasi (1982) se kriterium vir betroubaarheid is, word die betroubaarheid as aanvaarbaar beskou vir die doeleindes van hierdie studie, aangesien dit die meting van 'n nie-kognitiewe veranderlike behels.

#### **4.6.3.4 Motivering vir gebruik**

Die positiewe bydrae van 'n aantal aanverwante persoonlike disposisionele faktore, soos selfagting, selfdoeltreffendheid en persoonlike bevoegdheid, is ten opsigte van psigologiese welstand in die literatuur uitgewys. Daar word ook gehipotetiseer dat polisiebeamptes wat oor 'n hoë vlak van persoonlike bevoegdheid beskik, beter in staat behoort te wees om die diverse eise van hul werk- en lewensomstandighede effektief te hanteer en hoër vlakke van psigologiese welstand te vertoon. Aangesien die PBS nog relatief min in die Suid-Afrikaanse konteks gebruik is en geen gebruik daarvan onder 'n polisieonderzoekgroep gevind kon word om psigologiese welstand te voorspel nie, word hierdie skaal in die onderhawige ondersoek ingesluit. 'n Verdere oorweging vir die gebruik van die skaal is die feit dat dit uit slegs agt items bestaan en vinnig afgeneem en geadministreer kan word.

#### **4.6.4 Die Fortaliteitsvraelys / *The Fortitude Questionnaire* (FORQ) (Pretorius, 1997)**

##### **4.6.4.1 Ontwikkeling en rasionaal**

Die Fortaliteitsvraelys is deur Pretorius (1997) ontwikkel deur gebruik te maak van die selektering van items vanuit nege bestaande vraelyste. Volgens Pretorius spruit fortaliteit voort uit positiewe beoordelings van i) die self en die vermoëns van die self, ii) die gesinsomgewing en -ondersteuning en iii) algemene sosiale ondersteuning. Die Fortaliteitsvraelys blyk volgens Pretorius 'n betroubare en geldige meetinstrument te wees van die persoonlike sterkte om stres te hanteer en welstand te handhaaf.

##### **4.6.4.2 Aard en administrasie**

Die FORQ bestaan uit 20 items en die drie domeine word as volg verteenwoordig : selfbeoordeling word deur sewe items verteenwoordig, beoordeling van gesinsondersteuning bestaan ook uit sewe items, terwyl beoordeling van algemene sosiale ondersteuning deur ses items gemeet word. Die vraelys word beantwoord aan die hand van 'n gegradeerde vierpuntskaal deur aan te dui tot watter mate die stellings wat verband hou met fortaliteitsaspekte, van toepassing is op die respondent se situasie. Die responsmoontlikhede strek van 1 = nie van toepassing nie tot 4 = baie sterk van toepassing. Die onderskeie tellings ten opsigte van die items vir elke domein word afsonderlik gesommeer ten einde die totaal tellings vir elke domein te verkry. Die tellings wat vir selfbeoordeling en gesinsondersteuning behaal kan word, wissel van 7 tot 28, terwyl die tellings vir beoordeling van algemene sosiale ondersteuning wissel van 6 tot 24. Die totaal telling vir die vraelys in geheel wissel tussen 20 en 80. Hoë tellings ten opsigte van die totaal telling van die FORQ is aanduidend daarvan dat die persoon oor hoë fortaliteit beskik, terwyl hoë tellings ten opsigte van elke domein verteenwoordigend is van positiewe beoordelings ten opsigte van onderskeidelik die self, gesinsondersteuning en algemene sosiale ondersteuning.

Pretorius (1997) het matige interkorrelasies tussen die subskale van die Fortaliteitsvraelys aangedui en bevind dat die subskale, alhoewel verbandhoudend, oor genoegsame onafhanklikheid beskik. Vir die doeleindes van hierdie studie, sal die gemiddelde tellings van die drie subskale van die Fortaliteitsvraelys, afsonderlik in berekening gebring word. Hierdeur word meer spesifieke inligting aangaande die respondente se selfbeoordeling, beoordeling van gesinsondersteuning asook beoordeling van algemene sosiale ondersteuning verkry.

#### **4.6.4.3 Betroubaarheid en geldigheid**

Pretorius (1997) het bevredigende betroubaarheidsyfers vir die FORQ gevind met 'n Cronbach alfa-koëffisiënt van 0.85 vir die totale fortaliteitsvraelys. Bevredigende betroubaarhede ten opsigte van die onderskeie subskale wat wissel tussen 0.74 vir selfbeoordeling, 0.82 vir beoordeling van gesinsondersteuning en 0.76 vir beoordeling van algemene sosiale ondersteuning, is aangedui.

Deur middel van faktoranalise asook die bepaling van die verhouding van die FORQ met metings van welstand, is bevredigende inhoudsgeldigheid, konstruktiegeldigheid en kriteriumgeldigheid deur Pretorius (1997) gerapporteer.

#### **4.6.4.4 Motivering vir gebruik**

Pretorius (1997) het aangetoon dat persone met hoë vlakke van fortaliteit, hoër vlakke van lewenstevredenheid, positiewe affek en subjektiewe welstand vertoon as persone met lae vlakke van fortaliteit. Een van die doelstellings van hierdie studie is om vas te stel watter faktore psigologiese welstand by polisiebeamptes die beste kan voorspel. Die FORQ sluit die meting van beide disposisionele sowel as kontekstuele faktore in en weens die betroubare en geldige meting van hierdie vraelys ten opsigte van die individu se vermoë om stres te hanteer en welstand te bevorder, blyk die FORQ 'n noodsaaklike meetinstrument vir gebruik in hierdie ondersoek te wees. In hierdie studie sal die bydrae van die drie subskale afsonderlik in berekening gebring word,

aangesien dit 'n vollediger beeld kan verskaf van die sterktes waaroor polisiebeamptes beskik ten einde stres te hanteer en psigologiese welstand te handhaaf.

#### **4.6.5 Die Koherensiesinvraelys / *Sense of Coherence Scale (SOC)* (Antonovsky, 1987)**

##### **4.6.5.1 Ontwikkeling en rasionaal**

Die Koherensiesinvraelys het ontstaan na aanleiding van die operasionalisering van die konstruk koherensiesin wat reeds in 1979 deur Antonovsky ontwikkel is. Koherensiesin vorm die sentrale konstruk van Antonovsky (1979, 1987) se salutogene benadering van siekte en gesondheid en bied 'n alternatiewe definiëring van die konsep psigologiese welstand.

Die SOC-vraelys meet die mate waarin 'n persoon 'n deurdringende, blywende en dinamiese gevoel van sekerheid ervaar dat :

- die stimuli wat spruit uit die interne en eksterne omgewings in die verloop van die lewe, gestruktureerd, voorspelbaar en verklaarbaar is (*verstaanbaarheid / comprehensibility*).
- bronne beskikbaar is om aan die eise van die hierdie stimuli te voldoen (*beheerbaarheid / manageability*).
- die eise van bogenoemde stimuli uitdagings is wat die moeite werd is om by betrokke te raak en energie in te belê (*betekenisvolheid / meaningfulness*)

##### **4.6.5.2 Aard en administrasie**

Die SOC-vraelys bestaan uit 29 items wat die drie bogenoemde komponente naamlik verstaanbaarheid (11 items), beheerbaarheid (10 items) en betekenisvolheid (8 items) verteenwoordig. Die items word op 'n sewepuntskaal beantwoord waarvan die bewoorde responskeuses slegs op punte een en sewe as teenpole aangedui word. Antonovsky (1987) waarsku teen die heg van te veel waarde aan die subskaalteellings



en bepleit dat die SOC eerder as 'n eendimensionele meetinstrument van koherensiesin gebruik behoort te word. Weens die negatiewe formulering van 13 van die items, moet die resultate van die tellings vir hierdie items eers omgekeer word, alvorens die tellings op al die items gesommeer kan word ten einde 'n totaaltelling te verkry. Die tellings wat op die SOC-vraelys behaal kan word, het 'n strekwydte van 29 tot 203. 'n Hoë telling verteenwoordig 'n sterk koherensiesin.

#### **4.6.5.3 Betroubaarheid en geldigheid**

In 26 studies wat met die SOC uitgevoer is, rapporteer Antonovsky (1993) Cronbach alfa-koëffisiënte vir interne konsekwenheid wat wissel van 0.78 en 0.93. Hittner (2000) het Cronbach alfa-koëffisiënte van 0.93 vir die totale SOC, 0.83 vir beide die subskale verstaanbaarheid en beheerbaarheid en 0.87 vir die subskaal betekenisvolheid gevind, terwyl Jonker (2000) in 'n Suid-Afrikaanse studie 'n betroubaarheidskoëffisiënt van 0.83 vir die SOC aangedui het. Die toets-hertoetsbetroubaarheid in agt ondersoeke dui op korrelasies van 0.56 tot 0.97 (Antonovsky). Volgens Antonovsky blyk die inhoudsgeldigheid, operasionele geldigheid en kriteriumgeldigheid van die SOC ook gunstig te wees.

#### **4.6.5.4 Motivering vir gebruik**

Die SOC-vraelys vorm die sentrale konstruk van die salutogene paradigma wat 'n belangrike kern uitmaak van die psigofortigene paradigma wat as teoretiese raamwerk vir hierdie studie dien. Verskeie studies het 'n positiewe verband tussen koherensiesin en verskeie aspekte van psigologiese welstand uitgewys. Die ondersoekgroep in hierdie studie bestaan uit polisiebeamptes vanuit verskillende kulturele agtergronde en Antonovsky (1993) het die vraelys ontwikkel met die oog op kruiskulturele toepasbaarheid, 'n suggestie wat deur Bowman (1996, 1997) ondersteun word. Vir bogenoemde redes asook die feit dat die skaal oor bevredigende betroubaarheid- en geldigheidsindekse beskik, word die SOC in hierdie studie ingesluit.

#### 4.6.6 Die COPE-Vraelys / *The COPE-Questionnaire* (COPE) (Carver, Scheier & Weintraub, 1989)

##### 4.6.6.1 Ontwikkeling en rasionaal

Die COPE is 'n multidimensionele copingvraelys wat deur Carver et al. (1989) ontwikkel is om die verskillende wyses waarop persone op stres reageer, te reflekteer. Twee teoretiese modelle is as vertrekpunt vir die ontwikkeling van die vraelys gebruik naamlik Lazarus se transaksionele model van stres en 'n model van gedragsmatige selfregulering.

##### 4.6.6.2 Aard en administrasie

Die COPE bestaan uit 14 konseptueel onderskeidende skale wat gebaseer is op spesifieke teoretiese argumente rakende funksionele asook potensieel minder funksionele kenmerke van copingstrategieë (Carver et al. , 1989).

Vyf skale wat uit vier items elk bestaan, meet verskillende aspekte van probleem-gefokusde coping naamlik :

- Aktiewe coping*, wat die volgende insluit : inisiëring van direkte aksiestappe, 'n verhoging in pogings tot die hantering van die stressor asook pogings om die copingproses op 'n stapsgewyse manier uit te voer.
- Beplanning* sluit die volgende in : die generering van aksiestrategieë, die oordenking van watter stappe geneem moet word asook die beste wyse waarop die probleem hanteer kan word.
- Onderdrukking van kompeterende aktiwiteite* sluit die volgende in : die tersydestel van ander projekte, die vermyding van afleiding deur ander gebeure en deur bepaalde sake op die agtergrond te skuif (indien nodig).
- Weerhoudingscoping* sluit die volgende in : deur te wag tot die regte geleentheid hom voordoem om op te tree, die self terug te hou en nie voortydig op te tree nie.

- ❑ *Soeke na sosiale ondersteuning vir instrumentele redes* sluit die volgende in : die inwin van advies, die vra van hulp asook die inwin van inligting.

Vyf skale wat uit vier items elk bestaan, meet aspekte van emosie-gefokusde coping naamlik :

- ❑ *Soeke na sosiale ondersteuning vir emosionele redes* behels die soek van sosiale interaksie ten einde morele ondersteuning, simpatie en begrip te verkry asook die ventilering van gevoelens teenoor ander.
- ❑ *Positiewe herinterpretasie en groei* is daarop gemik om onaangename of ontstellende emosies te hanteer en stem ooreen met positiewe hertaksering (Lazarus & Folkman, 1984).
- ❑ *Aanvaarding* behels pogings om die situasie te hanteer deur die aanvaarding van die realiteit van die stresvolle situasie.
- ❑ *Keer na religie* dui op die benutting van religie as 'n bron van emosionele ondersteuning, 'n middel tot positiewe herinterpretasie en groei asook 'n aktiewe tegniek vir coping met die stresvolle situasie.
- ❑ *Fokus op en ventilering van emosies* behels die fokus op die psigiese ongemak en ontsteltenis wat ervaar word en die ventilering van hierdie gevoelens.

Drie skale van vier items elk en 'n bykomende veertiende skaal bestaande uit slegs een item, meet copingresponse wat destruktief/minder effektief is, naamlik :

- ❑ *Ontkenning* behels die ontkenning van die bestaan van die stressor en optrede deur die individu asof die stressor nie werklik bestaan nie.
- ❑ *Gedragsonttrekking* sluit die volgende in : 'n vermindering in pogings om die stressor te hanteer of selfs die staking van alle pogings ten einde doelwitte te bereik.
- ❑ *Geestesonttrekking* sluit die volgende strategieë in : die deelname in alternatiewe aktiwiteite om die aandag af te lei van die stressor, dagdroom en ontvlugting deur middel van slaap of byvoorbeeld TV te kyk.
- ❑ *Onttrekking deur middel van alkohol en dwelms* behels pogings om van die stresvolle situasie te vergeet deur alkohol/verdowingsmiddels te gebruik.

Die COPE bestaan uit 53 items en is opgestel in 'n selfrapporteringsformaat, waar daar van respondente verwag word om aan te dui hoe hulle oor die algemeen voel en optree in stresvolle situasies. Die skaal word beantwoord aan die hand van 'n gegreeerde vierpunt Likertskaal wat wissel van 1 = gewoonlik doen ek dit glad nie tot 4 = gewoonlik doen ek dit baie (Carver et al. , 1989). Die totaaltellings vir elke subskaal word verkry deur die responstellings vir elke subskaal te sommeer. Vir die eerste 13 subskale, kan die tellings wissel van 4 tot 16, terwyl die tellings wat vir die enkele item onttrekking deur middel van alkohol en verdowingsmiddels behaal kan word, wissel van een tot vier. Subskale met die hoogste tellings dui die copingstrategieë aan wat die meeste deur die individu gebruik word. Weens die grootte van die finale ondersoekgroep asook die keuse van die statistiese metode vir die onderhawige ondersoek, sal vir die doeleindes van hierdie ondersoek, slegs die drie breë kategorieë van die COPE-Vraelys in die hiërargiese regressie-ontledings ingesluit word. Die onderskeie COPE-strategieë sal volgens die riglyne van Carver et al. (1989) saamgegroepeer word in probleem-gefokusde coping (PFC), emosie-gefokusde coping (EFC) en destruktiewe coping (DC). Die strekwydte van die tellings wat vir PFC en EFC behaal kan word, wissel tussen 20 en 80 en dié vir DC tussen 13 en 52.

#### **4.6.6.3 Betroubaarheid en geldigheid**

Carver et al. (1989) rapporteer Cronbach alfa-betroubaarheidskoëffisiënte vir die subskale wat wissel van 0.45 en 0.92. Alle subskale toon aanvaarbare betroubaarheidsindekse behalwe geestesonttrekking wat 'n alfa-koëffisiënt van laer as 0.60 getoon het. In studies wat in die Suid-Afrikaanse konteks onderneem is, het Jonker (2000) en Martin (1998) onderskeidelik, Cronbach alfa-betroubaarheidsindekse gevind wat gewissel het van 0.50 tot 0.73 en 0.53 tot 0.89 vir die onderskeie subskale. Toets-hertoetsbetroubaarhede vir die verskillende subskale het gewissel van 0.42 tot 0.89 en 0.46 tot 0.86 na toepassingsperiodes van onderskeidelik ses en agt weke (Carver et al., 1989).

Die data wat uit studies deur Carver et al. (1989) verkry is, verskaf bewyse vir beide

konvergente en diskriminerende geldigheid van die COPE. Verder dien die COPE as meetinstrument van beide situasionele copingresponse sowel as disposisionele copingstyle.

#### **4.6.6.4 Motivering vir gebruik**

In die lig daarvan dat konstruktiewe copingstrategieë die effektiewe hantering van stres fasiliteer en suksesvolle coping met psigologiese welstand geassosieer word, sou 'n studie aangaande die faktore wat bydrae tot psigologiese welstand nie volledig wees indien 'n meting van die individu se copingstrategieë nie in aanmerking geneem word nie. Om hierdie rede word die COPE, weens die multi-dimensionele aard van copingstrategieë wat daardeur gemeet word, in hierdie studie van die faktore betrokke by die psigologiese welstand van polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede, ingesluit.

### **4.7 NAVORSINGSPROSEDURE**

'n Afskrif van die navorsingsvoorstel, sowel as 'n brief waarin die motivering en doelstellings van die beoogde navorsing uiteengesit is, is aan die Provinsiale Hoof : Menslike Hulpbronbestuur, die Provinsiale Hoof : Bestuursdienste en die Provinsiale Kommissaris van die SAPD in die Vrystaat voorgelê ten einde skriftelike toestemming te verkry om die navorsing te onderneem.

Vergaderings is belê met personeel van Sielkundige Dienste van die SAPD in die areas Oos-Vrystaat en Noord-Vrystaat waartydens die administratiewe reëlings met betrekking tot die afneem van die vraelyste in hierdie areas gefinaliseer is. Elke vraelys is vergesel van 'n dekbrief waarin die aard en doel van die navorsing verduidelik is. In hierdie dekbrief is die proefpersone ook verseker van anonimiteit, die vrywilligheid van deelname is beklemtoon asook die vertroulikheid waarmee alle inligting hanteer sou word.

Die navorser het persoonlik die betrokke hoërisiko-eenhede in die area Suid-Vrystaat

besoek. Tydens hierdie besoeke is die aard en doel asook die instruksies van die onderskeie vraelyste aan die eenheidsbevelvoerders verduidelik en is die deelname van die lede van hul eenhede versoek. Die vraelyste is by die eenheidsbevelvoerders gelaat en daar is ooreengekom op 'n datum waarop die voltooide vraelyste weer deur die navorser afgehaal sou word. 'n Tydsverloop van tussen twee weke en 'n maand is toegelaat vir die voltooiing van die vraelyste. Dieselfde prosedure is deur lede van Sielkundige Dienste in die area Oos-Vrystaat gevolg. Probleme ten opsigte van die afneem van die vraelyste is egter in die area Noord-Vrystaat ervaar en al 60 vraelyste is onvoltooid aan die navorser teruggestuur. Na oorweging van verskeie faktore is daar in oorlegpleging met die navorser se studieleiers besluit om die area Noord-Vrystaat nie verder by die navorsing te betrek nie.

Ongeveer 120 vraelyste is in die areas Suid-Vrystaat en Oos-Vrystaat versprei. Hiervan is 98 voltooide vraelyste deur die navorser terug ontvang. Agt van hierdie vraelyste is nie volledig voltooi nie en kon nie vir die doeleindes van die navorsingstudie gebruik word nie. 'n Totaal van 90 respondente is dus in die finale ondersoekgroep ingesluit.

#### **4.8 STATISTIESE PROSEDURE**

'n Kort uiteensetting van die statistiese prosedure wat vir die empiriese ondersoek benut is, word vervolgens kortliks weergegee.

Beskrywende statistiek (gemiddeldes en standaardafwykings) ten opsigte van elkeen van die voorspeller veranderlikes asook die kriteriumveranderlike, is eerstens bereken en aangedui. Die interkorrelasies tussen die voorspellers onderling, sowel as met die kriteriumveranderlike, is ook aangedui en kortliks bespreek. In hierdie studie is die 1%-peil ( $\alpha = 0.01$ ) van beduidendheid gebruik.

In aansluiting by die navorsingsvraag wat handel oor die verband tussen fortigene faktore en die psigologiese welstand van SAPD-lede in hoërisiko-eenhede, is die polisiebeamptes se lewenstevredenheidstellings bereken en as kriterium in die

ontledings gebruik. Ten einde te verklaar in watter mate die variansie in psigologiese welstand deur die drie stelle voorspellers (die onafhanklike veranderlikes) verklaar kan word, is hiërgiese regressie-ontledings uitgevoer.

Die totale variansie wat deur die voorspeller veranderlikes gesamentlik (volledige model) ten opsigte van die kriterium (lewenstevredenheid) verklaar word, is eerstens bepaal. Hierna is telkens een van die voorspeller veranderlikes weggelaat om daardie spesifieke veranderlike se bydrae tot die verklaring van die variansie in lewenstevredenheid by die ondersoekgroep, te bepaal. Die persentasie variansie wat deur 'n spesifieke veranderlike of stel veranderlikes verklaar word, word deur  $R^2$  (gekwadredeerde meervoudige korrelasiekoëffisiënt) aangetoon.

Ten einde te bepaal of 'n spesifieke veranderlike, of stel veranderlikes, se bydrae tot die  $R^2$  -waarde statisties betekenisvol is, is dit met behulp van die hiërgiese  $F$ -toets ondersoek (Van der Walt, 1980) :

$$F = \frac{(R^2_{y,1\dots k_1} - R^2_{y,1\dots k_2}) / (k_1 - k_2)}{(1 - R^2_{y,1\dots k_1}) / (N - k_1 - 1)}$$

waar:

$R^2_{y,1\dots k_1}$  = Gekwadredeerde meervoudige korrelasiekoëffisiënt vir die groter getal onafhanklike veranderlikes

$R^2_{y,1\dots k_2}$  = Gekwadredeerde meervoudige korrelasiekoëffisiënt vir die kleiner getal onafhanklike veranderlikes

$k_1$  = Groter getal onafhanklike veranderlikes

$k_2$  = Kleiner getal onafhanklike veranderlikes

$N$  = Totale aantal gevalle

(Van der Walt, 1980)

Wanneer die betekenisvolheid van 'n toename in  $R^2$  ondersoek word, is dit noodsaaklik om die effekgrootte van die bydrae wat 'n bepaalde voorspeller(s) lewer,

te bereken. Die effekgrootte verskaf 'n aanduiding van die bydrae tot  $R^2$  in terme van die proporsie onverklaarde variansie van die volledige model. Volgens Van der Westhuizen, Monteith en Steyn (1989) kan die effekgrootte van die individuele bydraes in terme van  $f^2$  bereken word met behulp van die volgende formule :

$$f^2 = \frac{R^2 - R^2_1}{1 - R^2}$$

waar:

$R^2$  = proporsie variansie verklaar deur die volledige model

$R^2_1$  = proporsie variansie verklaar deur die kleiner getal onafhanklike veranderlikes

Die riglynwaares wat volgens Cohen gebruik kan word, is die volgende:

$f^2 = 0,01$  : klein effek

$f^2 = 0,15$  : medium effek

$f^2 = 0,35$  : groot effek

Hierdie effekgroottes verskaf inligting rakende die praktiese belang van die verbande wat moontlik tussen die veranderlikes gevind kan word.

#### 4.9 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk lei die empiriese gedeelte van die navorsingsondersoek in. Dit is gedoen deur die navorsingsontwerp, die ondersoekgroep asook die meetinstrumente wat in hierdie studie gebruik is, te beskryf. Die hoofstuk is afgesluit deur die navorsingsprosedure asook die statistiese prosedure wat vir die verwerking van die data gevolg is, weer te gee.

In die volgende hoofstuk word die resultate van die statistiese ontleding weergegee. Dit sal eerstens geskied aan die hand van die weergee en bespreking van die beskrywende statistiek (gemiddeldes en standaardafwykings) asook die interkorrelasies wat tussen die voorspeller veranderlikes en lewenstevredenheid,



asook die voorspeller veranderlikes onderling, gevind is. Hiernaas sal die bevindinge van die hiërargiese regressie-ontledings aangebied en bespreek word.

# HOOFSTUK 5

## RESULTATE EN INTERPRETASIE

### 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die resultate van die ondersoekgroep aan die hand van die statistiese prosedure wat in die vorige hoofstuk bespreek is, ontleed en bespreek.

Die beskrywende statistieke (gemiddeldes, standaardafwykings en korrelasies) van al die betrokke veranderlikes vir die ondersoekgroep as geheel word eerstens aangedui en bespreek. Daarna word die resultate van die hiërargiese regressie-ontledings aangebied en interpreteer.

### 5.2 BESKRYWENDE STATISTIEK

Die beskrywende statistiek (gemiddeldes en standaardafwykings) word ten opsigte van die kriterium- sowel as die voorspeller veranderlikes vir die totale ondersoekgroep in Tabel 5.1 aangetoon.

**Tabel 5.1: Gemiddeldes en standaardafwykings van die kriterium- en voorspeller veranderlikes vir die totale ondersoekgroep**

Veranderlike	N	X	s	Min	Maks
<b>Kriteriumveranderlike:</b>					
<i>Lewenstevredenheidskaal :</i>					
Lewenstevredenheid :	90	21,69	7,19	5	35
<b>Voorspeller veranderlike:</b>					
<i>Persoonlikebevoegdheid-skaal :</i>					
Persoonlike bevoegdheid	90	21,97	3,34	8	32
<b>Fortaliteitsvraelys :</b>					
Selfbeoordeling	90	21,12	3,75	7	28
Beoordeling van gesinsondersteuning	90	19,58	4,63	7	28
Beoordeling van alg. sosiale ondersteuning	90	15,81	4,21	6	24
<b>Koherensiesinvraelys :</b>					
Koherensiesin	90	128,46	22,61	29	203
<b>COPE-Vraelys :</b>					
Probleem-gefokusde coping	90	59,09	9,51	20	80
Emosie-gefokusde coping	90	57,52	9,23	20	80
Destruktiewe coping	90	27,40	6,97	13	52

Op die Lewenstevredenheidskaal (SWLS) is 'n gemiddelde telling van 21.69 en 'n standaardafwyking van 7.19 vir die 90 respondente gevind. Die skaal se strekwydte wissel van 5 tot 35, waar 'n hoër telling aanduidend is van 'n hoër mate van lewenstevredenheid. Dit blyk dus dat die ondersoekgroep oor 'n redelike mate van lewenstevredenheid beskik. Twee respondente het die laagste moontlike telling van 5 behaal, wat daarop dui dat hulle oor 'n baie lae vlak van lewenstevredenheid beskik. Die hoogste telling van 34, ook deur twee respondente behaal, is aanduidend van 'n baie hoë ervaring van lewenstevredenheid. Hierdie resultate suggereer dat, ten spyte van die stresvolle beroeps- en lewensomstandighede en die hoë eise wat aan hulle gestel word, sommige polisiebeamptes daarin slaag om hierdie eise suksesvol te hanteer en steeds hoë vlakke van lewenstevredenheid en psigologiese welstand te ervaar, terwyl ander nie daarin slaag nie.

Wanneer die gemiddelde telling wat die ondersoekgroep op die SWLS behaal het, met die gemiddelde tellings van vorige studies vergelyk word, behaal die ondersoekgroep 'n laer telling. In 'n opsomming van die bevindinge rakende die gemiddelde tellings wat vir ongeveer 28 ondersoekgroepe gerapporteer is, vermeld Pavot en Diener (1993), tellings van tussen 23 en 28, wat almal hoër is as die telling van 21.69 wat deur die ondersoekgroep behaal is. Ten opsigte van Suid-Afrikaanse studies, het Pretorius (1997) vir 'n voorgraadse studentepopulasie en Wissing en Van Eeden (1998) vir 550 persone uit verskillende professies, gemiddelde tellings van onderskeidelik 22.58 en 23.45 gevind. Die gemiddelde telling van hierdie ondersoekgroep is dus laer as wat vir ander ondersoeke gevind is. Dit blyk dus asof lede van die ondersoekgroep laer vlakke van lewenstevredenheid ervaar.

Die ondersoekgroep behaal 'n gemiddelde telling van 21.97 met 'n standaardafwyking van 3.34, op die Persoonlikebevoegdheid-skaal (PBS). Die tellings wat op die PBS behaal kan word, strek van 8 tot 32, waar 'n hoër telling op 'n hoë vlak van bevoegdheid dui. Die laagste telling, behaal deur een respondent, was 12. Twee respondente het die hoogste telling vir die ondersoekgroep, naamlik 30 behaal en vertoon 'n hoë mate van persoonlike bevoegdheid. Wanneer die

gemiddelde telling ten opsigte van persoonlike bevoegdheid met dié van ander studies vergelyk word, blyk die gemiddelde telling van 21.97 redelik gunstig te vergelyk met gemiddelde tellings van onderskeidelik 21.96 en 22.47 wat deur Dean (1986) en in die Suid-Afrikaanse konteks deur Pretorius (1997) gerapporteer is. Min Suid-Afrikaanse studies waar gebruik gemaak is van die PBS, kom voor en geen studies kon gevind word waar die skaal in die SAPD gebruik is nie.

Vir die doeleindes van hierdie studie, is die gemiddelde tellings van die drie subskale van die Fortaliteitsvraelys afsonderlik in berekening gebring. Hierdeur word meer spesifieke inligting aangaande die respondente se selfbeoordeling (SB), beoordeling van gesinsondersteuning (GB) asook beoordeling van algemene sosiale ondersteuning (ASB) verkry. Die tellings wat ten opsigte van SB asook GB behaal kan word, wissel tussen 7 en 28, terwyl dié vir ASB 'n strekwydte van tussen 6 en 24 het. 'n Hoër telling dui deurgaans op 'n meer positiewe beoordeling van die betrokke subskaal.

Die laagste telling wat vir SB behaal is, was 9 (een respondent), terwyl drie respondente die maksimum telling van 28 behaal het. Die laagste moontlike telling van 7, is deur twee respondente op GB behaal, terwyl vier respondente baie hoë positiewe beoordelings ten opsigte van gesinsondersteuning toon met maksimumtellings van 28. Betreffende ASB, toon drie respondente 'n lae telling van 7, terwyl vyf respondente 'n maksimumtelling van 24 op ASB behaal het. Die resultate dui daarop dat sekere polisiebeamptes hulself, hul gesinsondersteuning asook hul algemene sosiale ondersteuning, negatief beoordeel, terwyl ander hierdie domeine van ondersteuning, baie positief ervaar. 'n Gemiddelde telling van 21.12 is deur die 90 respondente op SB behaal, ten opsigte van GB is 'n gemiddelde telling van 19.58 verkry, terwyl die gemiddelde telling op ASB 15.81 was. Pretorius (1997) rapporteer vir voorgraadse sielkundestudente gemiddelde tellings van 21.33 (SB), 19.91 (GB) en 16.61 (ASB). Wanneer die ondersoekgroep se gemiddelde tellings hiermee vergelyk word, behaal die ondersoekgroep deurgaans effens laer tellings.

Die tellings wat op die Koherensiesin vraelys (SOC) behaal kan word, wissel tussen 29 en 203. Die laagste en hoogste tellings wat vir die ondersoekgroep, deur een respondent elk behaal is, was onderskeidelik 80 en 190. Hierdie resultate dui daarop dat sekere polisiebeamptes hulle lewensomstandighede as minder verstaanbaar, beheerbaar en betekenisvol sien, terwyl ander in teenstelling hiermee, oor hoë vlakke van koherensiesin beskik en in staat is om die eise van die lewe te hanteer. In hierdie ondersoek is 'n gemiddelde telling van 128.46 op die SOC behaal. In 'n studie, met 550 respondente, verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse populasie, het Wissing en Van Eeden (1998) 'n gemiddelde telling van 136.52 op die SOC aangedui. In verskeie studies wat op ondersoekgroepe binne die SAPD onderneem is, het Engelbrecht (1999) 'n gemiddelde telling van 126.53 aangedui, Jansen van Vuuren (2000) rapporteer 'n gemiddelde telling van 142.85, terwyl Rothmann en Strijdom (2002) gemiddelde tellings van 122.61 vir 'n blanke ondersoekgroep en 127.75 vir 'n swart ondersoekgroep gevind het. In die vergelyking met ondersoekgroepe uit die algemene Suid-Afrikaanse populasie, toon hierdie ondersoekgroep 'n laer telling. Die ondersoekgroep se koherensiesin blyk egter gunstig te vergelyk met dié van ander ondersoekgroepe binne die SAPD. Oor die algemeen blyk polisiebeamptes 'n laer telling ten opsigte van koherensiesin te behaal as ander nie-polisie ondersoekgroepe.

Soos reeds in afdeling 4.6.6.2 aangedui, is die 14 copingstrategieë van die COPE-Vraelys in die volgende drie kategorieë saamgegroepeer: probleem-gefokusde coping (PFC), emosie-gefokusde coping (EFC) en destruktiewe coping (DC).

Die strekwydte van die tellings wat vir PFC en EFC behaal kan word, wissel tussen 20 en 80 en dié vir DC tussen 13 en 52. Die ondersoekgroep behaal onderskeidelik gemiddelde tellings van 59.09 op PFC, 57.52 op EFC en 27.40 op DC. Die onderskeie laagste tellings, in alle gevalle deur een respondent elk behaal, was 27 vir PFC, 28 vir EFC en 14 vir DC. Twee respondente elk, het onderskeidelik die hoogste tellings van 76 vir PFC, 72 vir EFC en 41 vir DC behaal. Dit blyk dus dat die ondersoekgroep in 'n redelike gelyke mate van beide probleem-gefokusde sowel



as emosie-gefokusde coping gebruik maak. Destruktiewe copingstrategieë word in 'n mindere mate deur die ondersoekgroep gebruik.

Aangesien min inligting in die literatuur gevind word rondom die copingstrategieë waarvan SAPD-lede gebruik maak en hierdie studie poog om 'n bydrae in dié verband te lewer, sal die gemiddelde tellings wat die ondersoekgroep op die 14 verskillende copingstrategieë van die COPE-Vraelys behaal het, vervolgens in Tabel 5.2 aangebied word. Ter wille van die vergemakliking van die vergelyking van resultate, sal die gemiddelde tellings van twee ander studies ook in dié tabel aangebied word. Ten opsigte van die eerste 13 copingstrategieë, wissel die strekwydte van die gemiddelde tellings wat behaal kan word, tussen 4 en 16. Alkohol/verdowningsmiddel gebruik, bestaan uit slegs een item en die gemiddelde telling wat vir dié item behaal kan word, wissel tussen 1 en 4.

Wanneer die gemiddelde tellings van die ondersoekgroep vergelyk word met die resultate wat Martin (1998) en Carver et al. (1989) onderskeidelik vir 'n polisie ondersoekgroep en 'n studente ondersoekgroep aangedui het, behaal die ondersoekgroep hoër gemiddelde tellings as beide groepe op die volgende probleem-gefokusde strategieë, naamlik aktiewe coping, beplanning, onderdrukking van kompeterende aktiwiteite, weerhoudingscoping en soek van sosiale ondersteuning vir instrumentele redes en vir die volgende emosie-gefokusde strategieë, naamlik soek van sosiale ondersteuning vir emosionele redes en keer na religie asook vir twee minder effektiewe/destruktiewe strategieë, naamlik ontkenning en gedragsonttrekking. Die ondersoekgroep behaal laer gemiddelde tellings as beide vergelykende groepe ten opsigte van een emosie-gefokusde strategie naamlik fokus op en ventilering van emosies asook vir 'n enkele minder effektiewe/destruktiewe strategie naamlik geestesonttrekking. Die vyf copingstrategieë waarop die hoogste gemiddelde tellings behaal is, word vervolgens in oënskou geneem. Hierdie tellings is ook indikatief van die frekwensie waarin daar van die betrokke strategie gebruik gemaak word.

**Tabel 5.2: Gemiddelde tellings ten opsigte van die 14 strategieë van die COPE-Vraelys vir drie afsonderlike ondersoekgroepe**

COPE strategieë	Huidige ondersoek groep	Martin (1998) (polisie= beampies)	Carver et al. (1989) (studente)
	$\bar{X}$	$\bar{X}$	$\bar{X}$
Aktiewe coping	12.21	11.67	11.89
Beplanning	12.72	12.59	12.58
Onderdrukking van kompeterende aktiwiteite	11.16	10.87	9.92
Weerhoudingscoping	11.48	11.22	10.28
Soek sosiale ondersteuning vir instrumentele redes	11.52	10.69	11.50
Soek sosiale ondersteuning vir emosionele redes	11.04	9.98	11.01
Positiewe herinterpretasie en groei	12.38	12.10	12.40
Aanvaarding	11.37	12.11	11.84
Keer na religie	12.66	12.41	8.82
Fokus op en ventilering van emosies	9.82	10.30	10.17
Ontkenning	8.51	7.17	6.07
Gedragsonttrekking	8.99	7.93	6.11
Geestesonttrekking	9.60	9.99	9.66
Alkohol/Verdowingsmiddel gebruik	1.5	1.89	1.38

Die bevindinge ten opsigte van die gemiddelde tellings van die ondersoekgroep stem grootliks ooreen met die tellings wat deur Martin (1998) en Carver et al. (1989) gerapporteer is. Die respondente van hierdie ondersoekgroep sowel as dié van beide vergelykende ondersoekgroepe maak in 'n hoë mate gebruik van beplanning, positiewe herinterpretasie asook aktiewe coping. In al drie die studies word beplanning as copingstrategie, teen die hoogste frekwensie gebruik. Keer na religie as copingstrategie word die tweede meeste deur hierdie ondersoekgroep (net soos by Martin se groep SAPD-lede) gebruik. Die bevindinge ten opsigte van die strategie, soek van sosiale ondersteuning vir instrumentele redes, stem ooreen met

die bevindinge van Carver et al. Hierdie strategie toon die vyfde hoogste frekwensie van gebruik deur beide ondersoekgroepe.

Die verskille in gemiddelde lewenstevredenheidstellings vir die onderskeie kategorieë van die biografiese veranderlikes, word vervolgens bespreek.

### 5.3 BEDUIDENDHEID VAN GESLAGSVERSKILLE, TAALVERSKILLE EN HUWELIKSTATUSVERSKILLE WAT BETREF LEWENSTEVREDENHEID

Vir die drie biografiese veranderlikes wat in die hiërargiese regressie-ontledings gebruik sal word, is die gemiddelde lewenstevredenheidstellings vir die onderskeie kategorieë van elke biografiese veranderlike bereken en dit word in Tabel 5.3 aangedui.

**Tabel 5.3: Gemiddelde lewenstevredenheidstellings vir die onderskeie kategorieë van die drie biografiese veranderlikes**

<b>B i o g r a f i e s e veranderlike</b>	<b>Kategorie</b>	<b>N</b>	<b><math>\bar{X}</math></b>	<b>s</b>	<b>t</b>	<b>p</b>
<b>Geslag</b>	Manlik	78	21,64	6,86	0,161	0,8732
	Vroulik	12	22,00	9,44		
<b>Huistaal</b>	Afr/Engels	43	20,53	7,87	1,565	0,1465
	Afrikataal	47	22,74	6,42		
<b>Huwelikstatus</b>	Getroud	68	20,88	7,14	1,897	0,0611
	Ongetroud	22	24,18	6,92		

Die vroulike respondente (22.00) in die ondersoekgroep behaal 'n effens hoër gemiddelde telling op die SWLS as die manlike respondente (21.64). Respondente wat 'n Afrikataal as huistaal gebruik (22.74) se gemiddelde telling op lewenstevredenheid is hoër as dié van respondente wat Afrikaans/Engels (20.53) praat. Wat huwelikstatus aanbetref, behaal die respondente wat ongetroud (24.18) is, 'n aansienlik hoër gemiddelde telling as getroudes (20.88). Uit Tabel 5.3 is dit egter duidelik dat volgens die berekende *t*-waardes, die gemiddelde



lewenstevredenheidstellings vir die verskillende kategorieë binne elke biografiese veranderlike, nie beduidende verskille (op minstens die 5%-peil) toon nie.

Die resultate van die hiërargiese regressie-ontledings word vervolgens bespreek.

#### 5.4 RESULTATE VAN DIE HIËRARGIESE REGRESSIE-ONTLEDINGS

Soos aangedui in paragraaf 4.7 sal die navorsingshipotese met behulp van 'n hiërargiese regressie-ontleding ondersoek word. Voordat die resultate vir die hiërargiese regressie-ontleding aangebied word, sal die verbande tussen die voorspeller veranderlikes onderling asook met die kriteriumveranderlike, bereken en aangetoon word.

Die verbande tussen die voorspeller veranderlikes onderling asook met die kriteriumveranderlike is met behulp van die SAS-programmatuur (SAS Institute, 1985) deur middel van Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënte bereken en die resultate verskyn in Tabel 5.4

**Tabel 5.4: Interkorrelasies tussen voorspeller- en kriteriumveranderlikes**

Veranderlike	PB	SB	GB	ASB	KS	PFC	EFC	DC
1 Lewenstevredenheid	46*	34*	28*	42*	37*	17	19	03
2 Persoonlike bevoegdheid (PB)	-	52*	37*	32*	65*	35*	18	-31*
3 Selfbeoordeling (SB)		-	58*	53*	55*	57*	35*	-19
4 Beoordeling v. gesinsondersteuning (GB)			-	50*	38*	46*	34*	-03
5 Beoordeling v. alg. sosiale ondersteuning (ASB)				-	46*	50*	40*	08
6 Koherensiesin (KS)					-	44*	24	-29*
7 Probleem-gefokusde coping (PFC)						-	73*	17
8 Emosie-gefokusde coping (EFC)							-	36*
9 Destruktiewe coping (DC)								-

L.W. Desimale tekens is weggelaat

\*  $p \leq 0,01$

Die korrelasiekoëffisiënte in Tabel 5.4 toon aan dat:

a) verbande tussen vyf van die agt voorspeller veranderlikes, naamlik persoonlike bevoegdheid, selfbeoordeling, beoordeling van gesinsondersteuning, beoordeling

van algemene sosiale ondersteuning asook koherensiesin en die kriterium (*lewenstevredenheid*) van SAPD-lede in hoërisiko-eenhede voorkom, wat op die 1%-peil beduidend is. Die korrelasiekoëffisiënte tussen hierdie vyf voorspeller veranderlikes en die kriterium veranderlike is positief en dit dui daarop dat hoe hoër die SAPD-lede in hoërisiko-eenhede se vlakke van *persoonlike bevoegdheid, selfbeoordeling, beoordeling van gesinsondersteuning, beoordeling van algemene sosiale ondersteuning asook koherensiesin* is, hoe hoër is hulle lewenstevredenheid. Die voorspeller veranderlike wat die hoogste verband met lewenstevredenheid toon, is persoonlike bevoegdheid met 'n korrelasiekoëffisiënt van 0.46. Voorts is korrelasiekoëffisiënte van 0.42 vir beoordeling van algemene sosiale ondersteuning, 0.37 vir koherensiesin, 0.34 vir selfbeoordeling en 0,28 vir gesinsbeoordeling aangetoon. Nie een van die coping veranderlikes (probleem-gefokusde coping, emosie-gefokusde coping of destruktiewe coping), het 'n beduidende verband met lewenstevredenheid getoon nie.

b) verder is dit duidelik dat die voorspeller veranderlikes met die uitsondering van destruktiewe coping (DC), onderling redelik hoog met mekaar korreleer. Die bevinding kan daaraan toegeskryf word dat al die voorspeller veranderlikes, met die uitsondering van destruktiewe coping, positiewe en aanverwante konstrakte van psigologiese welstand verteenwoordig. 'n Redelike hoë interkorrelasie van 0.73 kom voor tussen probleem-gefokusde coping en emosie-gefokusde coping, wat die onderlinge verwantskap tussen probleem-gefokusde strategieë en emosie-gefokusde strategieë beklemtoon.

Vervolgens is ondersoek ingestel na die mate waarin die *fortigene faktore* die variansie in die SAPD-lede wat in hoërisiko-eenhede werk, se vlak van *lewenstevredenheid* kan verklaar. Soos aangetoon in paragraaf 4.7 sal bepaal word of die bydrae van 'n spesifieke veranderlike tot die  $R^2$ -waarde statisties beduidend is. Hiervoor sal die hiërargiese  $F$ -toets gebruik word. Indien statisties beduidende resultate verkry word, sal praktiese beduidendheid van die resultate ook ondersoek word en wel deur die effekgroottes ( $f^2$ ) te bereken. Die volgende riglynwaares kan



volgens Cohen (Steyn, 1999) gebruik word om die effekgroottes te beoordeel, naamlik 0,02 as 'n klein, 0,15 as 'n medium en 0,35 as 'n groot effekgrootte.

Om die biografiese veranderlikes in die regressie-ontleding te kon benut, is dit na skynveranderlikes geherkodeer. Die drie biografiese veranderlikes (geslag, huistaal en huwelikstatus) het slegs twee kategorieë en gevolglik is die verskillende kategorieë as 1 en 0 gekodeer.

Die resultate van die hiërgargiese regressie-ontledings word vir die ondersoekgroep in Tabel 5.5 aangetoon.

**Tabel 5.5: Bydraes van die verskillende fortigene faktore tot die verklaring van die variansie in lewenstevredenheid van SAPD-lede**

Veranderlikes in ontleding	Veranderlike uitgelaat	R <sup>2</sup>	Bydrae tot R <sup>2</sup>	F	p
1. pb+sb+gb+ab+ks+pf+ef+ds+gs+tl+hs	-	0,4088			
2. pb+sb+gb+ab+ks+pf+ef+ds+gs+tl	hs	0,3709	0,0379	21,06*	0,06
3. pb+sb+gb+ab+ks+pf+ef+ds+gs+hs	tl	0,3978	0,0110	6,11	
4. pb+sb+gb+ab+ks+pf+ef+ds+tl+hs	gs	0,3984	0,0104	5,78	
5. pb+sb+gb+ab+ks+pf+ef+gs+tl+hs	ds	0,3966	0,0122	6,58	
6. pb+sb+gb+ab+ks+pf+ds+gs+tl+hs	ef	0,4021	0,0067	3,72	
7. pb+sb+gb+ab+ks+ef+ds+gs+tl+hs	pf	0,3785	0,0303	16,83*	0,05
8. pb+sb+gb+ab+pf+ef+ds+gs+tl+hs	ks	0,4073	0,0015	0,83	
8. pb+sb+gb+ks+pf+ef+ds+gs+tl+hs	ab	0,3684	0,0404	22,44*	0,07
9. pb+sb+ab+ks+pf+ef+ds+gs+tl+hs	gb	0,4071	0,0017	0,94	
10. pb+gb+ab+ks+pf+ef+ds+gs+tl+hs	sb	0,4069	0,0019	1,06	
11. sb+gb+ab+ks+pf+ef+ds+gs+tl+hs	pb	0,3147	0,0941	52,28*	0,16

Sleutel: [pb=persoonlike bevoegdheid; sb=selfbeoordeling; gb=beoordeling v. gesinsondersteuning; ab=beoordeling v. algemene sosiale ondersteuning; ks=koherensiesin; pf=probleem-gefokusde coping; ef=emosie-gefokusde coping; ds=destruktiwe coping; gs=geslag; tl=huistaal en hs=huwelikstatus]

\*  $p \leq 0,01$

Die resultate in Tabel 5.5 dui eerstens aan dat al die voorspeller veranderlikes gesamentlik 40,88% ( $R^2 = 0,4088$ ) van die variansie in **lewenstevredenheid** van die SAPD-lede in hoërisiko-eenhede verklaar. Hierdie berekende  $R^2$ -waarde is op die 1%-peil beduidend [ $F = 4,904$ ;  $p = 0,0001$ ].

Wanneer die bydraes van die individuele voorspellers tot  $R^2$  ondersoek word, is dit duidelik dat vier veranderlikes, naamlik **huwelikstatus (hs)**, **probleem-gefokusde coping (pf)**, **beoordeling van algemene sosiale ondersteuning (ab)** en **persoonlike bevoegdheid (pb)** op hul eie 'n statisties beduidende bydrae (op die

1%-peil) tot die verklaring van die variansie in lewenstevredenheid van die SAPD-lede in hoërisiko-eenhede lewer. Huwelikstatus verklaar 3,79%, probleem-gefokusde coping 3,03%, beoordeling van algemene sosiale ondersteuning 4,04% en persoonlike bevoegdheid 9,41% van die variansie in die SAPD-lede se lewenstevredenheid. Hierdie bevindinge toon dat persoonlike bevoegdheid die beste voorspeller van lewenstevredenheid van polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede is. Die resultate dui voorts daarop dat ten minste een voorspeller veranderlike vanuit die drie stelle voorspeller veranderlikes wat vir die doeleindes van hierdie studie ondersoek is, 'n statisties beduidende bydrae tot die verklaring van die variansie in lewenstevredenheid van polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede lewer. Ten opsigte van die fortigene faktore lewer persoonlike bevoegdheid asook beoordeling van algemene sosiale ondersteuning 'n beduidende bydrae tot die verklaring van die variansie. Wat coping aanbetref, lewer probleem-gefokusde coping 'n beduidende bydrae, terwyl huwelikstatus vanuit die demografiese veranderlikes 'n beduidende bydrae tot die verklaring van die variansie in lewenstevredenheid van polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede lewer.

Na aanleiding van die riglynwaardes van die verskillende effekgroottes, is dit vanuit Tabel 5.5 duidelik dat die bydrae van persoonlike bevoegdheid 'n medium effekgrootte het, terwyl die bydraes van die ander drie voorspellers klein effekgroottes toon.

#### **5.4 SAMEVATTING**

In hierdie hoofstuk is die resultate, soos verkry uit die statistiese prosedure, uiteengesit en bespreek. Die spesifieke doelwit van die empiriese gedeelte van die ondersoek was om die bydrae van 'n aantal fortigene faktore soos persoonlike bevoegdheid, selfbeoordeling, beoordeling van gesinsondersteuning, beoordeling van algemene sosiale ondersteuning, koherensiesin, copingstrategieë asook enkele biografiese moderatorveranderlikes tot die voorspelling van die vlak van

lewenstevredenheid by polisiebeamptes werksaam in hoërisiko-eenhede te ondersoek.

'n Beduidende, positiewe verband is gevind tussen persoonlike bevoegdheid, selfbeoordeling, beoordeling van gesinsondersteuning, beoordeling van algemene sosiale ondersteuning asook koherensiesin en lewenstevredenheid by SAPD-lede in hoërisiko-eenhede. Wat die voorspelling van polisiebeamptes se lewenstevredenheid aanbetref, blyk dit dat die voorspeller veranderlikes gesamentlik ongeveer 41% van die variansie in lewenstevredenheid verklaar, wat op die 1%-peil beduidend is. Vier voorspeller veranderlikes naamlik huwelikstatus, probleem-gefokusde coping, beoordeling van algemene sosiale ondersteuning asook persoonlike bevoegdheid, lewer op hul eie 'n statisties beduidende bydrae tot die verklaring van die variansie in lewenstevredenheid by die ondersoekgroep.

In die volgende hoofstuk sal die bevindinge van die ondersoek, in samehang met die literatuur, uiteengesit word. Die hoofstuk word afgesluit met enkele aanbevelings ten opsigte van toekomstige navorsing.

## HOOFSTUK 6

### GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

#### 6.1 INLEIDING

Die literatuur toon duidelik dat die aard van polisiebeamptes se werk binne die Suid-Afrikaanse konteks asook die multidimensionaliteit van polisiestressore, negatiewe gevolge in terme van polisiebeamptes se psigologiese welstand kan inhou, indien daar nie suksesvol by hierdie eise aangepas kan word nie. Hierdie ondersoek is egter vanuit die positiewe sielkunde as metateoretiese benadering, aangepak. Dié benadering benadruk die voorkoms van positiewe kwaliteite of psigologiese sterktes wat individue in staat stel om ten spyte van negatiewe en stresvolle lewensomstandighede steeds psigologiese welstand te handhaaf.

Bogenoemde benadering vind neerslag in die salutogene paradigma asook die fortigenese/psigofortologie. Hierdie metaperspektiewe is in die voorafgaande literatuurhoofstukke bespreek. Hiernaas is ook gefokus op die konstruk psigologiese welstand en die interne disposisionele faktore sowel as die eksterne kontekstuele faktore wat 'n rol speel by die bepaling en instandhouding van psigologiese welstand, is bespreek. Die navorsingsmetode en die resultate van die ondersoek is ook uiteengesit. Die gevolgtrekkings wat uit die ondersoek voortspruit, vorm die fokus van hierdie slothoofstuk. Die tekortkominge van die studie asook enkele aanbevelings vir verdere navorsing, word ook uiteengesit.

Die hoofstuk sal aangebied word aan die hand van die doelstellings van die ondersoek en in samehang met die literatuur, verder toegelig word.



## 6.2 DOELSTELLINGS VAN DIE ONDERSOEK

Die onderhawige ondersoek is aangepak ten einde meer lig te werp op die verband tussen fortigene faktore en die psigologiese welstand van 90 polisiebeamptes werksaam in hoërisiko-eenhede.

In Hoofstuk 1 is die volgende spesifieke doelstellings vir hierdie ondersoek, gestel :

- om ondersoek in te stel na die vlak van psigologiese welstand van SAPD-lede in hoërisiko-eenhede.
  
- om die verband tussen interne persoonlike disposisionele faktore asook eksterne kontekstuele faktore, soos persoonlike bevoegdheid, selfbeoordeling, beoordeling van gesinsondersteuning, beoordeling van algemene sosiale ondersteuning, koherensiesin, copingstrategieë asook enkele demografiese moderatore en die psigologiese welstand van SAPD-lede in hoërisiko-eenhede te ondersoek.

As oorhoofse oogmerk het hierdie ondersoek ook ten doel gehad om aan die oproep tot die uitvoer van sielkundige navorsing vanuit die psigofortigene paradigma, te beantwoord.

Die bespreking van die gevolgtrekkings wat uit die ondersoek gespruit het, sal vervolgens in antwoord op bogenoemde doelstellings, bespreek word.

## 6.3 SAMEVATTENDE BESPREKING VAN GEVOLGTREKKINGS

Ten einde groter integrasie tussen die literatuurbevindinge en die spesifieke bevindinge van die onderhawige ondersoek te bewerkstellig, sal die gevolgtrekkings van die resultate van hierdie ondersoek deurgaans in samehang met die literatuur aangebied word.

### 6.3.1 Die metaperspektiewe en die polisiebeampte werksaam in hoërisiko-eenhede

Uit die literatuur blyk dit dat psigologiese welstand figureer binne die metateoretiese raamwerk van die positiewe sielkunde asook die metaperspektiewe van die salutogene paradigma (Antonovsky, 1979, 1987), fortigenese (Strümpfer, 1990, 1995) asook psigofortologie (Wissing & Van Eeden, 1998). Genoemde metaperspektiewe het ontstaan in antwoord op die beperkinge wat deur die patogene paradigma gelaat is ten opsigte van die verklaring van menslike funksionering en welstand. Hierdie benaderings ontken nie die bestaan van stresvolle en negatiewe lewensomstandighede nie. Antonovsky (1987) wys byvoorbeeld daarop dat geen omgewing daarop kan aanspraak maak om totaal stresvry te wees nie. In die literatuur is 'n breedvoerige bespreking verskaf van die dimensionaliteit van polisiestressore waarmee polisiebeamptes in hul werk te kampe het (Kroes, 1976; Koortzen, 1996; Nel, 1998; Wilson, 1993).

Voorstanders van die psigofortologiese benaderings kom, na waarnemings dat alle individue nie patologie toon onder stresvolle omstandighede nie, tot die gevolgtrekking dat sekere individue oor fortigene sterktes beskik wat hulle stresweerstandsvermoë verhoog. Hierdie sterktes stel hulle in staat om te midde van stresvolle omstandighede, steeds 'n mate van psigologiese welstand te handhaaf. Hierdie waarneming blyk ook waar te wees ten opsigte van polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede. Ten spyte van hulle deurlopende blootstelling aan gevaarlike situasies en kritiese insident stressore, toon hulle nie 'n hoër insidensie van afwesigheid as gevolg van stresverwante siektesimptomatologie as ander polisiebeamptes nie (SAPD, 2001, 2002). Dit het die onderhawige navorser beweeg om die navorsingsvrae van hierdie ondersoek te stel. In die afdeling wat volg, word hierdie vrae beantwoord aan die hand van 'n geïntegreerde aanbieding rondom die konstruk psigologiese welstand.



### **6.3.2 Psigologiese welstand en die polisiebeampte werksaam in hoërisiko-eenhede**

In hierdie afdeling sal die bevindinge rakende die eerste doelstelling van hierdie ondersoek, bespreek word.

*Doelstelling 1 : Om ondersoek in te stel na die vlak van psigologiese welstand by SAPD-lede in hoërisiko-eenhede*

Die literatuurondersoek na die aard van die konstruk psigologiese welstand, verteenwoordig 'n operasionalisering van die kriteriumveranderlike vir hierdie ondersoek. Uit die literatuur het dit geblyk dat 'n enkele, uniforme konseptualisering vir die konstruk psigologiese welstand nie bestaan nie. Dit is in die literatuurstudie geïllustreer aan die hand van verskeie modelle van psigologiese welstand (Diener et al., 1999; Ryff & Keyes, 1995; Wissing & Van Eeden, 1998; Witmer & Sweeney, 1992) asook die dimensies waaruit dit bestaan. Hierdie problematiek is ook uitgewys ten opsigte van die voorspelling van die psigologiese welstand van polisiebeamptes. Verskeie konstrunkte is in die literatuur geïdentifiseer, waarvolgens die psigologiese welstand van polisieonderzoekgroepe bepaal is. In hierdie ondersoek is aangetoon dat polisiebeamptes oor redelike vlakke van psigologiese welstand beskik, maar dat dit in vergelyking met ander onderzoekgroepe, tog laer is (Rothmann & Agathagelou, 2000; Rothmann & Strijdom, 2002).

Lewenstevredenheid as konstruk, blyk volgens Wissing en Van Eeden (1998), 'n goeie voorspeller van psigologiese welstand te wees en verwys na die kognitiewe, globale beoordeling wat individue ten opsigte van hulle lewens maak (Diener et al., 1985). Ten einde die eerste spesifieke doelstelling van hierdie ondersoek te beantwoord, is die lewenstevredenheid van polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede bepaal as aanduiding van hulle vlak van psigologiese welstand. Vir hierdie doel is gebruik gemaak van die Lewenstevredenheidskaal (SWLS) van Diener et al. (1985).

Uit die resultate kan die gevolgtrekking gemaak word dat polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede se vlak van psigologiese welstand as redelik beskou kan word. In vergelyking met ander nie-polisie ondersoekgroepe (Pavot & Diener, 1993; Wissing & Van Eeden, 1998), blyk hulle vlak van lewensvrede en dus psigologiese welstand, egter laer te wees. 'n Moontlike verklaring hiervoor kan gevind word in die geweldige hoë eise asook die unieke stressore waarmee polisiebeamptes te kampe het in die uitvoer van hulle werk. Die gevolge van onsuksesvolle hantering van hierdie stressore, kring ook wyer uit en beïnvloed polisiebeamptes in hulle hele wese (Koortzen, 1996). Dit oefen byvoorbeeld 'n negatiewe effek op hulle gesinslewe asook hulle interaksie met die breër gemeenskap uit. Dit mag moontlik daartoe bydrae dat polisiebeamptes 'n meer negatiewe beoordeling oor hierdie terreine van hulle lewens maak en gevolglik mag dit die beoordeling van hulle globale lewensvrede negatief affekteer. Die rol van bepaalde eksterne hulpbronne in die hantering van stres en lewenseise is ook in die literatuur toegelig (Antonovsky, 1979; Folkman et al., 1991; Hobfoll, 1988, 1998). Die feit dat hierdie hulpbronne nie altyd geredelik beskikbaar is vir polisiebeamptes in die uitvoer van hulle take nie, kan 'n negatiewe impak hê op die wyse waarop hulle hulle lewensomstandighede beoordeel.

Ten einde die tweede navorsingsvraag van die onderhawige studie te antwoord, word die verband tussen psigofortigene faktore en die psigologiese welstand van polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede vervolgens bespreek. Dit sal geskied aan die hand van literatuurbevindinge asook die spesifieke resultate wat hierdie ondersoek opgelewer het.

### **6.3.3 Psigofortigene faktore en psigologiese welstand by polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede**

In hierdie afdeling word die tweede doelstelling van die onderhawige ondersoek aan die hand van die bevindinge, bespreek.

*Doelstelling 2 : Om die verband tussen disposisionele faktore asook eksterne kontekstuele faktore soos persoonlike bevoegdheid, selfbeoordeling, beoordeling van gesinsondersteuning, beoordeling van algemene sosiale ondersteuning, koherensiesin, copingstrategieë asook enkele demografiese moderatore en die psigologiese welstand van polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede te ondersoek.*

In die literatuur is duidelik aangetoon dat verskeie interne disposisionele faktore sowel as eksterne moderatorveranderlikes, 'n rol speel ten opsigte van 'n individu se psigologiese welstand. In die verband is die disposisionele- en moderatorveranderlikes wat 'n invloed uitoefen op die psigologiese welstand van polisiebeamptes, aan die hand van literatuurbevindinge toegelig (Brown et al., 1996; Engelbrecht, 1999; Hobfoll, 1999; Raphael, 1996; Stephens & Long, 2000). Vanuit die literatuurbevindinge is tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie interne en eksterne veranderlikes veral 'n modererende rol speel in terme van die wyse waarop dit individue in staat stel om met stresvolle lewensomstandighede te cope en sodoende psigologiese welstand te bevorder.

Met die empiriese gedeelte van hierdie navorsingstudie, is daar gepoog om die verband tussen drie stelle voorspellersveranderlikes en die psigologiese welstand van polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede, deur middel van hiërargiese regressie-ontledings, te ondersoek. Die drie stelle voorspellers het die volgende faktore persoonlike bevoegdheid die drie subskale van fortaliteit naamlik selfbeoordeling, beoordeling van gesinsondersteuning en beoordeling van algemene sosiale ondersteuning asook koherensiesin ingesluit. Voorts is die drie hoofgroepe strategieë van die COPE-Vraelys, te wete probleem-gefokusde coping, emosie-gefokusde coping asook destruktiewe coping in die regressie-ontledings ingesluit. Die rol van geslag, huistaal asook huwelikstatus is as demografiese moderatorveranderlikes by die ondersoek ingesluit.

In antwoord op die tweede spesifieke doelstelling van die ondersoek, is daar gevind dat die voorspeller veranderlikes gesamentlik ongeveer 41% van die variansie in psigologiese welstand (lewenstevredenheid) by polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede verklaar en die bydrae is statisties beduidend op die 1%-peil. Op grond hiervan, word die gevolgtrekking gemaak dat genoemde fortigene faktore, 'n beduidende, positiewe invloed op die psigologiese welstand van polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede uitoefen.

Die bevindinge rakende die invloed van hierdie drie stelle voorspeller veranderlikes op die psigologiese welstand van polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede word vervolgens, kortliks bespreek.

**□ Die invloed van fortigene faktore op die psigologiese welstand van die ondersoekgroep**

'n Positiewe verband is gevind tussen al die fortigene faktore wat in hierdie studie gebruik is en die psigologiese welstand van polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede. Die verbande was almal statisties beduidend op die 1%-peil. Die gevolgtrekking word dus gemaak dat hoe hoër polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede se vlakke van persoonlike bevoegdheid, selfbeoordeling, beoordeling van gesinsondersteuning, beoordeling van algemene sosiale ondersteuning asook koherensiesin is, hoe hoër is hulle vlakke van psigologiese welstand.

Op grond van die statisties beduidende, positiewe verband op die 1%-peil, tussen persoonlike bevoegdheid en psigologiese welstand, word die gevolgtrekking gemaak dat polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede wat 'n gevoel van bemeestering oor die self en die omgewing ervaar, 'n hoër mate van psigologiese welstand sal ervaar. Die resultate van die empiriese ondersoek wys daarop dat persoonlike bevoegdheid met 9.41% , die grootste bydrae tot die verklaring van die variansie in psigologiese welstand by polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede gemaak het. In die literatuur is die gesondheidsonderhoudende rol van die konstruk asook die

stresvermindingsrol ten opsigte van omgewingsveranderlikes, deur onder meer Pretorius (1997), aangetoon.

In vergelyking met ander ondersoekgroepe blyk dit uit die resultate dat die vlak van persoonlike bevoegdheid van polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede, gunstig vergelyk met dié van ander groepe. Die gevolgtrekking word dus gemaak dat polisiebeamptes wat hulself en hulle werkomgewings kan bemeester, hoër vlakke van persoonlike bevoegdheid ervaar wat hulle in staat stel om psigologies meer gesond te wees. Dié bevinding bevestig die feit dat bepaalde individue in die ondersoekgroep, oor die nodige persoonlike sterktes en hanteringsmeganismes beskik (selfbemeestering) ten einde hulle in staat te stel om hulle omgewings te bemeester. Die werksaamhede van die hoërisiko-eenhede behels spesialiteitsvelde, wat dikwels gepaard gaan met spesifieke en gespesialiseerde opleiding. Dit kan daartoe bydrae en as moontlike verklaring dien waarom hierdie polisiebeamptes 'n groter mate van persoonlike bevoegdheid ervaar.

'n Statisties beduidende, positiewe verband is tussen selfbeoordeling, beoordeling van gesinsondersteuning en beoordeling van algemene sosiale ondersteuning en psigologiese welstand gevind. Die gevolgtrekking word dus gemaak dat polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede wat oor hoë vlakke van fortaliteit beskik, 'n positiewe beoordeling van hulself en hulle belewingswêreld het. Hulle beskik gevolglik oor die nodige psigiese krag asook selfvertroue om die lewenseise wat aan hulle gestel word, te oorkom. In die literatuur is bevestiging gevind vir die gesondheidsonderhoudende rol wat fortaliteit ten opsigte van lewenstevredenheid speel asook die negatiewe korrelasie daarvan met indekse van stresverwante simptomatologie (Pretorius, 1997). Beoordeling van algemene sosiale ondersteuning het op sigself, 4.04% van die variansie in lewenstevredenheid by polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede verklaar. Hierteenoor het selfbeoordeling en beoordeling van gesinsondersteuning, nie 'n betekenisvolle bydrae tot die variansie in die verklaring van psigologiese welstand, bygedra nie.

Die gemiddelde tellings wat die ondersoekgroep op die drie subskale van fortaliteit behaal het, vergelyk redelik gunstig met die bevindinge in die literatuur, maar is steeds effens laer as dié van ander ondersoekgroepe. Die feit dat polisiebeamptes 'n nie-juridiese rol moet vervul, waarvoor hul nie altyd voldoende toegerus is nie, lei moontlik tot die ontstaan van kwalitatiewe werkoormoed (Kroes, 1976). Dit mag veroorsaak dat polisiebeamptes nie aan hierdie verwagtinge kan voldoen nie. Dit mag gevolglik daarin resulteer dat hulle hulself negatief beoordeel. In die literatuur is daarop gewys dat polisiebeamptes dikwels 'n sogenaamde werkspersoonlikheid ontwikkel, wat gekenmerk word deur 'n ingeperkte affek, gehardheid en sinisme. Hul slaag dikwels nie daarin om buite werksure hiervan ontslae te raak nie en dit impakteer negatief op hul gesins- en ander sosiale verhoudings. Hierdie werkspersoonlikheid manifesteer byvoorbeeld in misplaaste woede, aggressie, huwelikskonflik, negatiewe interaksie met die publiek asook gevoelens van isolasie en vervreemding van ander (Kroes; Nel, 1998; Wilson, 1993). Bogenoemde dien as moontlike verklaring waarom polisiebeamptes laer beoordelings maak ten opsigte van hulself, hulle gesinsondersteuning asook algemene sosiale ondersteuning.

Die statisties beduidende, positiewe verband wat tussen koherensiesin en lewenstevredenheid gevind is, lei tot die gevolgtrekking dat polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede wat die interne sowel as eksterne stimuli in hul omgewing as verstaanbaar, hanteerbaar en betekenisvol sien, beter in staat is om die stressore van die lewe te hanteer en psigologies gesond te bly (Antonovsky, 1987). Soortgelyke resultate is in die literatuur aangedui ten opsigte van die verband tussen 'n sterk koherensiesin en indekse van psigologiese welstand asook 'n negatiewe verband tussen 'n hoë koherensiesin en lewenstres asook sielkundige simptomatologie (Flannery & Flannery, 1990; Helmand, 2001; Strümpfer et al., 1998). In 'n vergelyking van die resultate wat vir die ondersoekgroep ten opsigte van hierdie konstruk gevind is, blyk dit dat polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede se koherensiesin laer is as dié van ander ondersoekgroepe, maar gunstig vergelyk met tellings wat deur ander polisieondersoekgroepe behaal is. Koherensiesin bepaal die mate waartoe 'n persoon in staat is om die stressore waarmee hy/sy gekonfronteer

word, akkuraat op te som en toepaslike hulpbronne te kies ten einde hierdie stressore suksesvol te hanteer (Antonovsky, 1979,1987).

'n Moontlike verklaring vir die laer vlakke van koherensiesin waaroor polisiebeamptes in hierdie ondersoekgroep beskik, kan gevind word in die aard van hulle werk. In die literatuur is melding gemaak van die feit dat polisiebeamptes deurlopend blootgestel word aan toenemende geweld en gevaar, die onvoorspelbaarheid van situasies, weersinwekkende en traumatiese gebeure, gebrek aan hulpbronne en negatiewe publieke houdings (Brümmer, 2002; Koortzen, 1996; Kroes, 1976; Nel, 1998; Peltzer, 2001; Roosendaal, 2002). Die negatiewe en dikwels sinlose aard van hierdie traumatiese insidente, mag veroorsaak dat polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede, hierdie gebeure as minder verstaanbaar, hanteerbaar en betekenisvol sien, wat hulle koherensiesin negatief mag beïnvloed. Koherensiesin alleen, het geen betekenisvolle bydrae gelewer tot die voorspelling van die variansie in psigologiese welstand by polisiebeamptes van hierdie ondersoekgroep nie.

#### **□ Copingstrategieë en die welstand van die ondersoekgroep**

Geeneen van die onderskeie copingstrategieë (probleem-gefokusde coping, emosie-gefokusde coping of destruktiewe coping) het 'n verband getoon met psigologiese welstand by polisiebeamptes in hoë-risiko-eenhede nie. Probleem-gefokusde coping het egter op sigself, 3.03% tot die verklaring van die variansie in psigologiese welstand by die ondersoekgroep, bygedra. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat polisiebeamptes wat van probleem-gefokusde coping gebruik maak, beter in staat sal wees om psigologiese welstand te handhaaf. Die hoë positiewe interkorrelasie wat tussen probleem-gefokusde coping en emosie-gefokusde coping vir die ondersoekgroep gevind is, dui daarop dat lede van die ondersoekgroep in hoërisiko-eenhede wat in 'n hoë mate van probleem-gefokusde coping gebruik maak, ook in 'n hoë mate van emosie-gefokusde copingstrategieë gebruik sal maak. In die literatuur is aangetoon dat stresvolle situasies individue beweeg om gewoonlik

van alle moontlike copingstrategieë gebruik te maak ten einde die situasie te hanteer (Violanti, 1992). Die feit dat polisiebeamptes se werk dikwels as baie stresvol beskou kan word, dien as moontlike verklaring vir hierdie bevinding. Voorts wys Lazarus en Folkman (1984) daarop dat probleem-gefokusde coping domineer wanneer individue voel dat hulle iets aan die situasie kan doen. Hierteenoor oorheers emosie-gefokusde coping wanneer die individu van mening is dat die stressor iets is wat verduur moet word. Op grond hiervan word die gevolgtrekking gemaak dat daar aspekte in polisiebeamptes se werksaamhede is, waaraan hul aktief kan aandag gee byvoorbeeld die ondersoek van sake, terwyl ander take soos die konfrontasie met trauma, verminking en die dood, nie verander kan word nie, maar bloot verduur moet word.

Die vergelyking van die afsonderlike copingstrategieë waarvan die ondersoekgroep gebruik maak, wys daarop dat polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede se keuse van copingstrategieë gunstig vergelyk met dié van ander ondersoekgroepe (Carver et al., 1989; Martin, 1998). Die resultate van die ondersoek dui daarop dat polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede die meeste gebruik maak van beplanning, keer na religie, positiewe herinterpretasie en groei, aktiewe coping asook die soek van sosiale ondersteuning vir instrumentele redes. Copingstrategieë wat die minste gebruik word, sluit geestesonttrekking, gedragsonttrekking en ontkenning, in. Die ondersoekgroep se hoë werklading asook onsekerhede ten opsigte van verandering en organisatoriese aspekte, mag as rede dien waarom hulle op groot skaal van beplanning, aktiewe coping en die soek van sosiale ondersteuning vir instrumentele redes gebruik maak. Soos voorheen vermeld, wys die literatuur daarop dat polisiebeamptes in die uitvoer van hul werk in deurlopende kontak kom met grusame en weersinwekkende tonele (Brümmer, 2002; Nel, 1998; Peltzer, 2001). Hierdeur word hulle gekonfronteer met verminking en die dood asook blootstelling aan die trauma van slagoffers van geweld, waaronder verkragte en gemolesteerde kinders. Weens die negatiewe en sinloosheid hiervan, blyk dit dat keer na religie en positiewe herinterpretasie en groei, moontlik effektiewe strategieë is om polisiebeamptes van die ondersoekgroep in staat te stel om hierdie situasies te



hanteer. Die gevolgtrekking wat op grond van die resultate gemaak kan word, is dat polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede in 'n hoë mate van effektiewe probleem-gefokusde asook emosie-gefokusde copingstrategieë gebruik maak en destruktiewe copingmeganismes tot 'n redelike mate vermy. Die bevindinge verskil van veral bevindinge dat alkohol- en dwelmverwante copinggedrag, algemeen onder polisiebeamptes voorkom.

#### **□ Demografiese veranderlikes en die psigologiese welstand van die ondersoekgroep**

In die literatuur is aangedui dat demografiese moderatore 'n rol mag speel in die mate waartoe psigologiese welstand ervaar word. In die onderhawige ondersoek, kon geen beduidende verskille ten opsigte van psigologiese welstand vir die verskillende kategorieë van die demografiese veranderlikes gevind word nie. In ooreenstemming met literatuurbevindinge, toon mans en vrouens in die ondersoekgroep ongeveer dieselfde vlak van psigologiese welstand (Diener et al., 1999). Voorts is bevind dat polisiebeamptes in die ondersoekgroep wat 'n Afrikataal as huistaal gebruik, hoër vlakke van psigologiese welstand ervaar as dié wat Afrikaans/Engels as huistaal gebruik. Dit verskil van die bevindinge van Wissing en Van Eeden (1998) wat in die literatuur aangedui is. In hierdie ondersoek het huwelikstatus, 3.79% tot die verklaring van die variansie in psigologiese welstand by polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede bygedra. In teenstelling met die bevindinge in die literatuur (Meyers, 2000; Mookherjee, 1997), toon ongetroude polisiebeamptes in hierdie ondersoekgroep hoër vlakke van psigologiese welstand as getroudes. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die negatiewe effek wat onsuksesvolle coping met werkstressore, op die huweliks- en gesinslewe van die polisiebeampte tot gevolg het. Uit die literatuur het dit geblyk dat polisiebeamptes se werkspersoonlikheid kan resulteer in 'n ingeperkte affek, woedeuitbarstings en huwelikskonflik (Kroes, 1976; Nel, 1998; Wilson, 1993). Die gevolgtrekking kan gemaak word dat polisiebeamptes in die ondersoekgroep weens die bykomende spanning wat konflik in hulle intieme verhoudings op hulle plaas, hierdie domein van hulle lewens negatief beïnvloed. Dit

mag die wyse waarop hulle hul globale lewenstevredenheid beoordeel, negatief affekteer.

Om aan die oorkoepelende doelstelling van hierdie ondersoek, naamlik die oproep tot die uitvoer van sielkundige navorsing vanuit die psigofortigene paradigma te beantwoord, word die bydrae van hierdie ondersoek kortliks in 'n samevatting van die bevindinge, bespreek.

□ Die onderhawige ondersoek het aangetoon dat sekere polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede, ten spyte daarvan dat hulle werk gekenmerk word deur stresvolle omstandighede, steeds in staat is om 'n redelike mate van psigologiese welstand te handhaaf. Dit bevestig die standpunt van die psigofortologie dat individue, ten spyte van negatiewe lewensomstandighede, steeds oor bepaalde sterktes beskik, wat hulle in staat stel om psigologiese welstand te handhaaf.

□ 'n Positiewe verband is gevind tussen persoonlike bevoegdheid, selfbeoordeling, beoordeling van gesinsondersteuning, beoordeling van algemene sosiale ondersteuning asook koherensiesin en psigologiese welstand by polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede. Voorts het probleem-gefokusde coping asook huwelikstatus op hul eie, 'n statisties beduidende bydrae tot die verklaring van die variansie in psigologiese welstand van hierdie polisiebeamptes, gelewer. Die studie lewer in dié verband dus 'n bydrae tot die identifisering van die konstrunkte of disposisionele faktore wat 'n verband toon met psigologiese welstand.

□ Die ondersoek het aangetoon dat 'n kombinasie van verskillende stelle voorspellers vanuit die psigofortigene benadering, 'n bydrae lewer tot die verklaring van die variansie in psigologiese welstand van die ondersoekgroep. Daar is bevind dat persoonlike disposisionele faktore, copingstrategieë asook demografiese moderatorveranderlikes in kombinasie, 'n rol speel ten opsigte van die voorspelling van psigologiese welstand van polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede. Die redelike hoë interkorrelasies wat tussen al die voorspellers, met die uitsondering van

destruktiwe coping, gevind is, versterk die algemene standpunt wat in die literatuur gehuldig word dat psigologiese welstand nie 'n uniforme konstruk is nie, maar uit verskeie verbandhoudende dimensies en faktore bestaan.

Die resultate van hierdie ondersoek moet egter geïnterpreteer word in die lig van die leemtes van die studie, wat vervolgens kortliks bespreek sal word. Die hoofstuk word hierna afgesluit met 'n bespreking van enkele aanbevelings vir verdere navorsing.

## **6.4 TEKORTKOMINGE VAN DIE STUDIE EN AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING**

### **6.4.1 Tekortkominge van die studie**

Die volgende tekortkominge is in hierdie ondersoek, geïdentifiseer :

- Die beskikbaarheidsteekproefgrootte van 90 respondente, getrek vanuit twee areas in die Vrystaat, is relatief klein. Dit kon moontlik die statistiese beduidendheid van die resultate beïnvloed het. Die bevindinge van hierdie ondersoek sou ook nie sonder meer na die breër populasie van polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede (of algemene funksionele polisiebeamptes) uitgebrei kon word nie.
- Weens die beperkte grootte van die ondersoekgroep, kon alle voorspeller veranderlikes nie in die regressie-ontledings ingesluit word nie, aangesien dit die statistiese beduidendheid verder sou kon beïnvloed. As gevolg van die kombinerings van die copingstrategieë in drie groepe, kon die volle waarde van spesifieke copingstrategieë nie ten volle ondersoek word nie.
- Die bepaling van die betroubaarheid en geldigheid van die meetinstrumente wat in hierdie studie gebruik is, is nie uitgevoer nie. Die betroubaarheid van die resultate moet dus in die lig hiervan geïnterpreteer word.

#### 6.4.2 Aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing

Op grond van die resultate van hierdie ondersoek, word die volgende aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing gemaak :

- Die voorspellers wat in hierdie ondersoek gebruik is, verklaar gesamentlik slegs ongeveer 41% van die voorspelling van die variansie in psigologiese welstand van die ondersoekgroep. In toekomstige navorsing kan 'n kombinasie van hierdie veranderlikes, in samehang met ander veranderlikes vanuit die psigofortigene benadering wat nie in hierdie ondersoek ingesluit is nie, verder ondersoek word. Fortigene faktore soos persoonlikheidsgehardheid, selfdoeltreffendheid en selfagting, sou in toekomstige studies ingesluit kon word.
- In studies met groter ondersoekgroepe sou die spesifieke verband tussen die verskillende copingstrategieë en psigologiese welstand verder ondersoek kon word.
- In die onderhawige ondersoek is die rol van verdedigingsmeganismes ten opsigte van polisiebeamptes se coping met stresvolle en weersinwekkende werksomstandighede nie ondersoek nie. Die relatiewe bydrae wat copingstrategieë asook verdedigingsmeganismes lewer tot polisiebeamptes se coping met traumaverwante insidente en die voorspelling daarvan ten opsigte van traumaverwante simptomatologie, sou in verdere navorsing ondersoek kon word.
- Longitudinale studies sou onderneem kon word om die invloed van polisiewerk, as 'n situasionele veranderlike, op die psigologiese welstand van polisiebeamptes te ondersoek. Nuwe polisie-rekrute se vlak van psigologiese welstand asook die voorspellers daarvan, kan met toetrede tot die SAPD, gemeet word. Na voldoende blootstelling aan die dimensionaliteit van polisiestressore, kan dieselfde individue weer ten opsigte van hulle psigologiese welstand en die voorspellers daarvan, herevalueer word.

Op grond van die bevindinge en resultate van hierdie ondersoek, kan die volgende aanbevelings ten opsigte van keuring- en intervensieprogramme binne die SAPD, gemaak word :

□ In die lig van die positiewe verband wat tussen bepaalde konstrunkte en polisiebeamptes se vermoë om stresvolle omstandighede te hanteer en steeds psigologies gesond te bly, gevind is, sou konstrunkte soos koherensiesin, persoonlike bevoegdheid en fortaliteit in die keuring van polisiebeamptes ingesluit kon word.

□ Persoonlike bevoegdheid, wat dui op die persoon se bemeestering oor homself en sy omgewing, was die beste voorspeller van psigologiese welstand by polisiebeamptes in hoërisiko-eenhede. Sielkundige intervensieprogramme gemik op die verbetering van polisiebeamptes se gevoel van bevoegdheid en aanverwante konstrunkte soos selfagting en selfvertroue, sou ontwikkel en geïmplementeer kon word ten einde polisiebeamptes se psigologiese welstand te verbeter. Voldoende en voortgesette beroepsverwante opleiding sou polisiebeamptes se gevoel van bemeestering oor huself en hul omgewing, ook positief kon beïnvloed.

□ Die ondersoek het aangetoon dat probleem-gefokusde coping 'n bydrae lewer tot die voorspelling van psigologiese welstand by die ondersoekgroep. Copingprogramme wat hierdie strategieë beklemtoon, sou ontwikkel en aangebied kon word.

□ Beoordeling van algemene sosiale ondersteuning asook beoordeling van gesinsondersteuning het 'n positiewe verband getoon met psigologiese welstand. Polisiebeamptes kan aangemoedig word om van sosiale ondersteuningstrukture binne die SAPD, maar ook in hul gesinne en die gemeenskap gebruik te maak. Huweliksverrykingsprogramme asook konflikthanteringsprogramme sou die domein van gesinsondersteuning positief kon beïnvloed. Binne die SAPD kan die kollega-sensitiwiteitsprogram asook die sogenaamde "buddy" sisteem onder kollegas, verder

versterk word. Meer aggressiewe bemerking en 'n meer effektiewe diens deur die onderskeie hulpprofessies binne die SAPD sou 'n bydrae kon lewer tot die verbetering van die psigologiese welstand van polisiebeamptes. In die verband word gedink aan gereelde ontlootings en die implementering van intervensieprogramme by alle hoërisiko-eenhede.

## VERWYSINGSLYS

---

- Allport, G.W. (1955). *Becoming : Basic considerations for a psychology of personality*. New Haven, CT: Yale University Press.
- American Psychiatric Association (APA). (1994). *Diagnostic and statistical manual of mental disorders* (4<sup>th</sup> ed.). Washington D.C.: APA.
- Anastasi, A. (1982). *Psychological Testing*. New York: Macmillan.
- Andersen, H.S., Christensen, A.K. & Petersen, G.O. (1991). Post-traumatic stress reactions amongst rescue workers after a major rail accident. *Anxiety Research*, 4, 245-251.
- Anshel, M.H., Robertson, M. & Caputi, P. (1997). Sources of acute stress and their appraisals and reappraisals among Australian police as a function of previous experience. *Journal of Occupational and Organizational Psychology*, 70, 337-356.
- Antonovsky, A. (1979). *Health, stress and coping*. San Francisco: Jossey-Bass.
- Antonovsky, A. (1987). *Unravelling the mystery of health : How people manage stress and stay well*. San Francisco: Jossey-Bass.
- Antonovsky, A. (1993). The structure and properties of the sense of coherence scale. *Social Science and Medicine*, 36(6), 725-733.
- Bandura, A. (1986). *Social foundations of thought and action : A social-cognitive theory*. Englewood Cliffs, NJ: Prentice Hall.

- Beehr, T.A., Johnson, L.B. & Nieva, R. (1995). Occupational stress : coping of police and their spouses. *Journal of Organizational Behavior*, **16**, 3-25.
- Bezuidenhout, C. & Theron, A. (2000). Attitudes of male and female police officers towards the role of female police officers. *Acta Criminologica*, **13**(3), 19-31.
- Billings, A.G. & Moos, R.H. (1984). Coping, stress, and social resources among adults with unipolar depression. *Journal of Personality and Social Psychology*, **46**(4), 877-891.
- Bliese, P.D. & Britt, T.W. (2001). Social support, group consensus and stressor-strain relationships : social context matters. *Journal of Organizational Behavior*, **22**, 425-436.
- Bowman, B.J. (1996). Cross-cultural validation of Antonovsky's sense of coherence scale. *Journal of Clinical Psychology*, **52**(5), 547-549.
- Bowman, B.J. (1997). Cultural pathways toward Antonovsky's sense of coherence. *Journal of Clinical Psychology*, **53**(2), 139-142.
- Brannon, L. & Feist, J. (1997). *Health Psychology : An introduction to behavior and health* (3<sup>rd</sup> ed.). Pacific Grove : Brooks/Cole.
- Brown, J., Cooper, C. & Kirkcaldy, B. (1996). Occupational stress among senior police officers. *British Journal of Psychology*, **87**, 31-41.
- Brümmer, W. (2002, Oktober). Mite of feit ? *Insig*, p. 42-43.
- Burgers, T.J. (1994). Facing the enemy. *Indicator South African*, **12**(1), 5-8.
- Cacioppe, R.L. & Mock, P. (1985). *Developing the police officer at work*. West Yorkshire: MCB University Press.



Campbell, A., Converse, P.E., Miller, W.E. & Stokes, D.E. (1960). *The American Voter*. New York: Wiley.

Carver, C.S. & Scheier, M.F. (1994). Situational coping and coping dispositions in a stressful transaction. *Journal of Personality and Social Psychology*, **66**(1), 184-195.

Carver, S.C., Scheier, M.F. & Weintraub, J.K. (1989). Assessing coping strategies: A theoretically based approach. *Journal of Personality and Social Psychology*, **56**(2), 267-283.

Coetzee, S.C. & Rothmann, S. (1999). Die verband tussen koherensiesin en werkstevredenheid by bestuurders. *Tydskrif vir Bedryfsielkunde*, **25**(2), 31-38.

Colley, N.D. (1995). *An evaluation of the Debriefers Model of the South African Police Service as a Crisis Intervention Tool*. Unpublished masters thesis, University of Stellenbosch.

Costa, P.T., Jr. & McCrae, R.R. (1980). Influence of extraversion and neuroticism on subjective well-being : Happy and unhappy people. *Journal of Personality and Social Psychology*, **38**(4), 668-678.

David, J.P. & Suls, J. (1999). Coping efforts in daily life : Role of big five traits and problem appraisals. *Journal of Personality*, **67**(2), 265-294.

Davidson, M.J. & Veno, A. (1980). Stress and the policeman. In C.L. Cooper & J. Marshall (Eds), *White collar and professional stress* (pp.131-166). Chichester: John Wiley & Sons.

Dean, A. (1986). Measuring psychological resources. In N. Lin, A. Dean & W. Ensel (Eds), *Social support, life events and depression* (pp. 97-111). Orlando, FL: Academic Press.

Diener, E. (1984). Subjective well-being. *Psychological Bulletin*, **95**(3), 542-575.

Diener, E. (2000). Subjective well-being : The science of happiness and a proposal for a national index. *American Psychologist*, **55**(1), 34-43.

Diener, E., Emmons, R.A., Larsen, R.J. & Griffin, S. (1985). The Satisfaction with Life Scale. *Journal of Personality Assessment*, **49**(1), 71-75.

Diener, E. & Fujita, F. (1995). Resources, personal strivings, and subjective well-being: A nomothetic and idiographic approach. *Journal of Personality and Social Psychology*, **68**(5), 926-935.

Diener, E., Suh, E.M., Lucas, R.E. & Smith, H.L. (1999). Subjective well-being : Three decades of progress. *Psychological Bulletin*, **125**(2), 276-302.

Du Preez, G.T. & Prinsloo, J.H. (1994). Die beroepsbeeld van die Suid-Afrikaanse Polisie. *Acta Criminologica*, **7**(1), 61-78.

Engelbrecht, E.H.F. (1999). *Die rol van sielkundige welsyn in die verband tussen beroepspanning en stresverwante simptomatologie by polisiebeamptes*. Ongepubliseerde magister skripsie, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

Feldman Barrett, L.A. & Russell, J.A. (1998). Independence and bipolarity in the structure of current affect. *Journal of Personality and Social Psychology*, **74**(5), 967-984.

Flannery, R.B. & Flannery, G.J. (1990). Sense of coherence, life stress, and psychological distress : A prospective methodological inquiry. *Journal of Clinical Psychology*, **46**(4), 415-420.

Florian, V., Mikulincer, M. & Taubman, O. (1995). Does hardiness contribute to mental health during a stressful real-life situation? The roles of appraisal and coping. *Journal of Personality and Social Psychology*, **68**(4), 687-695.

Folkman, S., Chesney, M., McKusick, L., Ironson, G., Johnson, D.S. & Coates, J.T. (1991). Translating coping theory into an intervention. In J. Eckenrode (Ed.), *The social context of coping*. New York: Plenum Press.

Folkman, S. & Lazarus, R.S. (1985). If it changes it must be a process : Study of emotion and coping during three stages of a college examination. *Journal of Personality and Social Psychology*, **48**(1), 150-170.

Folkman, S., Lazarus, R.S., Gruen, R.J. & DeLongis, A. (1986). Appraisal, coping, health status, and psychological symptoms. *Journal of Personality and Social Psychology*, **50**(3), 571-579.

Folkman, S. & Moskowitz, J.T. (2000). Positive affect and the other side of coping. *American Psychologist*, **55**(6), 647-654.

Fouché, E. & Rothmann, S. (2001). Bestuurders in 'n openbare maatskappy se coping met transformasie. *Tydskrif vir Bedryfsielkunde*, **27**(1), 32-38.

Frankl, V.E. (1984). *Man's search for meaning*. New York: Washington Square Press.

Fredrickson, B.L. (2001). The role of positive emotions in positive psychology : The broaden-and-build theory of positive emotions. *American Psychologist*, **56**(3), 218-226.

Fujita, F., Diener, E. & Sandvik, E. (1991). Gender differences in negative affect and well-being : The case for emotional intensity. *Journal of Personality and Social Psychology*, **61**(3), 427-434.

Gulle, G., Tredoux, C. & Foster, D. (1998). Inherent and organisational stress in the SAPS : An empirical survey in the Western Cape. *South African Journal of Psychology*, **28**(3), 129-134.

Hart, P.M., Wearing, A.J. & Headey, B. (1995). Police stress and well-being : Integrating personality, coping and daily work experiences. *Journal of Occupational and Organizational Psychology*, **68**, 133-156.

Helmand, A. (2001). *Die verband tussen psigofortigene faktore, toekomstydperspektief en lewenstevredenheid by persone na traumatiese hoofbeserings*. Ongepubliseerde magister verhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Hittner, J.B. (2000). Novel methods for analyzing multifaceted personality scales: Sense of coherence and depression as an example. *The Journal of Psychology*, **134**(2), 199-209.

Hobfoll, S.E. (1986). *Stress, social support and women*. Washington, DC: Hemisphere.

Hobfoll, S.E. (1988). *The ecology of stress*. New York: Hemisphere.

Hobfoll, S.E. (1998). *Stress, culture, and community : The psychology and philosophy of stress*. New York: Plenum Press.

Hobfoll, S.E., Dunahoo, C.L., Ben-Porath, Y. & Monnier, J. (1994). Gender and coping: The dual-axis model of coping. *American Journal of Community Psychology*, **22**(1), 49-82.

Holahan, C.J. & Moos, R.H. (1985). Life stress and health : Personality, coping, and family support in stress resistance. *Journal of Personality and Social Psychology*, **49**(3), 739-747.

Holahan, C.J. & Moos, R.H. (1987). Personal and contextual determinants of coping strategies. *Journal of Personality and Social Psychology*, 52(5), 946-955.

Huysamen, G.K. (1983). *Inferensiële statistiek en navorsingsontwerp : 'n Inleiding* (4de uitg.). Pretoria: Academica.

Huysamen, G.K. (1993). *Metodologie vir die sosiale en gedragwetenskappe*. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.

Jacobs, E. (1993). Debriefing in the South African Police. In E. Jacobs & T. Raphael (Eds), *Formal Trauma Debriefing : Debriefing model* (pp.1-42). Pretoria: SAPS, National Trauma Debriefing Project.

Jansen van Vuuren, W.M. (2000). *Die verband tussen lokus van beheer, koherensiesin en psigosomatiese siektetoestande by die Suid-Afrikaanse Polisiediens in die Noord Vrystaat*. Ongepubliseerde magister skripsie, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

Jex, S.M. & Bliese, P.D. (1999). Efficacy beliefs as a moderator of the impact of work-related stressors : A multilevel study. *Journal of Applied Psychology*, 84(3), 349-361.

Jex, S.M. & Gudanowski, D.M. (1992). Efficacy beliefs and work stress : An exploratory study. *Journal of Organizational Behavior*, 13, 509-517.

Jonker, B.E. (2000). *Psigologiese welstand by rolstoelatlete*. Ongepubliseerde magister verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Jung, C.G. (1953). *Two essays on analytical psychology : The collected works* (Vol. 7). London: Routledge & Kegan Paul.

Kempen, A. (1999). Cop killings continue. *Servamus*, 92(7), 14-17.

Kobasa, S.C., Maddi, S.R. & Kahn, S. (1982). Hardiness and health: A prospective study. *Journal of Personality and Social Psychology*, 42(1), 168-177.

Koortzen, P. (1996). Die dimensionaliteit van polisie-stressore. *Acta Criminologica*, 9(2), 55-63.

Kroes, W.H. (1976). *Society's victim - the policeman : An analysis of job stress in policing*. Springfield : Charles C Thomas.

Kroes, W.H., Margolis, B.L. & Hurrell, J.J. (1974). Job stress in policemen. *Journal of Police Science and Administration*, 2(2), 145-155.

Lambrechts, D.S. & Prinsloo, J.H. (1996). The powers and functions of the South African Police service - a 'new' socio-legal perspective? *Acta Criminologica*, 9(2), 85-89.

Lang, F.R. & Heckhausen, J. (2001). Perceived control over development and subjective well-being : Differential benefits across adulthood. *Journal of Personality and Social Psychology*, 81(3), 509-523.

Lazarus, R.S. & Folkman, S. (1984). *Stress, coping and adaptation*. New York: Springer.

Lin, N., Dean, A. & Ensel, W. (1986). *Social support, life events and depression*. Orlando, FL: Academic Press.

Lyubomirsky, S. (2001). Why are some people happier than others? The role of cognitive and motivational processes in well-being. *American Psychologist*, 56(3), 239-249.

Martin, G.M. (1998). *Die evaluasie van die effektiwiteit van 'n aangepaste vorm van die "coping effectiveness training program" vir groepe binne die SAPD*. Ongepubliseerde magister skripsie, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Maslow, A.H. (1967). A theory of metamotivation : The biological rooting of the value-life. *Journal of Humanistic Psychology*, 7, 93-127.

McCrae, R.R. Costa, P.T., Jr. (1986). Personality, coping, and coping effectiveness in an adult sample. *Journal of Personality*, 54(2), 385-405.

Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. (2000). *Personologie : Van individu tot ekosisteem* (2de uitg.). Johannesburg: Heinemann.

Mookherjee, H.N. (1997). Marital status, gender, and perception of well-being. *The Journal of Social Psychology*, 137(1), 95-105.

Moos, R.H. (2002). The mystery of human context and coping: An unravelling of clues. *American Journal of Community Psychology*, 30(1), 67-88.

Myers, D.G. (2000). The funds, friends, and faith of happy people. *American Psychologist*, 55(1), 56-67.

Nel, J. (1998). *Proceedings of a national conference on police officials as victims of trauma and crises*. Ongepubliseerde verslag, Departement van Sielkunde, UNISA.

Oishi, S. & Diener, E. (2001). Re-examining the general positivity model of subjective well-being: The discrepancy between specific and global domain satisfaction. *Journal of Personality*, 69(4), 641-666.

Pavot, W. & Diener, E. (1993). Review of the Satisfaction with Life Scale. *Psychological Assessment*, 5, 164-172.

Pavot, W., Diener, E., Colvin, C.R. & Sandvik, E. (1991). Further validation of the Satisfaction with Life scale : Evidence for the cross-method convergence of well-being measures. *Journal of Personality Assessment*, 57(1), 149-161.

Peltzer, K. (2001). Stress and traumatic symptoms among police officers at a South African Police station. *Acta Criminologica*, 14(3), 52-56.

Pengilly, J.W. & Dowd, E.T. (2000). Hardiness and social support as moderators of stress. *Journal of Clinical Psychology*, 56(6), 813-820.

Plug, C., Meyer, W.F., Louw, D.A. & Gouws, L.A. (1988). *Psigologie-woordeboek* (2de uitg.). Johannesburg: Lexicon Uitgewers.

Pretorius, M. & Rothmann, S. (2001). Die verband tussen koherensiesin, lokus van beheer, selfdoeltreffendheid en werkstevredenheid. *Tydskrif vir Bedryfsielkunde*, 27(1), 25-31.

Pretorius, T.B. (1997). *Salutogenic resistance resources: The role of personal and environmental characteristics in stress-resistance*. Unpublished doctoral dissertation, University of the Orange Free State, Bloemfontein.

Pretorius, T.B. & Diedricks, M. (1994). Problem-solving appraisal, social support and stress-depression relationship. *South African Journal of Psychology*, 24(2), 86-90.

Raphael, B. (1986). *When disaster strikes : How individuals and communities cope with catastrophe*. New York : Basic Books.



Robinson, J.P. & Shaver, P.R. (1975). *Measures of social psychological attitudes*. Ann Arbor : Survey Research Center, Institute for Social Research.

Rogers, C.R. (1961). *On becoming a person : A therapist's view of psychotherapy*. London: Constable.

Roosendaal, P. (2002). SAPD-lede slagoffers van misdaad : Die eindresultaat... selfmoord. *Servamus*, **95**(7), 20-23.

Rothmann, S. & Agathagelou, A.M. (2000). Die verband tussen lokus van beheer en werkstevredenheid by senior polisiepersoneel. *Tydskrif vir Bedryfsielkunde*, **26**(2), 20-26.

Rothmann, S. & Strijdom, G. (2002). Suicide ideation in the South African Police services in the North West province. *SA Journal of Industrial Psychology*, **28**(1), 44-48.

Russell, J.A. & Carroll, J.M. (1999). On the bipolarity of positive and negative affect. *Psychological Bulletin*, **125**(1), 3-30.

Ryff, C.D. (1989). Happiness is everything, or is it ? Explorations on the meaning of psychological well-being. *Journal of Personality and Social Psychology*, **57**(6), 1069-1081.

Ryff, C.D. & Keyes, C.L.M. (1995). The structure of psychological well-being revisited. *Journal of Personality and Social Psychology*, **69**(4), 719-727.

SAS Institute (1985). *SAS user's guide : Statistics version (5<sup>th</sup> edition)*. Cary: Author.

Scheck, C.L. & Kinicki, A.J. (2000). Identifying the antecedents of coping with an organizational acquisition : A structural assessment. *Journal of Organizational Behavior*, **21**, 627-648.

Scheier, M.F., Weintraub, J.K. & Carver, C.S. (1986). Coping with stress : Divergent strategies of optimists and pessimists. *Journal of Personality and Social Psychology*, **51**(6), 1257-1264.

Schlebusch, L. (1996). Health psychology in South Africa : An introduction. *South African Journal of Psychology*, **26**(1), 1-3.

Schwarz, N. & Strack, F. (1999). Reports of subjective well-being : Judgmental processes and their methodological implications. In D. Kahneman, E. Diener & N.Schwarz (Eds), *Well-being : The foundations of hedonic psychology* (pp. 61-84). New York: Russell Sage.

Sears, D.O., Peplau, L.A. & Taylor, S.E. (1994). *Social Psychology* (8<sup>th</sup> ed.). Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice Hall.

Segerstrom, S.C., Taylor, S.E., Kemeny, M.E. & Fahey, J.L. (1998). Optimism is associated with mood, coping, and immune change in response to stress. *Journal of Personality and Social Psychology*, **74**(6), 1646-1655.

Seligman, M.E.P. (1999). The president's address (APA 1998 Annual report). *American Psychologist*, **54**(3), 559-562.

Seligman, M.E.P. & Csikszentmihalyi, M. (2000). Positive psychology : An introduction. *American Psychologist*, **55**(1), 5-14.

Sheldon, K.M. & King, L. (2001). Why positive psychology is necessary. *American Psychologist*, **56**(3), 216-217.

Spector, P.E. et al. (2001). Do national levels of individualism and internal locus of control relate to well-being : An ecological level international study. *Journal of Organizational Behavior*, **22**, 815-832.

Stephens, C. & Long, N. (2000). Communication with police supervisors and peers as a buffer of work-related traumatic stress. *Journal of Organizational Behavior*, **21**, 407-424.

Strümpfer, D.J.W. (1990). Salutogenesis: A new paradigm. *South African Journal of Psychology*, **20**(4), 265-276.

Strümpfer, D.J.W. (1995). The origins of health and strenght: From 'salutogenesis to fortigenesis'. *South African Journal of Psychology*, **25**(2), 81-89.

Strümpfer, D.J.W., Danana, N., Gouws, J.F. & Viviers, M.R. (1998). Personality dispositions and job satisfaction. *South African Journal of Psychology*, **28**(2), 92-100.

Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD). (2002). *Maandstatistiek : Alkoholverwante aanmeldings (Maatskaplikewerkdienste - Area Suid-Vrystaat)*. Ongepubliseerde dokument, SAPD: Bloemfontein.

Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD). (2002). *Maandstatistiek : stres- en stresverwante siektes (Sielkundige Dienste - Vrystaat Provinsie)*. Ongepubliseerde dokument, SAPD: Bloemfontein.

Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD). (2001). *Pligstate*. Ongepubliseerde interne skrywes, SAPD: Bloemfontein.

Taylor, S.E. & Brown, J.D. (1988). Illusion and well-being : A social psychological perspective on mental health. *Psychological Bulletin*, **103**(2), 193-210.

Thompson, J. & Solomon, M. (1991). Body recovery teams at disasters : Trauma or challenge ? *Anxiety Research*, **4**, 235-244.

Van der Pompe, G. & De Heus, P. (1993). Work stress, social support, and strains among male and female managers. *Anxiety, Stress, and Coping*, **6**, 215-229.

Van der Walt, H.S. (1980). Die wetenskaplike gebruik van inligting by voorligting en keuring vir vakleerlingopleiding. *Humanitas*, **6**(2), 85-96.

Van der Westhuizen, G.J., Monteith, J.L. de K. & Steyn, H.S. (1989). Relative contribution of different sets of variables to the prediction of the academic achievement of black students. *South African Journal of Education*, **9**(4), 769-773.

Van Heerden, T.J. (1986). *Inleiding tot die polisie-kunde*. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Van Jaarsveld, M. (2001). We honour our fallen colleagues. *Servamus*, **94**(9), 16.

Van Velden, D.P. (2001). Whole-person wellness: A philosophical approach to wellness. *The SA Journal of Natural Medicine*, **4**, 56-57.

Violanti, J.M. (1992). Coping strategies among police recruits in a high-stress training environment. *Journal of Social Psychology*, **132**(6), 717-729.

Viviers, A.M. (1999). Die persoonlikheidsoriëntasieprofiel van die salutogenies-funksionerende mens. *Tydskrif vir Bedryfsielkunde*, **25**(1), 21-26.

Viviers, A.M. & Cilliers, F. (1999). Die verband tussen salutogenese en werkoriëntasie. *Tydskrif vir Bedryfsielkunde*, **25**(1), 27-32.

Vorster, L. (1998). *'n Literatuurstudie oor werktevredenheid in die Suid-Afrikaanse Polisie*. Ongepubliseerde magister verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

Watson, D., Clark, L.A. & Tellegen, A. (1988). Development and validation of brief measures of positive and negative affect: The PANAS scales. *Journal of Personality and Social Psychology*, **54**(6), 1063-1070.

Wiebe, D.J. (1991). Hardiness and stress moderation : A test of proposed mechanisms. *Journal of Personality and Social Psychology*, **60**(1), 89-99.

Wilson, M.C. (1993). Die polisiebeampte binne die huidige Suid-Afrikaanse konteks. *Servamus*, **86**(4), 2-8.

Wissing, M.P. & Van Eeden, C. (1998). Psychological well-being: A fortigenic conceptualization and empirical clarification. In L. Schlebusch (Red.), *South Africa beyond transition : Psychological well-being*. (pp.379-393). Pretoria: PsySSA.

Witmer, J.M. & Sweeney, T.J. (1992). A holistic model of wellness and prevention over the life span. *Journal of Counselling and Development*, **71**, 140-148.

Wood, W., Rhodes, N. & Whelan, M. (1989). Sex differences in positive well-being : A consideration of emotional style and marital status. *Psychological Bulletin*, **106**, 249-264.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG